

Gerhard Ebersöhn

Boek 7 van

**Die Dag van die Here
in die Genadeverbond**

'n Kronologiese sinopsis
van die Evangelies

....

Lydingsweek
/
The Last Week

Gerhard Ebersöhn
Suite 324
Private Bag X43
Sunninghill 2157
Johannesburg
biblestudents@imagineit.co.za
<http://www.biblestudents.co.za>

2008

ISBN 978-0-620-41731-0; 978-0-620-41748-8

Lydingsweek	
Die laaste sewe dae in die lewe van Jesus	
Voorlaaste optrede in Juda	9
Neem die maand Abib waar!	9
Op, na Jerusalem!	10
Die Neerdaling het begin!	11
Aankoms	8 Vrydag
"WAar Lasarus gebly het" ^{Jh12:1}	9 Sabbat "Ses dae voor"
"Die volgende dag" ^{Jh12:12}	10 Sond 5 " " 13
"Die volgende dag" ^{Mk11:12}	11 Maand 4 " " 16
"Oor twee dae gekruisig" ^{Mt26:2}	12 Dinsd 3 " " 18
"Oor twee dae Fees" ^{Mk14:1}	13 Woens 2 " " 21
"Voorbereiding van Pasga"^{Jh19:14}	14 Dond "Voor die Fees" 23
Die dag het begin ^{Lk22:7}	^{Jh13:1} 23
Toe die uur gekom het ^{Lk22:14}	25
Gedurende die maaltyd	27
Dit was nag ^{Jh13:30}	30
Oor Donkerspruit ^{Jh18:1}	32
Plek van die wynpers ^{Mk14:32}	33
Verraai	34
Annas	37
Kajafas	38
Deur sy eie verloën	40
Pilatus	41
Herodus	43
Van Pontius na Pilatus	44
Oorgelewer 6 uur Jh19:14	47
Weggelei	48
Gekruisig	die derde uur - 9 vm 50
Duisternis	sesde uur 52
Gestorwe	negende uur 52
Teruggegaan	54
"Groot dag"^{Jh19:31}	15 Nisan Vrydag "Fees" 55
Die Jode	Die Voorbereiding 55
Josef	Hierna 56
Die Vroue	het gevolg 58
Neergelê	"namiddag" 58
Teruggegaan	59
"Sabbats"^{Mt28:1}	16 Nisan Eerste Gerf Beweeg 60
Met seël én wag "oggend ná al hulle voorbereidings"	60
"Nieteenstaande* laat Sabbatmiddag...."	62/70
.... OPSTANDING!	

Eerste Dag	17 Nisan	63
"Toe die Sabbat verby was ... gaan koop " ^{Mk16:1}		63
"Nog vroeë donkerte ... Maria sien die klip " ^{J20:1}		63
Petrus en Johannes		64
Diep nag ...	speserye ^{L24:1-10}	65
Petrus verwonderd		66
"Voor dagbreek" ^{Mk16:2}		67
"Vlug van die graf af weg " ^{Mk16:8}		68
"maar Maria, het gebly staan " ^{J20:11}		69
"sien sy Jesus " ^{J20:14}		69
vir die tuinier aan (sonop*) ^{J20:15}		69
"Hy het vroeg op die Eerste Dag eerste aan Maria Magdalena verskyn " ^{Mk16:9}		70
"Verduidelik ² die engel aan die (ander) vroue" ^{Mt28:1-5}		70
"Gaan hulle ... met groot blydskap" ^{Mt28:8}		71
"Kom Jesus hulle tee" ^{Mt28:8}		71
En die dissipels ? ^{Mk16:10}		72
En die wag ? ^{Mt28:11-15}		72
Sondagnamiddag en aand ^{Mk16:12-14}		73
* "Voorbereidings ten spyte ... Sabbats ..." ^{Mt27:62-28:4}		
** Sonop		
The first to the third day		75
Why I believe the Seventh Day Sabbath		76
The Last Week		77
May 9 2008		84
Literalness		91
Idiomatic		98
Hebreërs 4 'Sabbatsrus'		103
Opgedra aan Susan, vir haar geduld, want sonder al die jare se eise aan haar sou hierdie klein werkie onmoontlik gewees het; en aan Eunicé, wat die idee gehad het.		

¹ Jh20:11-18 pas presies tussen Mk16:8 en 9 in.

² Die Opstanding, Mt28:1, gebeur eerste, maar word laaste, "vertel" of "verduidelik".

'n Kronologie sinopsis van die Evangelies Lydingsweek

'n Paar verduidelikings

Een. Ek beperk myself tot geen besondere Vertaling nie, maar probeer om by die **essensiële van die oorspronlike** teks uit te kom. Wanneer dit spesifiek op **tydsaanduidings** aankom, beteken dit gewoonlik die **letterlikste** interpretasie moontlik is die korrekste.

Twee. **Markus** is die pasaangeér, maar plek plek neem een van die ander Evangelies oor, en moet Markus by hulle inval.

Drie. **Vergelyk** veral die benadrukte woorde met erkende Vertalings **om verskille sowel as ooreenstemming op te merk**. Die manier waarop gewoonlik vertaal word, word bepaal deur die verstaan van die vertaler(s), ook wat betref die tydsorde van gebeure en profesie van die Skrif-Woord. Ek poog om hierdie metode te vermy. Ons wil daarom die **kronologiese aspek** van vervulling van profesie met betrekking tot Jesus se **laaste Pasga**, gaan navors, om so ons bevindinge te gaan vergelyk met die **Kerk se tradisionele** verklaring van die verloop daarvan.

Voorvereiste vir, doel met, en gevolge hiervan – wat my aanbetrif – is naamlik,

“... **Om te glo**, alles wat die profete gespreek het! Moes **die Christus**, nie hierdie dinge **Iy**, en in sy **heerlikheid**, ingaan nie? En Hy het van Moses en al die profete af begin en vir hulle uitgelê, **in al die Skrifte**, die dinge wat op Hom betrekking het.”^{Lk24:27}

“Die tyd is vervul”^{Jh12:44} daarin dat Christus dit vervul het en steeds vervul.

Die Kerk begin maar altyd met '**Palm-Sondag**' as die eerste dag (10 Nisan, in Ou-Testamentiese Pasgadering) van '**Lydingsweek**', om dan met '**Opstanding-Sondag**' (of te wel 'Paas-Sondag'), af te sluit. Elke dag van hierdie laaste week in die lewe van Jesus, word dan deur die **sewe Sondae** voor Paas-Sondag, in die Verkondiging verteenwoordig. Dit is een van die sterkste tradisies van die Kerk wat in die Protestantisme én Rooms-Katolisisme bewaar gebly het.

Lydingsweek

Jesus se voorlaaste optrede in Juda “Neem die maand Abib waar!”

Jh11:43 Hy het met 'n groot stem geroep:
Lasarus, kom uit! 44 En die oorledene het
uitgekom ... Baie van die Jode wat gesien het wat
Jesus gedoen het, het tot geloof in Hom gekom.
46 Party van hulle het na die Fariseërs gegaan en
hulle vertel wat Jesus gedoen het.

47 Die owerpriesters en die Fariseërs het die Raad
byeengeroep en gesê, Wat gaan ons doen? Want
hierdie man doen baie wondertekens. 48 As ons
hom sou laat begaan, glo almal nou-nou in hom,
en kom verwoes die Romeine hierdie heiligdom en
ons volk.

49 Een van hulle, Kajafas, hoëpriester vir daardie
jaar, het vir hulle gesê, Julle verstaan nie! 50 Julle
dink nie daaroor dat dit tot ons voordeel strek dat
één man vir die volk sterf eerder as dat die hele
volk, verderf sou word nie.

51 Dit het hy nie uit homself gesê nie, maar as
hoëpriester van daardie jaar³ het hy geprofeteer,
dat Jesus vir die volk sou sterwe – 52 inderdaad

³ “Hierdie maand”, Nisan, of, ‘Abib’-‘Eerste’, “moet vir julle die eerste van die maande van die jaar wees”, Eks12:2. Ter geleentheid kon die feeskalender vir daardie jaar dalk ook vasgestel gewees het – “Neem die maand Abib waar!”, Dt16:1. Lente-dag-en-nag-ewening is volgens hemelligaambewegings vasgestel, en die eerste nuwemaan daarna, was die eerste dag van Nisan. Veertien dae later met volmaan, was dit Pasga-slagdag. Op die vyftiende – genoem ‘die sabbat’ van die Pasga – in die aand en eerste helfte van die dag, is die lam net voor middernag geëet. “Op die dag daarna”, dit is, ná die Pasgasabbat, en óp Nisan 16, moes die ‘Eersteling Gerf Beweegoffer VOOR JAWÉ’, gebring word. Alhoewel dit gladnie saak maak hoe lank presies die Jode se maande was nie, is die geskiedkundige aanduiding dat maande altyd dertig dae lank was. Aanpassing met die son-jaar was van tyd tot tyd met 'n dertende maand van onbepaalde aantal dae, gemaak. Die Pasga-datering is sekerlik die beste voorbeeld daarvan dat maande geensins met weke verband gehou het nie. Die sogenaamde ‘Sadusaiëse’ maand-berekening waar die eerste dag van die maand glo altyd op die eerste dag van die week moes val, sodat “die dag ná die sabbat” altyd die Eerste Dag van die week sou beteken het, het maar geg historiese of Bybelse voorbeeld nie. Die idee word slegs na verwys in na-Bybelse, Farisaïese en anti-Saddusaïese bronne wat die ‘astro-metriese’ siening gehandhaaf het. Die parallelle siening is maar net nog ’n strooihalpm waarna Sondag-argumentasies gryp. Wat sê Calvyn? Hy sê die bygelowigheid van die Sondag-Sabbat fanatiste is drie maal erger as die Jode se Sabbatsbygelowigheid! (Inst. 2/8/34)

nie vir hulle alleen nie, maar om die kinders van God van alle tye in versoening saam te bring.

53 **Van daardie dag af**, was hulle vasbeslote om Jesus dood te maak! 54 Daarom het Jesus nie meer openlik onder die Jode beweeg nie, maar daarvandaan (uit Jerusalem uit) **weggegaan** na die streek **naby die woestyn**, na 'n dorp, **Efraim**. Daar het Hy toe saam met sy dissipels **gewag** – 55 **die Joodse Pasga was naamlik op hande**.

En baie mense uit dié landstreek het voor die Pasga na Jerusalem opgetrek sodat hulle hulle daar kon gaan reinig.

Op, Na Jerusalem!

Mk10: 32^{/Mt20:17} **Op pad terwyl hulle opgaan na Jerusalem**,⁴ het Jesus voor hulle uitgegaan, en hulle was verbaas; en terwyl hulle volg, het hulle gevrees. En Hy het weer die twaalf^{Mt}dissipels op die pad alleen⁵ by Hom geneem en aan hulle begin vertel dié dinge wat met Hom sou gebeur.⁵ 33^{/18} Kyk, sê Hy, ons gaan op na Jerusalem⁶, en die Seun van die Mens sal oorgelewer word⁷ aan die owerpriesters en die skrifgeleerde, en hulle sal Hom tot die dood **veroordeel**^{/19} en Hom oorlewer aan die heidene; en hulle sal⁸ Hom bespot en Hom gésel en op Hom spuug⁹ en Hom

⁴ Lk17:11, “En op sy reis na Jerusalem het Hy deur Samaria en Galilea gegaan.” 19:1, “Hy het Jerigo ... deurgegaan”.

⁵ 1Pt1:19, “Christus wat duidelik vooruit geken is”

⁶ Lk13:33, “Ek moet vandag en more en die volgende dag verder gaan, want dit kan nie gebeur dat 'n profeet buite Jerusalem omkom nie.” (Verwys boek 1 deel 1, par. 5.1.1.6.2.4.8.5, bls 133; boek 1 deel 2, bls 195, 297, boek 3 / 3, par. 7.3.2.1.5, bls 202)

⁷ Eks12:3, “Op die tiende van hierdie maand (Nisan) moet julle elkeen 'n lam neem ... julle moet dit in bewaring hou tot die veertiende dag.”

⁸ Mt. Infinitief.

⁹ Eks12:5, Lv23:12, “Julle lam moet sonder smet wees”; 1Pt1:19, “'n Lam sonder gebrek en vlekkeloos”

doodmaak^{Mt. kruisig 10.}, en **op die derde dag sal Hy opstaan**¹¹.

38 Kan julle die beker drink wat ek drink, en gedoop word met die doop waarmee Ek gedoopt word? ... 45 Want^{Mt: 28, net soos} die Seun van die Mens het gekom^{Mt.} nie gekom het om gedien te word nie, maar ... om te dien¹² en sy lewe te gee as 'n losprys vir baie.

Die Neerdaling het Begin¹³

Lk19: 12, 28, 36
Die gange van God, Ps71:20, Mt12: 40, Ps68: 21, 25; 71:20; 85: 7, 'soodzein'; 'epistrefoo'; 'poreuomai'

Aankoms-Vrydag, 8 Nisan

Jh11:56 Hulle het Jesus gesoek, en waar hulle in die tempel saamgedrom het, het hulle onder mekaar gevra, Wat dink julle, Hy sal Fees toe kom, sal Hy nie?
57 Die owerspriesters en Fariseërs het toe al klaar opdrag gegee, dat sou iemand weet waar Hy was, hy dit moes aanmeld, sodat hulle Hom gevange kon neem.

¹⁰ Eks12:6, "Die veertiende van hierdie maand ... die hele vergadering moet dit (die lam) voor dit aand word, slag."

¹¹ Lv23:11, "Hy moet die gerf voor die aangesig van die HERE beweeg die dag ná die sabbat".

Volgens vers 6, is "die vyftiende dag van hierdie maand (Nisan)", die "Fees(dag)". 16 Nisan is dus "die dag ná die (Pasga)sabbat".

1Kor15:3-4, "Dat Christus vir ons sonde gesterf het volgens die Skrifte; en dat hy begrawe is, en dat Hy op die derde dag opgewek is volgens die Skrifte".

Lk13:35, "Totdat die dag kom wat julle sal sê, geseënd is Hy wat kom in die Naam van die HERE!"

¹² Lk17:12 tot 19:28

¹³ Lk19:37, 'katabasei eerksato'

Afskeid-Sabbat, 9 Nisan Ses dae voor Pasgafees

Jh12:1 Jesus het dan **ses dae voor die Pagafeesdag** in Betanië gekom waar Lasarus wat Hy uit die dood uit opgewek het, **gebly** het.¹⁴ 2 Daar het hulle vir Jesus **ete**¹⁵ gehou. Marta het bedien, en Lasarus was een van dié wat saam met Hom aangesit het. 3 Maria egter, het 'n halwe liter suiwer en kosbare nardusolie gebring, dit oor Jesus se voete uitgegiet en met haar hare opgevryf. Die hele huis is met die geur van die reukolie deurtrek.

4 Toe verwyt Judas Iskariot – een van sy dissipels, hy wat op die punt gestaan het om Hom te verraai: 5 Vir wat is hierdie reukolie nie verkoop nie? Dis maklik drie honderd silwermuntstukke werd! Dit kon vir die armes gaan!

6 Maar hy het dit gesê, nie omdat hy vir die armes omgegee het nie, maar omdat hy 'n dief was, die beursie gehou, en die inhoud daarvan verduister het.

7 Maar Jesus het hom teengegaan, Los haar uit!¹⁶ Sodat sy haar eerbetoning met die oog op die dag van my begrafnis mag onderhou! 8 Die armes het julle immers altoos onder julle, maar My het julle nie vir altyd hier nie.

9 Baie Jode het te hore gekom dat Jesus daar was, en het soontoe gegaan, nie net omrede Jesus nie, maar sodat hulle Lasarus wat Hy uit die dood uit opgewek het, kon sien. 10 Die owerpriesters het besluit om Lasarus ook om te bring 11 omdat baie Jode deur hom van daar af gegaan het en in Jesus geglo het.

¹⁴ Hier word nie van Jesus se aankoms vuit die woestyn-landstreek gespeak nie, maar van sy kuier aan huis van Lasarus in Betanië.

¹⁵ Middagete

¹⁶ Kol2:12, 15-17, "God wat hom uit die dode opgewek het ... het getriomfeer daarin ... laat niemand julle dan ordeel in ete of in drinke van Fees of Sabbatte nie!"

Afgesonderde Lam, 10 Nisan

Palm-Sondag

(Eerste dag van Jesus se 'Pasga' - 'Lyding')

Vroeg die oggend tot laat die middag

Eks12:3, 6 **Op die tiende dag** van hierdie maand¹⁷ moet hulle 'n lam **afsonder** ... en dit in bewaring hou tot die veertiende dag van hierdie maand ...

Jh12: (17 Dié wat by was toe Jesus Lasarus uit die dood opgewek het¹⁸, het dit wyd en syd verkondig. 18 Omdat hulle dan verneem het dat Hy hierdie teken gedoen het,) **12** het 'n groot menigte feesgangers **die volgende dag**¹⁹ – toe hulle verneem het dat Jesus wel na Jerusalem toe gekom het – Hom tegemoetgegaan. Hulle het **palmtakke** gevat en uit (die stad) uitgegaan om Hom (op pad) te gaan verwelkom.

Mk11:1-11 Mt21:1-11 Lk19:28-44
 1 Terwyl hulle naby Jerusalem kom,²⁰ teenoor Betfage neffens Betanië in die rigting van die Olyfberg, stuur Hy twee van sy dissipels vooruit 2 en gee hulle opdrag, Gaan na daardie dorp, Betfage, reg voor julle; en sodra julle daar inkom, sal julle 'n eselsvul^{Mt, eselin en vul by haar} vind wat vasgemaak is, waarop geen mens gesit het nie. Maak hom los en bring hom. 3 En as iemand sê: Waarom doen julle dit? moet julle hom antwoord: Die Here het hom nodig; en hy sal hom dadelik hierheen stuur.^{Mt: 4=Jh: 15} Dit het alles gebeur, sodat vervul sou word die woord wat deur die profeet gespreek is.^{Jh: 6} Die dissipels het gegaan en gedoen soos Jesus hulle beveel het.^{Jh: 7} Hulle het die jong esel na Jesus gebring, hulle klere oor

¹⁷ Nisan of Abib, die eerste maand van die jaar. Omrent Aprilmaand.

¹⁸ Johannes 11

¹⁹ Die vyfde dag voor Pasgafeesdag, die dag ná die ete by Lasarus die Sabbat, 12:1-11.

²⁰ Jesus en gevolg vanuit Efraim oor Jerigo en Betanië

hom gegooi, en Jesus het opgeklim. 8 Toe gooi baie mense^{Mt: 8} die grootste deel van die skare^{Jh: 14} hulle klere op die pad oop, en ander kap takke van die bome af en strooi dit oor die pad uit.

Jh: 14 Jesus het toe op (die) jong esel wat Hy daar gekry het, gery – soos daar geskrywe staan²¹, 15 Moenie vrees nie, dogter van Sion! Kyk, **jou Koning kom**^{Mt: 5} na jou toe, sagmoedig^{Jh: 16}, en Hy sit op die vul van 'n esel – ^{Mt: 15}'n esel, ja, 'n jong esel, die vul van 'n pakdier.)

Jh: 16 Dit het sy dissipels egter eers nie verstaan nie; maar nadat Jesus verheerlik²² was, toe het dit hulle bygeval²³ dat hierdie dinge van Hóm geskrywe was, en dat hulle dit **só** aan Hom gedoen het.

Mk: 9/Mt: 9 En die wat voor geloop en die wat gevolg het, het uitgeroep en gejuig, Hosanna^{Mt, vir} die Seun van Dawid!^{Jh: 17} Geseënd is Hy wat kom²⁴ in die Naam van die HERE!^{Jh: 18} 10 Geseënd is die Koninkryk wat kom in die Naam van die HERE – die Here en die Koninkryk van ons vader Dawid! Hosanna in die hoogste hemele! **Jh: 13**, Prys Hom! Loof Hom wat in die Naam van die HERE kom – die Koning van Israel!

Mt: 10 En toe Hy in Jerusalem inkom, het die hele stad in opskudding geraak en gevra: Wie is hierdie man? En die skare antwoord: Dit is Jesus, die profeet – van Nasaret in Galilea.^{Jh: 19} Die Fariseërs het onder mekaar geredeneer: Sien julle ons rig niks uit nie! Kyk, die hele wêreld loop agter hom aan!

20 Daar was ook 'n aantal Grieke onder die mense wat fees toe gekom het om te aanbid. 21 Hulle het na Filippus, wat van Betsaida in Galilea was, gegaan en vir hom gevra, Meneer, ons wil Jesus graag sien. 22 Filippus het vir Andreas gaan sê;

²¹ Sag9:9

²² Vers 23 – deur lyding, sterwe en opwekking uit die dood. Sien Jh12:41, 13:1, 16:14, 17:1, 18:4.

²³ Handelinge 2, et al

²⁴ Ps118:25-26

²⁵ Hy wat kom 'in die Naam van Jawe', is, die Draer van daardie Naam, naamlik Jawe self, die 'EK IS'.

toe gaan Filippus en Andreas, en vertel Jesus. 23 Daarop antwoord Jesus hulle, **Die tyd** dat die Seun van die Mens **verheerlik** moet word, **het begin!**²⁶ 24 Dit verseker Ek julle, val die koringkorrel nie in die grond en sterwe nie, bly dit net een; maar sterwe dit, bring dit 'n groot oes in.²⁷

27 **Nou** is my siel ontsteld, en wat sal Ek sê, Vader, red my uit hierdie uur? Maar **hierom het Ek gekom** – juis vir **hierdie uur!** 28 Daarom, Vader, **verheerlik U Naam!** Daar het toe ook 'n stem²⁸ uit die hemel gekom: Ek het dit verheerlik, en Ek sal dit weer verheerlik.

31 Aanstands is dit die ordeel van hierdie wêreld; gou sal die owerste van hierdie wêreld buitentoe gedryf word.

32 Ja, Ek, **as Ek van die aarde verhoog word**, sal Ek alle dinge²⁹ op My betrek. 33. Dit het Hy gesê, en daarmee ook aangedui op welke manier Hy sou sterwe.

34 Die skare antwoord Hom, Ons het uit die Skrif geleer dat die Christus tot in ewigheid bly – nou kom sê U dat die Seun van die Mens verhoog moet word? Hierdie 'Seun van die Mens', wie is hy?³⁰ Mt21:10 Die hele stad het in opskudding geraak en gesê, Wie is hierdie man? 11 En die skare het geantwoord, Dit is Jesus die Profeet – van Nasaret (Afgesonderde Akker) in Galilea.

Jh: 35 Jesus antwoord hulle, Nog net 'n klein tydjie is die Lig by julle. Lewe in hierdie Lig terwyl julle Hom by julle het, sodat die duisternis julle nie oorval nie. Wie in die donker loop, weet nie waarheen hy op pad is nie.

²⁶ Eks12:3, 6 "Op die **tiende** dag van hierdie maand (Nisan) moet hulle 'n lam neem ... en dit in bewaring hou tot die veertiende dag van hierdie maand ..." Dn7:22 "die **bepaalde tyd** gekom het"

²⁷ Lv23:11, "... die Gerf voor die aangesig van die Here ..."

²⁸ 2Pt1:18

²⁹ Verkieslik nie soos die KJV, 'alle *mense*', nie. Die hele verband gaan om 'alles', 'volgens die Skrifte'. Sien Jh8:28, 'tauta laloo ta poi-oo ... kathoos edidaksen me ho Pateer'. Vgl. Mt26:54.

³⁰ Dn7:13

36a Terwyl julle die Lig geniet, glo in Hom, sodat julle soos kinders van die lig kan wees.

36b Dit was al wat Jesus (daardie dag) gespreek het. Hy het weggegaan en Hom skuil gehou. Mk11:11 Jesus het, terwyl Hy in Jerusalem was, **na die tempel** toe gegaan en daar, alles betrags. **Dit was al die middag laat.** Hy en die twaalf het **na Betanië** teruggekeer.³¹

(So, "volgens die Skrifte", **eindig** "die volgende dag"³² – 10 Nisan ('Eerste Dag' van die week, Sondag) – en eerste dag van Jesus se laaste 'Lyding'.)

Tempel reinig dag, 11 Nisan

Vroeg tot laat

(Maandag, vier dae voor Pasga- "Fees")

Mk11:12 Mt21:18-22³³

Die volgende dag onderwyl hulle uit Betanië gaan ^{Mt: 18}na die stad³⁴, was Jesus honger. 13 Op 'n afstand sien Hy toe 'n vyeboom vol blare ^{Mt: 19}langs die pad³⁵. In die hoop om vye daaraan te kry om te eet, het Hy daarnatoe gegaan. Toe Hy daar kom, kry Hy niiks nie, net blare, want dit was nie vyetyd nie.

14 Jesus reageer toe en roep die boom toe (sy dissipels het Hom van daar af, gehoor): Laat niemand ooit in der ewigheid van jou 'n vrug eet nie! ^{Mt: 19}Niemand sal ooit weer vye van jou eet nie! En onmiddellik het die vyeboom begin verdroog.)

³¹ Matteus vermeld nie hierdie waarneming van Markus nie, maar vervolg sondermeer met die volgende dag se gebeure.

³² Jh12:12; 12:1

³³ Matteus, sonder om hom aan kronologiese volgorde te steur, verhaal hierso die reiniging van die tempel, voordat hy van die vyeboom incident vertel. Dit is andersom as Markus. Mt21:12-17 moet daarom saam met Markus van vers 15 af, gelees word, en Mt21:18-22, saam met Mk14:12-14.

15 Hulle kom toe in Jerusalem aan. En toe Jesus **in die tempel**^{Mt:12} van God^d ingaan, het Hy die wat in die tempel handel gedryf het, daar uitgejaag en die tafels en stoele van die geldwisselaars en duiweverkopers, omgegooi.
 16 Hy het niemand toegelaat om enige voorwerp deur die tempel te dra nie. 17 En Hy het hulle geleer en vir hulle gesê, Is daar nie geskrywe, My huis moet 'n huis van gebed vir al die nasies³⁴ genoem word nie? Maar julle het daarvan 'n rowerspelonk³⁵ gemaak.

^{Mt:14} Daar het blindes en kreupeles na Hom gekom in die tempel, en Hy het hulle gesond gemaak.)

18a Die skrifgeleerde en owerpriesters het gehoor,^{Mt:15} en toe (hulle) die wonderwerke wat Hy doen, gesien het, en die kinders in die tempel wat uitroep: Hosanna vir die Seun van Dawid! was hulle verontwaardig,¹⁶ en sê vir Hom: Hoor U wat hulle daar sê? En Jesus antwoord hulle:

Ja, het julle nooit gelees³⁶: Uit die mond van die swigelinge het U vir U lof berei nie?

18b (Die skrifgeleerde en owerpriesters het toe) probeer dink hoe hulle Hom kon ombring, want, omdat al die mense oor sy leer³⁷ verslae was, het hulle Hom gevrees.

19 En toe dit laat word, het Hy uitgegaan buitekant die stad.^{Mt:17} Hy het hulle verlaat ... na Betanië toe.)

(So, "volgens die Skrifte", **eindig** die tweede dag – 11 Nisan (en 'Tweede Dag' van die week, Maandag) – van Jesus se laaste 'Lydingsweek'.)

³⁴ Js56:7

³⁵ Jr7:11

³⁶ Ps8:3

³⁷ Lk19:47 tot 21:38

Laaste leringe voor die mense Dinsdag – 12 Nisan "Oor twee dae gekruisig!"

... Betanië, en daar **vernag**.³⁸

Mk**11:20**, Mt**21:18**, Lk**20:1**

20 Toe hulle **vroeg die volgende môre**^{Lk20:1} op een van dié³⁹ dae^d weer daar verby **terugkom**, sien hulle die vyeboom, van die wortels af verdroog. 21 Petrus het onthou, en vir Jesus gesê, Meester, kyk die vyeboom wat U vervloek het, het verdroog. ^{Mt:20}En toe die dissipels dit sien, was hulle verwonderd, en vra: Hoe het die vyeboom so onmiddellik verdroog? 22 Jesus antwoord, en sê vir hulle: Julle moet geloof in God hê.

^{Mt:21}Voorwaar Ek sê vir julle, as julle geloof het en nie twyfel nie, sal julle nie alleen kan doen wat met die vyeboom gebeur het nie, maar al sê julle ook vir hierdie berg: Hef jou op enwerp jou in die see, sal dit gebeur.) ... 13:37 ... En wat Ek vir julle sê, sê Ek vir almal: Waak!⁴⁰

Mk**11:27a** Hulle het weer in **Jerusalem** gekom.

^{Mt21:23}Toe Hy in die **tempel** gegaan het⁾⁴¹ 27b en terwyl Hy in die tempel rondwandel, ^{Mt:23b}**besig om die mense te leer**^{),} kom die owerpriesters, skrifgeleerde en ouderlinge na Hom 28 met die vraag, Deur watter gesag doen U hierdie dinge en wie het U die reg gegee om dit te doen?

^{Mt21:24}En Jesus antwoord en sê vir hulle: Ek sal julle ook een ding vra ...⁴² Mk.**12:1** Toe begin Hy deur **gelykenisse** vir hulle te sê ... 'n Wingerdeienaar het Een Seun gehad, sy Geliefde

³⁸ In die Skrifte is die nag, die eerste helfte van die dag, en daglig, die laaste helfte.

³⁹ Een van die "ses dae voor Pasga" volgens Johannes, 12:1

⁴⁰ Verskeie Leringe volg: in Markus, tot by 13:37; in Matteus, tot by **26:2**, let wel!

⁴¹ Mt21:23. Let op die perikoop verdeeling: Matteus maak nie dieselfde duidelike onderskeid tussen die twee dae soos Markus nie.

⁴² Leringe – soos in Markus van 12:1 af – volg tot einde van hoofstuk 25 met insluiting van die eerste twee verse van hoofstuk 26!

Seun, 7 die Erfgenaam. ... Die landbouers het besluit, Laat ons hom **ombring!** ...⁴³

... 12:35 **Terwyl** Jesus ^{Mt22:23}**dieselde dag**) in die **tempel** leer ... 37b die groot menigte het graag na Hom geluister – ^{Mt:33}was die skare verslae oor sy leer.⁴⁴ 13:1 Toe Hy **uit die tempel** uitgegaan het, het een van sy dissipels vir Hom gesê, Meester, kyk! Watter klippe en watter geboue! 2 En Jesus het hom geantwoord: Jy sien hierdie groot geboue? Daar sal sekerlik nie een klip op die ander oorbly wat nie afgebreek sal word nie! 3 Toe gaan sit Hy op die **Olyfberg regoor die tempel** ... 5-37 En Jesus het begin vertel⁴⁵ ... En wat Ek vir julle vertel, vertel ek vir almal: Waak!⁴⁶

Mt26:1 Nadat Jesus al hierdie woorde⁴⁷ geëindig het, sê Hy vir sy dissipels, 2 Julle weet⁴⁸ natuurlik dis **oor twee dae die Pasga wanneer**, die Seun van die Mens oorgelewer sal word om **gekruisig** te word!⁴⁹

Lk21:37-38 Hy was gewoonlik **oordag** in die tempel besig om te leer, en nadat Hy uitgegaan het, het Hy gewoonlik snags op die Olyfberg⁵⁰ **vernag**,⁵¹ omdat die mense **vroeg soggens** al in die tempel saamgekom het om na Hom te luister.⁵²

(En so, "volgens die Skrifte" dan, **eindig** die derde dag – 12 Nisan (en 'Derde Dag' van die week, Dinsdag) – van Jesus se laaste Pasgalyding, nadat Hy die volk die heeldag lank, geleer het.)

⁴³ Onthou die perikoop, Mt21:18-22, hoort kronologies vóór die perikoop 12-17, soos dit in Markus die geval is. Veskeie leringe volg dan van Mt21:23 af, tot hoofstuk 26:2; in Markus volg die leringe van 12:1 af, tot einde van hoofstuk 13.

⁴⁴ Tot einde van hoofstuk 25, met insluiting van Jesus se woorde van 26:1 wat duidelik verwys na 14 Nisan, "die dag waarop die pasga(lam) geslag moet word", Lk22:7.

⁴⁵ Die leser kan Jesus se leringe soos 'die profetiese rede' en 'gelykenisse', self gaan lees. Ons laat dit hier, terwille van ruimte en ons konsentrasie op die tydsverloop van gebeure en dae, weg. Let dan vervolgens noukeurig op die verskille tussen wat Jesus gesê het betreffende die aanstaande Pasga-dag waarop Hy **gekruisig** sou word, en die Pasga **Feesdag** wat die Joodse owerstes bedoel het!

⁴⁶ Einde! Einde van Jesus se spreke hierdie dag, en einde van die dag self, geimpliseer.

⁴⁷ Sy woorde van nog hierdie selfde dag – Dinsdag. Verse 1 en 2 van 26 behoort kronologies tot hoofstuk 25.

⁴⁸ Julle behoort te weet! Christene ook; maar weet hulle?

⁴⁹ Jesus sê hierdie woorde op dieselfde dag waarop hy sy gelykenisse gespreek het. Hy spreek tot sy dissipels; die Fariseërs kibbel onder mekaar. Jesus verwys na die dag vóór die dag waarvan die owerpriesters en skrifgeleerde die volgende dag, sou praat. Hy verwys na die dag waarop die lam geslag was, Nisan14; die Jode na die Feesdag waarop hulle die lam sou **eet**, Nisan 15. Jesus het hierdie woorde dus op 12 Nisan gesê; die Jode húle s'n, op 13 Nisan. Vgl. Mt26:1-2 met Mk.14:1.

⁵⁰ Mk13:3, "Die Olyfberg regoor die tempel"

⁵¹ Vgl. L22:39

⁵² Lk21:37-38 is 'n parantese, 'n algemene opmerking oor hoe die betrokke dae gewoonlik verloop het.

Gedagtenis van trou én van verraad
Woensdag – 13 Nisan
“Oor Twee Dae Fees!”

Lk21:37-38 ... op die Olyfberg **vernag**. En die hele volk het **vroeg in die môre** na Hom in die **tempel** gekom om na Hom te luister.⁵³

Lk22:1 Die **Feesdag** wanneer hulle ongesuurde **brood begin⁵⁴ eet** het en wat hulle die Pasga genoem het, was **naby**.

Mk14:1 Die **Pasga Fees van Ongesuurde Brode (eet)** was naamlik **oor twee dae!**

Mt26:3 **Toe⁵⁵** het die owerpriesters, skrifgeleerde en ouerlinge van die volk, in die hoëpriester Kajafas, se paleis⁵⁶ bymekaargekom, 4 en saam raad gehou ^{Lk:2b}want hulle het die volk **gevrees**⁵⁷ ... Hulle het gesoek hoe hulle Hom met lis gevange kon neem en doodmaak. 2^{/5} Maar hulle het gesê, **Nie op die Feesdag self nie!** sodat daar nie miskien 'n oproer onder die volk kom nie.

3^{/6} Terwyl Hy dan **in Betanië**, in **Simon** die melaatse se huis, aan tafel was,⁵⁷ kom daar 'n vrou met 'n albastefles egte, baie kosbare nardussalf, en sy breek die fles, en gooi dit op Jesus se hoof uit.⁵⁸

⁵³ Verse 37 en 38 van hoofstuk 21 is 'n invoegsel en algemene waarneming van Lukas. Sien 22:11 en 20:1 vir soortgelyke waarnemings. Telkens as Jesus in Betanië oornag het, word dit duidelik vermeld, en moet daardie gevallen, eintlik daarom as die uitsondering eerder as die reël, gesien word; vgl. 22:39. Die volk, sê Lukas, het elke dag vroeg reeds tempel toe gegaan, omdat hulle Jesus daar verwag het. Maar op hierdie Woensdag-oggend, lyk dit, het Jesus nie soos op die vorige dae van hierdie week – en soos die mense verwag het – na die tempel gegaan nie, maar na Betanië toe.

⁵⁴ “Fees-sonder-suurdeeg”, ‘heortee toon a-dzumoon’ = ‘die eet sonder surerdeeg’, vgl. Jos5:10-11. Dit veronderstel die eet van gebakte, ongesuurde brôd, die gebruik op en van vyftien Nisan. Eks12:20

⁵⁵ Gr. ‘tote’ – ‘daarna’. Matteus gee nie besonderhede soos Markus en Lukas nie. ‘Toe’: nie onmiddellik nie, maar vanuit verse 1-2 gesien, nog dieselfde dag, 13 Nisan!

⁵⁶ Dt10:9, “Levi (die priesterlike stam) het geen deel of erfenis saam met sy broers nie; die Here is sy erfdeel.” Hb5:4, “Niemand neem die waardigheid (van priesterskap) vir homself nie” – Kajafas besit 'n paleis! En vandag – veral onder gewilde nuwe rigtings?

⁵⁷ Lukas vermeld nie die ete aan huis van Simon nie.

⁵⁸ Let deeglik op die verskille tussen hierdie ete aan huis van Simon en die een in Lasarus se huis, die vorige Sabbatdag. Dit is verskillende voorvalle wat op verschillende dae gebeur het. Geleerde wat beweer die twee vermeldings is van een gebeurtenis, het dit ver mis, omdat hulle nie die vervulling van die profetiese tye in ag neem nie. Vererings-afskeid voor die uitsonderlike datum van tiende Nisan,

4 Sommige, ^{Mt:8}sy dissipels⁵⁹), was diep gebelgd,⁵⁹ en het gesê, Waarvoor hierdie verkwisting? 5 Want dit kon vir meer as drie honderd pennings verkoop en die geld aan die armes gegee word. So het hulle teen haar uitgevaar. 6 Maar Jesus sê: Laat haar begaan! Waarom val julle haar lastig? Sy het 'n goeie werk aan My gedoen. 7 Want die armes het julle altyd by julle,⁶⁰ en wanneer julle wil, kan julle aan hulle goed doen; maar My het julle nie altyd by nie. 8 Wat sy kon, het sy gedoen ^{Mt:12}toe sy die salf op my liggaam uitgegooi het⁶¹ – sy het vooruit al my liggaam vir begrafnis⁶¹ gesalf. 9 Voorwaar Ek sê vir julle, oral waar hierdie Evangelie oor die hele wêreld verkondig word, daar sal ook gespreek word van wat sy tot 'n gedagtenis aan My gedoen het. ^{Mt:13} tot gedagtenis aan haar)

10 Judas Iskariot, ^{Lk:3}die satan het in Judas gevhaar⁶², een van die twaalf, het net daar⁶² na die owerpriesters gegaan om Hom aan hulle oor te lewer. ^{Mt:15}Wat wil u my gee, en ek sal hom aan u oorlewer?⁶³ 11 Toe hulle dit hoor, was hulle bly en het benewende om hom geld te gee. ^{Mt:}Hulle het vir hom dertig silwerstukke afgeweeg⁶³) Hy het toe na 'n goeie geleentheid gesoek om Hom ^{Lk:6}sonder oproer⁶⁴ oor te lewer.

(So **eindig** die gekiedenis van die vierde dag – 13 Nisan (en ‘Vierde Dag’ van die week, Woensdag) – van Jesus se laaste Lydingsweek, nadat Judas met die owerstes saamgesweer het, en hulle “volgens die Skrifte”, **nog net één dag** (14 Nisan) oor gehad het om Jesus – “nie op die Feesdag nie”, maar “**vóór** Die **Fees-Dag**”, 15 Nisan – om te bring!)

gebeur op 9 Nisan; vererings-afskeid voor die uitsonderlike datum van veertien Nisan, gebeur op 13 Nisan. Die eerste was op die Sabbath; die laaste op die Vierde Dag van die week of te wel Woensdag. Hierdie eenvoudige feite is vir geen rede nie, vir meeste geleerde, omaanvaarbaar.

⁵⁹ Die dissipels nog maar net dieselfde as voorheen – hulle het nog nijs geleer of agtergekom nie.

⁶⁰ Dt15:11

⁶¹ Gr. ‘eis’ plus Akk. Snw. Mt26:12, “met die oog op”, ‘pros’ met Snw-Inf.

⁶² Gr. ‘kai’-‘en’ – tyds-benadrukkend

⁶³ Sag11:12-13

14 Nisan
"Voor die Fees"
"Voorbereidingsdag van die Pasga"

**Oorgelewer, gekruisig en gestorwe
Woensdagnag, begin van 'die Vyfde Dag'**

Mt12:40, Want soos Jona drie dae, en, drie nagte, in die buik van die groot vis was, só sal die Seun van die Mens **drie dae, en, drie nagte**, in die hart van die aarde wees.

'Neergedaal ter helle'
(Woensdag na sononder)

Lk22:7 Die dag van ont-suurdeeg het⁶⁴ begin⁶⁵,
die dag waarop die pasgalam **geslag moet**⁶⁶
word;

Mt26:17a Op die eerste dag⁶⁷ – die dag wat
suurdeeg verwyder⁶⁸ moes⁶⁹ word;

Mk14:12a Op die eerste dag, dag van
ontsuurdeging (vir Pasga) **wanneer**⁷⁰ hulle
altyd⁷¹ die pasgalam **geslag** het,⁷²
Mt:17b kom sy dissipels na Jesus, 12b/Lk:9 en vra
Hom: Waar wil U hê moet ons vir U

⁶⁴ 'Eengidzen' – "naby" in vers 1; 'elthen' – "het gekom / aangebreek" in vers 7.

⁶⁵ 'Volgens die Skrifte' begin die dag met sy aand en eindig met sy namiddag.

⁶⁶ Gr. 'edei thuesthai'

⁶⁷ Pasga-seisoen het drie 'eerste dae' gehad:

Een, Eerste dag van die agt dae-lange feestyd, 14 Nisan, die dag waarop die lam geslag was en die sewe dae wat ongesurde brood geëet was daarvan;

Twee, 15 Nisan, eerste dag van die sewe dae waarop ongesurde brood geëet was, die 'Fees', waarop die lam se vleis saam met die eerste ongesurde brood, geëet was – ook genoem "die (Pasga)-Sabbat" (Lv23:6,11) en "Groot-Dag (Sabbat)" – nēt NT en nēt Jh (19:31);

Drie, Eerste dag van vyftig dae wat begin tel was "van die dag nā die (Pasga)-Sabbat af", dit wil sê, van "nā" 15 Nisan af. Die Dag van Eersteling-Gerf Beweeg-offer, Nisan 16, was daarom hierdie eerste van vyftig dae wat tot op 'Pinkster' – 'Sjavuot' - 'Vyftigste dag' – getel was. Die Eersteling-Brode Beweeg-offer was op Sjavuot (Hd2). Lees maar Eks12, Lv.23 en dies meer.

⁶⁸ Ook in Lk22:7, Gr. 'a-dzumos', 'sonder surerdeeg' soos in 'agnosties', 'sonder kennis'.

⁶⁹ Eks12:19, "Elkeen wat iets met surerdeeg in eet, moet uitgeroei word!"

⁷⁰ Gr. 'hote' – daar kan geen vergissing wees nie: die dag "wanneer, die pasgalam altyd, geslag was"!

⁷¹ Imperfektum, 'ethoun', durende aspek.

⁷² Ook genoem "Voorbereiding van die Pasga" in Jh19:14, maar hier in die Sinoptici, die begin van die aand – waarmee daardie dāg, begin het, naamlik net nā sononder omrent 6 uur nm..

Voorbereiding berei⁷³ dat U die pasga **kan**⁷⁴
eet? Mt:17c om die pasga te eet.)⁷⁵ 13a Hy stuur toe twee
van sy dissipels, Lk:8 Petrus en Johannes⁷⁶, met die
opdrag, Gaan, en **berei** vir ons, **vir**⁷⁶ die pasga,
dat ons dit **mag** eet!⁷⁷ 13b/Lk:10 Gaan na die stad,
en 'n man wat 'n kruik water dra, sal julle
tegemoet kom; Volg hom! 14 En waar hy ook mag
ingaan, Lk:11 moet julle vir die eienaar van die huis
sê: Die Meester laat weet: Waar is die kamer
sodat⁷⁸ Ek met my dissipels die pasga **mag** eet?
Mt:18 Want **My tyd is hier**, dat Ek saam met my
dissipels by jou **Pasga mag begin**.)⁷⁹ 15/Lk:12 En
hy sal julle 'n groot boortrek wys, klaar in
gereedheid gebring. Daar moet julle vir ons
Voorbereiding berei.

Lk:13 Hulle het gegaan⁸⁰) 16 en in die stad gekom^{Lk} en
dit gekry soos Hy vir hulle gesê het; en hulle het
reggemaak Mk toeberei⁸⁰ vir Pasga.)⁸⁰

⁷³ Geen sprake van 'n pasgalam wat geëet kon gewees het nie – dit was nog nie geslag nie!

⁷⁴ Subjunktief

⁷⁵ Infinitief. Lyk of dit Matteus se manier was. Vgl. voetnotas 3 op bls. 13 en 5 op bls. 2.

⁷⁶ 'Vir' is gewone Afrikaans vir die gewone Gr. Akkusatief of 'eis'+Akk.

⁷⁷ Nie die Pasga-etie nie, maar 'n etie van Voorbereiding vir, die aanstandse Pasga van Jawe, wat Jesus, deur die Pasgalam te wéé, gééstelik, nog sóú, 'éét' – 'eet', deur lyding en sterwe: die Versoening vir sondes! "Bitter moet hulle dit eet", Eks12:8. Gn3:17, "Vervloek is die aarde om jou ontwil; met moeite sal jy daarvan eet, al die dae van jou lewe." "Ek het voedsel om te eet waarvan julle nie weet nie ... My voedsel is om die wil te doen van hom wat My gestuur het, en om sy werk te volbring", Jh4:32, 34.

⁷⁸ Gr. 'hopoe'- 'waar', aanvoegend. As ons nie hierdie etie kan eet nie, sal ons ook nie in staat wees om die ware Pasga te kan eet nie. "Mk10:38, Kan julle die beker drink wat ek drink, en gedoop word met die doop waarmee Ek gedoop word?" Hierdie etie sal dit wys, en hét dit gewys- dink maar aan Judas!

⁷⁹ Gr. 'poieo' – 'Ek maak / werk / skep / begin'

⁸⁰ Die Kerk het 'Voorbereidingsdiens' die aand voor Nagmaal. 'Nag'-maal word dan in die dag gehou. Ná die uit tog en rondswier in die woestyn, eet Israel die Pasgamaal van offerlam en ongesurde brood, die dag nādat die lam geslag was. (Josua 5) Daarom mag die Kerk – na die verlossing deur Christus – 'Nagmaal' of 'Maaltyd van die Here', in die helder dag geniet.

Op die uur nadat dit aand geword het

(Woensdagaand)

Mk14:17, Mt26:20 Daar dit al die **aand was**⁸¹ Lk22:14 en dit **tyd geword het**⁸², het Hy aan tafel gegaan en die twaalf apostels saam met Hom. 15 En Hy sê vir hulle: Ek het baie sterk daarna verlang om hierdie pasga (nog) met julle te eet voordat⁸³ Ek ly, 16 want Ek sê vir julle, Ek sal sekerlik nie weer daarvan eet voordat dit in die koninkryk van God vervul is nie.

Jh13:1 Voor die Fees van die Pasga ... 18^{/Mt:20} en terwyl hulle **aan tafel** was en besig om te eet, sê Jesus, Voorwaar Ek sê vir julle, een van julle sal My verraai – een wat saam met My eet.

Lk:21 Maar kyk, die hand van hom wat My verraai, is by My aan tafel.^{19/Mt:20} Dit het hulle treurig gestem. Een vir een vra hulle Hom toe, Is dit miskien ek? 20^{/Mt:23} Maar Hy antwoord hulle: Dit is een van die twaalf – hy wat sy hand saam met My in die skottel steek.

Jh: 1 Omdat Hy wis dat **sy uur gekom het** en dat Hy uit hierdie wêreld sou **oorgaan**⁸⁴ na die Vader, en omdat Hy sy eie mense liefgehad het – hulle liefgehad het tot die einde toe ... 3 het Jesus, omdat Hy geweet het dat die Vader alles in sy hande gegee het en dat Hy van God uitgegaan het en na God **heengaan** – van die maaltyd opgestaan ... Mk: 21^{/Mt:24} ... en gesê ... Die Seun van die mens gaan wel heen⁸⁵ **soos daar van Hom geskrywe is** Lk:22^{volgens wat bepaal is}, maar wee daardie man deur wie die Seun van die

Mens verraai word! Dit sou vir hom beter gewees het as hy nooit gebore was nie.

Lk:23 Toe begin hulle onder mekaar te vra wie van hulle dit tog kon wees wat dit sou doen.)

Mt:25 Maar Judas wat Hom uiteindelik sou verraai, het gekoggel: Is dit dalkies ekke, 'Meester'? Jesus antwoord hom: Jy, Judas, het dit gesê!

Jh: 2b Die duivel het dit al in die hart van Judas Iskariot, die seun van Simon, ingegee om Hom te verraai.⁸⁶

22^{/Mt: 26 Lk:19} Terwyl hule eet,⁸⁷ neem Jesus brood,⁸⁸ en nadat Hy gedank het, breek Hy dit en gee dit aan sy dissipels, en sê: Neem, eet, dit is my liggaam. Lk:19 My liggaam wat vir julle gegee word; doen dit tot My gedagtenis.)

23^{/Mt: 27 Lk:17} Toe neem Hy die beker Lk:net so¹, en nadat Hy gedank het, gee Hy dit aan hulle, en sê: Drink almal daaruit!¹ Mt:En hulle het almal daaruit gedrink.) 24 Hy het aan hulle verduidelik:

Mt:28 Want¹ dit is My bloed,⁸⁹ die bloed van die Nuwe Testament⁹⁰ wat vir baie uitgestort word Mt:tot vergifnis van sondes).

25^{/Mt: 29 Lk:18} Voorwaar Ek sê vir julle, Lk:voordat die koninkryk van God gekom het¹ sal Ek Mt:van nou af sekerlik¹ nooit meer van die Mt:hierdie vrug van die wynstok drink nie, **tot op daardie dag**anneer Ek dit Mt:met julle¹ nuut sal drink in die Koninkryk van God Mt:My Vader¹.

⁸¹ Dit is, al na sononder was, en "in die aand", KJV vir "opsias genomenees" = "when evening HAD come". Die Deelwoordsfrase moet in geheel as redegewend in ag geneem word: 'daar', ' omdat'.

⁸² Gr. "toe die uur gekom het", of te wel 'na een uur' – dit is, 'n uur ná sononder.

⁸³ Jesus bedoel, glo ek, dat Hy graag vir nog 'n Pasga by hulle sou wou vertoeft het – maar nou is dit nie so vir hom "bepaal" nie – "bepaal": net Lukas! "Maar Ek beskik vir júlle, 'n koninkryk soos My Vader dit vir My, beskik het, sodat julle kan eet en drink aan my tafel in my koninkryk en op trone kan sit", verse 29-30. Sien Kol2:15-17!

⁸⁴ "Pass-over"

⁸⁵ Psalm 23, "Al gaan ek ook deur die dal van doodskaduwee ... U berei die tafel voor my my aangesig"

⁸⁶ Die vorige dag al, sien Lk22:3.

⁸⁷ Lukas noem die beker eerste – 22:17.

⁸⁸ Met hierdie geleentheid was gewone, ' gegiste' brood nog geëet, Gr. 'arton'. Vgl. 1Kor11:20-21, waar 'deipnon' sonder onderskeid gebruik word vir "elkeen se eie ete", en, vir "maaltyd van die Here". Suurdeeg moes nog verwyder word – dit was nie alreeds uit gebruik nie. Dit kon daarom nog nie die Feesdag van Ongesuurde Brood gewees het nie, maar moes die "Voorbereidingsdag" vir, of "van die Pasga" – die dag vóór die Feesdag of Fees-Sabbat (Jh19:14) – gewees het. Jesus stel daarom die Nagmaal van "Maaltyd van die Here" op Nisan 14 in, naamlik op dieselfde dag "waarop die pasga geslag was".

⁸⁹ Eks24:8

⁹⁰ Jr31:31, Sag9:11

Dat julle kan glo dat EK IS

Jh13:2a En gedurende die maaltyd ... 3 het

Jesus ...

4 van die maaltyd opgestaan en sy bokleed uitgetrek en 'n doek geneem en dit om hom vasgemaak. 5 Daarna het Hy water in 'n bak gegooi en die voete van sy dissipels begin was en afdroog met die doek wat Hy omgehad het.⁹¹

6 Hy kom toe by Simon Petrus, maar Petrus het hom versit: Here, gaan U, my, voete was?⁹² 7 Jesus het hom geantwoord: Wat Ek doen, begryp jy nie nou nie, maar jy sal dit hierná verstaan. 8 Petrus sê vir Hom: U sal my voete in ewigheid nie was nie!⁹³ Jesus antwoord hom: As Ek jou nie was nie, beteken dit jy het geen deel aan My nie.

9 Simon Petrus sê vir Hom: Here, was nie net my voete nie, maar ook my hande en my kop.⁹⁴ 10 Jesus verseker hom: Hy wat gewas is, het nik anders nodig as om die voete te was nie, maar is heel en rein; en julle is rein, maar nie almal nie. 11 Want Hy het geweet wie Hom sou verraai. Daarom het Hy gesê: Julle is nie almal rein nie.

12 Toe Hy dan hulle voete gewas het en sy bokleed weer aangetrek het, gaan Hy weer aan tafel sit, en vra hulle: Verstaan julle wat Ek aan julle gedoen het? 13 Julle noem My Meester en Here – en julle is reg, want Ek-Is. 14 As Ek, die Here, dan, julle voete gewas het, is julle ook verplig om mekaar se voete te was. 15 Want Ek stel vir julle 'n voorbeeld, om net soos Ek aan julle gedoen het, ook so te doen. 16 Voorwaar,

⁹¹ Net Johannes vermeld die voetewassing. Nie alles wat gesê was, was deur almal opgeskrywe nie. Lees bv. Lk22:35-38 – dit kom nie in die ander Evangelies voor nie. Vir sover dit spesifieke inhoud aanbetrif, hou die Evangelies ook nie by dieselfde tyds- of teksvolgorde nie, waarskynlik as gevolg daarvan dat hulle van verskillende bronne gebruik maak. Die verskillende is egter inhoudelik en nie altyd belangrik vir die kronologiese volgorde van gebeure en tydsanduidings nie. Wat kronologiese verloop van tyd, dae en eskatologiese gebeurtenisse aanbetrif, heers daar egter presiese, onontkombare en onontkenbare ooreenstemming tussen al die Evangelies.

⁹² Dis nou wat Paulus genoem het, “n skyn van nederigheid”, Kol2:23.

⁹³ Het Petrus die voortvarendie nou bang geword?

⁹⁴ A! hier is die Petrus wat ons so lief het, want hy is so baie soos ons almal maar is!

voorwaar, Ek sê vir julle, 'n dienskneg is nie groter as sy heer nie, en iemand wat gestuur is, nie groter as die een wat hom gestuur het nie. As julle hierdie dinge weet, salig is julle as julle dit doen.⁹⁵

18 Ek praat nie van julle almal nie – Ek weet wie Ek uitverkies het – maar dat die Skrif vervul kan word: Hy wat saam met My brood eet, het sy hakskeen teen my opgelig.⁹⁶

19 Van nou af sê Ek dit aan julle **voordat dit gebeur**, sodat wanneer dit gebeur, julle **kan glo dat dit Ek Is**.⁹⁷

20 Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, wie die Een wat Ek gestuur het⁹⁸ ontvang, ontvang My; en wie My ontvang, ontvang Hom³ wat My gestuur het.⁹⁹

21 Toe Jesus dit gesê het, het Hy in sy gees ontsteld geword en getuig: Voorwaar, voorwaar. Ek sê vir julle, een van julle, sal My verraai. 22 En die dissipels het na mekaar begin kyk, in vertwyfeling omtrent wie die een was van wie Hy gepraat het¹⁰⁰. 23 En een van die dissipels – hy vir wie Jesus in sy hart¹⁰¹ lief was – het, terwyl hy aan tafel was 24 en Simon Petrus vir hom geknik het dat hy vir Hom moet vra wie dit kon wees van

⁹⁵ Hoe huigel die Kerk wat hierdie saak aanbetrif nie!

⁹⁶ Ps41:10. Die Christelike geloof sal die ongeloof altyd aanstoot gee; of dit is nie geloof of Christelik nie, want, "want daar is geskrywe", gee aanstoot!

⁹⁷ Jh12:41, "Dit het Jesaja (6:1) gesê toe hy Sy heerlikheid gesien en van hom gespreek het." Ons kan nie God bewys nie – God bewys Homself, en slegs aan wie Hy self wil. Jh12:44-45, "Wie in My glo, glo nie in My nie, maar in Hom wat My gestuur het; en wie My aanskou, aanskou Hom wat My gestuur het." Ons sien Christus in die Skrifte en in die vervulling van die tye van God in Hom en deur Hom. As daar 'n bewys van die Christus is, is dit tydsprofesie. Net soos die pasgalam van Jesus spreek, spreek die dag, die datum en die uur van die pasgalam, van "die Lam van God", "ons Pasgalam". En as daar dan ooit 'n bewys van God is, is dit hierdie Christus van Hom wat Homself in die Skrifte en die tydsgeleue van God openbaar. "Ek glo in God, die Vader en die Seun en die Heilige Gees", bely die Kerk van alle tye, want hy glo in Jesus die Christus van God, "volgens die Skrifte".

⁹⁸ die Heilige Gees; die Vader. Vgl. Vers 26

⁹⁹ "Die geloof kom deur die gehoor" – die "gehoo" van die Evangelie van die Verlossing van Christus Jesus. Ons kan nie in Christus glo as ons nie die Skrifte glo nie; en ons kan nie in God glo, as ons nie in Christus glo nie.

¹⁰⁰ Dieselfde agterdog, argwaan en selfregverdiging van vóór die ete, duur ná die ete, nog voort.

¹⁰¹ Gr. "boesem", "en tooi kolpooi autooi toe Jesoe".

wie Hy spreek, teen Jesus se bors¹⁰² omgeruk 25 en Hom gevra, Here, wie is dit? 26 Jesus antwoord: Dit is die een vir wie Ek die stukkie sal uithaal en gee. En toe Hy sy hand ingestek¹⁰³ het om die stukkie brood uit te haal, het Hy dit aan Judas Iskariot die seun van Simon, gegee. 27 Net daar, het die satan in hom ingevaar. En Jesus sê vir hom: Wat jy doen, doen dit haastig! 28 Maar waarom Hy dit vir hom gesê het, het niemand wat aan tafel was, verstaan nie, want party van hulle het gedink: Terwyl Judas die beurs gehad het, dat Jesus vir hom gesê het: Gaan koop vir ons wat ons nodig het **vir die Fees**;¹⁰⁴ of: Dat hy iets aan die armes moes gaan gee.

Dit was nag

30 Toe Judas dan die stukkie brood geneem het, het hy dadelik uitgegaan, en **dit was nag**.¹⁰⁵
Mk: 26^{/Mt: 30 Lk: 39} En toe^{nadat} hulle die lofsang¹⁰⁶ gesing het, het hulle **na die Olyfberg uitgegaan**.

Jh:31 En toe Hy **buite** was, sê Jesus: Nou is die Seun van die Mens verheerlik, en Gód is in Hom verheerlik. 32 As Gód, in Hóm, verheerlik is, sal God Hom ook in Homsélf, verheerlik – Hy sal Hom ónmiddellik, verheerlik.

Verdeelde Kerk

Jh:34 'n Nuwe gebod gee Ek julle, dat julle mekaar moet liefhê; soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê.

Lk22:21-24 Maar daar het twis onder hulle losgebars oor wie van hulle die grootste geag moet wees.¹⁰⁷ 25 En Hy het vir hulle gesê . . . 27c Ek is onder julle soos een wat dien, 28 en dit is julle – wat deurentyd by My in my versoeking teenwoordig was; 29 terwyl Ek vir julle 'n koninkryk soos My Vader dit vir My beskik het, beskik, sodat julle kan eet en drink aan my tafel, in my koninkryk, en op trône kan sit om die twaalf stamme van Israel te oordeel!¹⁰⁸

(Jesus se '**Laaste Onderrig aan sy dissipels**' in hierdie **nag**, Jh13:33 tot hoofstuk 16:28. 31 Glo julle nou?)

¹⁰² Gr. 'anapesoon epi to steethos'. Johannes het nie heeltyd teen Jesus aangeleun nie; hy reageer – op aanhoor van "een van jullé". Ek het 'n sterk vermoede ons het hier met figuurlike taalgebruik te make – Johannes daag Jesus as't ware om ronduit te sê, 'wie van ons', Hy dan nou in gedagte het.

¹⁰³ Die Griekse idiom vir "uithaal", is "insteek". Die KJV met "sop" in vers 30 – of so iets – moes aanleiding gegee het tot die idee Jesus het 'n stukkie brood in 'n sous gedruk. Die "Maaltyd van die Here" bestaan uit twee elemente: brood en wyn – nijs meer nie, want dit was nie die Joodse Pasga-ete nie, maar Jesus se eie en nuwe instelling vir die Kerk van die toekoms.

Hierdie feite is van belang vir die juiste verstaan van die kronologie van gebeure tydens die laaste week van Jesus se aardse lewe.

¹⁰⁴ 'Die Fees' sou eers die volgende aand begin.

¹⁰⁵ Letterlik én figuurlik.

¹⁰⁶ Deelwoordsfrase, 'kai humneesantes'

¹⁰⁷ 'n Dolk deur die hart was die dissipels se verdeelheid vir Jesus, die diepe geestelike doodslyding van huis hierdie nag – van hierdie die eerste nag van sy "drie dae en drie nagte in die hart van die aarde wees", of te wel, 'in die kake van die dood wees'. Die Rooms-Katolisme herken en erken slegs die sigbare en bloedige van Jesus se versoenende lyding. Die Protestantse aan die Katolieke hierin met hulle hedendaagse Passiespelé én teologie, na – die Tweede Gebod ten spyt.

¹⁰⁸ Die dissipels het geen idee hoe hulle die hart van die Seun van God deurpriem nie. Sien Mt20:22, "Kan julle die beker drink wat Ek aanstands gaan drink?" "Ons kan", het hulle gesê, maar "was verontwaardig" toe Jesus die Vader se besikkingsreg en besikkingsmag voorbehou het.

32 Kyk, die uur het gekom dat julle uitmekaar gejaag sal word, elkeen na sy eie huis toe en julle My, alleen, sal laat. Tog is Ek nie alleen nie, omdat die Vader met My is. 33 Dit het Ek vir julle gesê, dat julle vrede kan hê. In die wêreld sal julle verdrukking ervaar, maar hou goeie moed – **Ek het die wêreld oorwin.**

Mk:27^{/Mt:31} Toe sê Jesus vir hulle: Julle sal **almal**¹⁰⁹ in hierdie nag aanstoot neem aan My; want daar is **geskrywe**¹¹⁰: Ek sal die herder slaan, en die skape^{Mt26:31b} van die kudde¹ sal verstrooi word.

28^{/Mt:32} Maar nadat Ek opgestaan het, sal Ek voor julle uit na Galilea gaan.¹¹¹

29^{/Mt:33} Petrus antwoord en sê vir Hom: Al sal almal ook aanstoot neem ^{Mt}aan U¹, tog nie ek nie – ^{Mt}ek sal nooit aanstoot neem nie!¹¹² 30^{/Mt:34}

Daarop het Jesus hom^{Lk:34}Petrus geantwoord: Voorwaar, Ek sê vir jou, **vandag**,¹¹² **in hierdie nag al**¹¹³, voordat die haan tweemaal gekraai het, sal jy My driemaal verloën. 31 Maar Petrus het nog baie meer aangehou^{Mt:35}vir Hom¹ sê: Al moes ek ook saam met U sterwe, ek sal U nooit verloën nie!¹¹⁴ 31b^{/Mt:35b}

¹⁰⁹Vers 50, "Hulle almal het hom verlaat, en gevlug." Mt26:56, "Dat die Skrifte van die profete vervul sou word", vóór en ná die kruisiging: Lk23:48, "Die hele skare wat vir hierdie skouspel bymekaar was, het teruggegaan."

¹¹⁰Sag13:7

¹¹¹Mt28:10

¹¹²Matteus laat "vandag" uit.

¹¹³Dae was van sononder tot sononder waargeneem, daarom eerder "al", as "nog".

¹¹⁴Ná die Nagmaal het Jesus Petrus nogmaals daaraan herinner dat hy hom sou verraai, Jh13:38. So is daar 'n hele paar dinge wat in die Evangelies herhaal word. Om van sulke herhalings deurgaans een enkele voorval te wil maak, verwarr net dinge en daar is geen nodigheid daarvoor nie. Die praktyk by geleerde om altyd na parallelle as net een oorspronklike voorval te wil verwys, is gewild, skyn dit my, net om indruk te maak. Dit beteken nie mens is blind vir die Evangelies se eiendaardighede nie as jy, in plaas daarvan om 'parallelle' met behulp van populêre teks-kritiese metodes tot net een incident te reduseer, meer as een geval herken en erken nie. Deur die 'herhalings' se afsonderlike selfbestaan te eerbiedig, eerbiedig mens eenvoudig net wat "daar geskrywe staan", en ook die logika daarvan dat dinge wat belangrik was, meermale te berde sou kom. Deur die 'parallelle' se unieke geldigheid te erken, ontkent mens nie die Evangelies se egtheid, óf, die feit dat van verskillende bronne gebruik gemaak was nie. Elke Evangelie gebruik of laat weg na eie behoeftie, waar hulle uit dieselfde bron, of uit verskillende bronne, aanhaal. Hier lyk dit of Johannes in 13:30, op Markus steun. Maar Johannes kon net sowel uit 'n ander bron ontleen het – uit 'n bron wat iets vertel het wat Markus of Markus se bron, nié vertel het nie. Die laasgenoemde moontlikheid is die waarskynlikste aangesien dit juis van

En al die dissipels het ook net so gesê. ^{Lk22:31}Maar die Here sê: Simon, Simon, kyk, die satan het vurig begeer om julle soos koring te sif,³²maar Ek het vir jou gebid, dat jou geloof nie ophou nie; en as jy eendag bekeerd is, moet jy jou broeders versterk. ³³En hy het vir Hom gesê: Here, ek is gereed om saam met U selfs in die gevangenis en in die dood te gaan. ³⁴Maar Hy antwoord: Ék sê vir jou, Petrus, die haan sal vannag nie kraai voordat jy drie maal geloën het dat jy My ken nie.

(Jesus se '**Hoëpriesterlike Gebed**' van hierdie nag, 17:1 tot 26.)

Oor Donkerspruit "In hierdie nag"

Jh.18:1 Nadat Jesus hierdie gebed gebid het, het Hy met sy dissipels oor die **Donkerspruit**¹¹⁵ gegaan, na waar daar 'n **geploegde land** was, **waardeur Hy self gegaan het** – Hy, en sy dissipels.

L22:37 En Hy sê vir hulle: Dit wat geskrywe is, moet nog aan My vervul word: En Hy is saam met

Johannes kenmerkend is dat sy inhoudstof eiesoortig is – hy haal nie bloot net uit die vroeëre Evangelies aan nie. Ek haal hierdie argument op, om vergelyking te tref met die twee etes waarna ons al verwys het, wat, omdat hulle verskillende etes was, op verskillende dae moes plaasgevind het, en daarom, die kronologie van die profetiese vervullings, presies aangee. Ook waar Jesus, sowel as die owerpriesters, die verwysing, "oor twee dae Pasga", gebruik, beteken dit nie dat net omdat hulle dieselfde drie woorde gebruik, altyw partye van dieselfde dag gepraat het nie. Daarom beteken dit gladnie dat die twee uitsprake dieselfde dag impliseer nie. Inteendeel, elke uitspraak is individueel en elke verskil, is geldig. Elkeen van die twee uitsprake – Jesus s'n en die Jode s'n – dra met oorrepende krag by tot die logiese en noodwendige verloop van die dae en datums van profesie, om die Christus so aan te toon. 'Om die Christus aan te toon' – dit, is wat eskatologie is, na my mening. En as enigets nie die Christus aantoon nie, is dit vir die geloof waardeloos, en het dit met die Christus, "ganz und gar und restlos, nichts zu tun"! (Karl Barth). Want word die Christus nie aangedui nie, word die tydsordes van, en volgens die Woord van God, verongeluk, en word die eskatologie en historisiteit, geweld aangedoen! Nogtans – hoe ironies tog – waar geleerde so graag van die 'parallelle' één maak, verseg hulle seker die sterkste 'parallel' van almal, die Nagmaal in al vier Evangelies – Johannes 13 ingesluit! Nou, sê hulle ewe skielik, "noem die Evangelie van Johannes, gladnie die Nagmaal nie"! (Alengs 'Ryle's Expository'.)

¹¹⁵ Die spruit Kedron

die misdadigers gereken.¹¹⁶ Want ook aan die dinge wat op My betrekking het, kom daar 'n einde. Dit is genoeg.

39 En nes altyd het sy dissipels Hom gevolg terwyl Hy na die Olyfberg vertrek het.

Plek van die Wynpers

Mk14: 32 Toe kom ^{Mt26:36}Jesus met¹⁾ hulle in 'n plek met die naam **Getsémané**.¹¹⁷ En Hy sê vir sy dissipels: ^{L:40}Bid dat julle nie in versoeking kom nie.²⁾ Sit hier onderwyl Ek gaan bid.¹¹⁸

33 Maar Hy neem Petrus, Jakobus en Johannes ^{Mt:37}die twee seuns van Sebedeus³⁾ saam met Hom, en begin ontsteld / bedroef en benoued¹¹⁹ te word.

34^{/38} En Hy sê vir hulle: **My siel¹²⁰ is diep bedroef tot die dood¹²¹ toe;** bly julle hier en waak.

35^{/39a} En toe Hy 'n bietjie verder gegaan het, val Hy op die grond en bid dat, as dit moontlik was, **dié uur** by Hom sou verbygaan. 36^{/39b} En Hy bid: Vader, Vader ^{Mt}My Vader⁴⁾, alle dinge is vir U moontlik ^{Mt}(as dit moontlik is), neem hierdie beker van My weg – nogtans nie wat Ek wil nie, maar wat U wil.^{/soos U wil}

37 En Hy kom ^{Mt:40}by die dissipels⁵⁾ en vind hulle aan die slaap. En Hy sê vir Petrus: Simon, slaap jy? Was jy nie ^{Mt: 40b}So was julle dan nie⁶⁾ in staat om een uur ^{Mt}saam met My⁷⁾ te waak nie? 38^{/41} Waak en bid dat julle nie in versoeking kom nie. Die gees is wel gewillig, maar die vlees is swak.

39 Hy gaan toe weer weg (en) ^{Mt:42}wéér het Hy vir die tweede maal gaan bid⁸⁾ (en) ^{L:41}Hom van hulle afgesonder (omtrent so ver as 'n mens met 'n klip kan gooi. En Hy het neergekniel⁹⁾ en

¹¹⁶ Js53:12

¹¹⁷ 'Plek van die Wynpers' Johannes laat die gedeelte uit. Jesus kon sy 'Hoëpriesterlike gebed' soos in Johannes 17 aangegee, egter heel moontlik in Getsémané – "die plek", Jh18:2 – gebid het.

¹¹⁸ Jona 2:1

¹¹⁹ Jona 2:2

¹²⁰ Jona 2:5, 7

¹²¹ Jona 2:6, 3 Vgl. Eks14:10-12

dieselfde woorde gebid: My Vader, as hierdie beker nie by My kan verbygaan sonder dat Ek dit drink nie, laat U wil geskied.¹²²

^{L:43}En 'n engel uit die hemel het aan Hom verskyn en Hom versterk ^{L:44}**En toe** Hy in 'n **sware stryd** kom, het Hy met groter inspanning gebid, en sy sweet het soos bloeddruppels wat op die grond val, geword.¹⁾

^{40/Mt: 43 L:45} Toe staan Hy van die gebed op,²⁾ en toe Hy terugkom, vind Hy ^{L:}sy dissipels³⁾ weereens aan die slaap ^{L:}van droefheid⁴⁾, want hulle oë was swaar. ^{L:46}En Hy sê vir hulle: Wat slaap julle? Staan op en bid dat julle nie in versoeking kom nie.⁵⁾ 40b Hulle het nie geweet wat om Hom te antwoord nie.

^{Mt: 44}Hy het hulle met rus gelaat en weer vir die derde maal gaan bid en dieselfde woorde gesê. ^{Mk: 41}^{/45} Daarop kom Hy vir die derde keer by sy dissipels en sê vir hulle, Slaap maar voort en rus.

^{41b} **Dit is genoeg; die uur het gekom.**

^{Mt: 45b} Kyk, die uur is naby.¹⁾ Kyk, die Seun van die Mens **word oorgelewer** in die hande van die sondaars – ⁴²^{/46} Staan op julle! Laat ons gaan! Kyk, My verraaier is naby.

Verraai

^{43/Mt: 47 L:47} Terwyl Jesus nog met sy dissipels gepraat het, dadelik, verskyn Judas wat een van die twaalf was, en saam met hom (hierdie) groot gepeupel met swarde en stokke, gestuur deur die owerpriesters en die skrifgeleerde des ouderlinge ^{Mt}van die volk²⁾.

Jh18: 2 Judas, sy verraaier, het ook die plek geken, omdat Jesus dikwels daar met sy dissipels

¹²² L:42 "Vader, as U tog maar hierdie beker van My wil wegneem! Laat nogtans nie my wil nie, maar u wil, geskied!"¹⁾

saamgekom het. 3 Judas het toe voorgeloop vir die afdeling soldate en dienaars wat vir die owerpriesters en Fariseërs beskikbaar gestel was. En hulle het met fakkels, lampe en wapens aangekom. 4 Omdat Jesus alles geweet het wat oor Hom sou kom, het Hy vooruitgegaan en vir hulle gesê, Wie soek julle? 5 Hulle antwoord Hom, Jesus Afgesonderde Akker. Jesus sê vir hulle: EK IS!

En ook Judas, sy verraaiers, het by hulle gestaan. ⁶Toe Jesus dan vir hulle sê, EK IS, het almal gesteier en agteroor op die grond geval. 7 Jesus vra hulle toe weer: Wie soek julle? En nogmaals antwoord hulle: Jesus Afgesonderde Akker. 8 Jesus het herhaal: Ek het julle gesê, EK IS! As julle Mý dan soek, laat hierdie manne gaan!¹²³ 9 Sodat die Woord vervul sou word wat Hy (Jawe, EK IS in die Skrifte) gespreek het: Ek het niemand verloor nie.¹²⁴

Mk: 44 Sy verraaiers het 'n teken met hulle afgespreek en gesê, Die een wat ek sal soen – dit is hy; gryp hom en neem hom vir seker weg. 45 En ^{Mt: 49}dadelik¹, soos hy aankom, loop hy reguit op Jesus af en sê: Rabbi, Rabbi! ^{Mt}Gegroet, Rabbi!¹ en soen Hom. ^{Mt: 50}(Maar Jesus sê vir hom: ^{L: 48}Judas,) vriend, waarvoor is jy hier? ^{L: 48}Verraai jy die Seun van die Mens met 'n kus?

^{L: 49}Toe dié wat rondom Hom was, sien wat gaan gebeur, sê hulle vir Hom, Here, moet ons met die swaard slaan?¹ 45b Daarop kom hulle nader en ... 46 slaan die hande aan Hom^{Mt: Jesus} en gryp Hom. 47^{/L: 50} En een van die ^{Mt: 51}wat saam met Jesus was¹ en wat daar gestaan het – ^{J18: 10}(Simon Petrus wat 'n swaard gehad het¹, het ^{Mt}meteens¹) sy hand uitgesteek en sy swaard uitgetrek en die

¹²³ Plaasvervangende Verlosser, die Self-Synde EK IS, HERE God van Israel! Dit gaan om die Goddelikheid van Jesus – niks anders nie!

¹²⁴ Ps41:10, 109:8. Vgl. Jh17:12, 6:39.

dienskne van die hoëpriester geslaan en sy ^{J18: 10}regter¹ oor afgekap. ¹Die naam van die dienskne was Malchus.¹ Maar Jesus het hom gemaan: Hou op, dit is genoeg! En Hy het sy oor aangeraak en hom gesond gemaak.¹ ^{Mt: 52}Toe sê Jesus vir hom ^{J-vir Petrus} sit jou swaard in sy plek ^{J-die} skede terug! ^{J: 11}Die beker wat die Vader My gegee het, sal Ek dit dan nie drink nie?¹ Want almal wat die swaard neem, sal deur die swaard vergaan/omkom.¹²⁵ Of dink jy Ek kan nie nou my Vader bid, en Hy kan vir My meer as twaalf legioene engele beskikbaar stel nie?¹ ^{Mt: 54}**Hoe sou die Skrifte dan vervul word dat dit so moet gebeur?**

48 ^{Mt: 55}**In daardie uur**¹ het Jesus ^{L: 52}die owerpriesters en hoofde van die tempel en ouderlinge wat teen Hom gekom het,¹ geantwoord en gesê: Het julle soos teen 'n rówer uitgetrek – met swaarde en stokke – ^{Mk}om Mý, gevange te neem? 49 **Dag vir dag was Ek by julle in die tempel** besig om te leer¹²⁶, ^{Mt: 55}Ek het by julle gesit¹ en julle het My nie gegryp¹²⁷ nie: **omdat die Skrifte, vervul moes word!**¹ ^{Mt: 56a}Maar dit het **alles gebeur**, sodat die Skrifte van die profete vervul sou word.¹²⁸ ^{L: 53c}Want **hierdie is julle uur**, en hierdie is die mag van die duisternis.¹

50 **Toe het** ^{Mt: 56b}die dissipels¹ **almal** Hom **verlaat en weggevlug**. 51 Maar 'n sekere jong man met 'n linnedoek om sy naakte lyf, het Hom bly agternaaloop. Toe gryp die jongmanne¹²⁹ hom; 52 maar hy het die linnedoek laat staan en naak van hulle weggevlug.¹³⁰

¹²⁵ Gn9:6

¹²⁶ Juis in die onlangse tyd

¹²⁷ L:53, "... julle het nie die hande teen My uitgesteek nie."

¹²⁸ Dag vir dag, vervul sou word!

¹²⁹ KJV, "the young men" – Die Grieks het net eenvoudig die geïnflekteerde meervoud, "hulle". Nou weet ek nie wat die Textus Receptus sê nie, maar hier is 'n goeie voorbeeld van die invloed wat die ouer Vertalings soos die Statebybel en KJV op latere vertalers se denke sou uitoefen, en mag die aanspraak, "oorgesit uit die oorspronklike tale", in baie gevalle, met 'n knippie sout geneem word.

¹³⁰ So gaan dit met elkeen wat hom volg sonder dat Hy, dit gewil, het.

Onregspraak van die sterflinge

"Eers na Annas"

J18:12 Die afdeling van die owerste oor duisend en die dienaars van die Jode – ^{L22:63a}die manne wat Jesus gevange gehou het¹³² – het (Hom) geneem en Hom geboei. ^{L:63b}Hulle het Hom bespot en geslaan. Hulle het Hom geblinddoek en in die gesig geslaan en Hom beveel: Profeteer wie jou geslaan het! En baie ander dinge het hulle lasterlik teen Hom gesê.¹³³

13 Hulle het Hom weggelei, **eers na Annas**; want hy was die skoonvader van Kajafas wat daardie jaar hoëpriester was. 14 Dit was inderdaad Kajafas wat aan die Jode die raad gegee het dat dit voordelig is dat een man vir die volk sterwe.¹³¹

J:19 Die hoëpriester¹³² ondervra Jesus toe oor sy dissipels en oor sy leer. 20 Jesus het hom geantwoord: Ek het ronduit tot die wêreld gespreek; Ek het altyd in die Kerk geleer, en in die Tempel waar die Jode van alle oorde vergader – in die geheim het Ek nikks gespreek nie.

21 Wat ondervra u Mý nou? Ondervra húlle wat gehóór het wat Ek tot hulle gespreek het – hulle wéét tog wat Ek gesê het.¹³³

22 En toe Hy dit sê, het een van die slawe¹³⁴ wat daar staan, Jesus in die gesig geslaan en gesê: Antwoord jy die hoëpriester só? 23 Jesus antwoord hom: As Ek verkeerd gespreek het, getuig van die verkeerdheid; maar as Ek reg gespreek het, waarom slaan jy My?

¹³¹ J11:54; ná Lazarus se opwekking en voordat Jesus na Efaim weggegaan het.

¹³² Anna

¹³³ Dit skyn Jesus het hierdie woorde gespreek met spesifiek hierdie kêrel in gedagte!

¹³⁴ Hy moes seker gehoor het, en nou kla sy gewete hom aan. Hoe gou maak die minderwaardige nie van geleentheid misbruik om sy meerdere óf te na te kom, óf sy ander meerdere, te beïndruk nie!

"Na Kajafas"

J18:24 En Annas het Hom geboeid **na Kájafas**, die hoëpriester,¹³⁵ gestuur. Mk14:53 En hulle Mt26:⁵⁷ wat Jesus gevange geneem het¹, het Hom weggelei na ^{Mt:}Kajafas³) die hoëpriester. ^{L:66}**Hulle** dag het gedaag¹³⁶ , en al die owerpriesters, ouderlinge en skrifgeleerde het by Kájafas vergader, ^{L:66b}en Jesus voor hulle Raad gebring¹.

Mk:55 ^{Mt:59} Die owerpriesters en die hele Raad het getuienis teen Jesus gesoek om Hom dood te maak, maar hulle het niks gevind nie, 56 ^{Mt:60}alhoewel¹ baie vals teen Hom getuig het, sodat hulle getuienis teenstrydig was.

57 Sommige het (eenvoudig) vals teen Hom getuig. ^{Mt:61}Oplaas kom daar twee valse getuies wat sê¹: 58 Ons het hom hoor sê: Ek sal ^{Mt-kan} hierdie tempel wat met hande gemaak is ^{Mt}die tempel van God¹, afbreek en **in drie dae** 'n ander een opbou wat nie met hande gemaak is nie. 59 En selfs so, het hulle getuienis nie ooreengestem nie.

60⁶² Toe staan die hoëpriester in hul midde op, en neem Jesus onder kruisverhoor: Antwoord U nikks nie? Wat getuig hierdie manne teen U?

61a/^{63a} Maar Hy het stilgebly en geen antwoord gegee nie.¹³⁷

61b Nou het die hoëpriester Hom hierdie vraag gestel: ^{Mt63b}Ek besweer jou by die Lewende, dat jy vir ons sê of jy¹ die Christus die Seun van die Geseënde is?

¹³⁵ Johannes verdeel die Petrus episode tussen die teenwoordigheid by Annas – 18:15-18 – en die teenwoordigheid by Kajafas – 25-27. Was die huise aangrensend of selfs geïntegreerd met 'n gemeenskaplike binneplaas? Anas en Kajafas was immers skoonfamilie en altee was hoëpriester.

¹³⁶ Gr. 'kai hoos egeneto heeméra sunegthe to ... te ... kai' – almál s'n; en 'dag' as geheel: 'heeméra'. Die waarneming is nie van kronologiese belang nie, maar spreek van die Jode se selfgenoegsaamheid. Die gedagte van 'sodra' / 'as soon as', pas nie en is onnodig.

¹³⁷ Jesus lewer geen getuienis nie, want regspraak mag volgens die Wet, nie in die nag gemaak geword het nie.

L:⁶⁷En Hy antwoord hulle: Sê Ek ja, sal u tog nie glo nie; en as Ek vra om losgelaat te word, sal u ook nie instem nie.¹³⁸ 62 En Jesus verklaar: EK IS – Mt:⁶⁴ú, het dit gesê; maar EK IS, sê¹³⁸ vir u almal: L:⁶⁹Van nou af¹³⁹ sal julle¹³⁹ die Seun van die Mens¹⁴⁰ aan die regterhand van Die Krag¹⁴¹ sien sit en kom met die wolke van die hemel.

L:⁷⁰Hulle sê almal: Is jy dan die Seun van God? En Hy antwoord hulle: U sê dat EK IS!¹⁴²

63/⁶⁵⁻⁶⁶ Toe skeur die hoëpriester sy klere en sê: Mt:Hý het godslaterlik gespreek,¹⁴² wat het ons nog getuïes, nodig? 64 Mt:Kyk, nou¹⁴² het julle self sy godslastering gehoor! L:^{71b}Want ons het dit uit sy eie mond gehoor!

Wat dink julle? En hulle het almal saamgestem en Hom veroordeel dat Hy die dood skuldig was.¹⁴³

65/⁶⁷ En sommige het begin om op Hom Mt:en in sy gesig¹ te spuug,¹⁴⁴ en sy gesig toe te maak en Hom met die vuis te slaan en vir Hom te sê: Profeteer Mt:Gesalfde¹! Wie is dit wat jou geslaan het?¹ Tot die slawe het Hom met stokke geslaan.

¹³⁸ Matteus meld nie die woorde, 'EK IS' nie. Vir die Jode was dit sonde om die Naam van die HERE God, uit te spreek. Die hoëpriester het Arameese woord gebruik om God te beskrywe sonder om sy Naam te sê. Maar Jesus se antwoord – wat natuurlik volg en deur die hoëpriester se eie vraag, ontlok was – Jawe – klink helder en onvergibaar, met presiese dieselfde betekenis as daardie onuitspreeklike Naam, en ook met die presiese klank daarvan: EK IS – Jawe! Geen wonder die hoëpriester gee toe met die uitsterre manier, uitting aan sy frustrasie nie! Geen aanspraakmakedes, van die talle wat daar was en is, durf Godheid ooit met die selfversekerdheid van hierdie Seun van die Mens, opeis nie.

¹³⁹ L, "Van nou af sal die Seun van die Mens sit..."

¹⁴⁰ Heerlike Goddelike Wese

¹⁴¹ Of die Naam uitgespreek word of nie, Hy, wórd – met die woerde en woordklanke of nie – 'gebruik'. "Jy mag die Naam van die HERÉ jou God nie ydelik gebruik nie." 'Gebruik' – op ydele wyse, óf eerbiediglik en God welbehagend, met woerde óf met dade – die Naam van Gód, wórd 'gebruik'. Uit die mond van Jesus daarom, is DIE KRAG, DIE EK IS, DIE NAAM – 'gebruik' sónder huigelagtige skroom! Hoe verbasend is dit nie, ja hoe tragies ironies, dat daar vandag nog mense is wat hulself Christene noem, wat, terwyl hulle Jesus se Godheid ontken en verwerp, streng aandring op die skynheilige vereistes en tradisies van die ongelowiges, en wat saam met hulle, verbied dat die Naam van onse God en Here, uitgespreek word. Maar die Skrif leer ons, dat ons die Naam van die HERÉ sal aanroep, en sal losfing, en sal grootmaak, en onself daarin en in Hóm, sal verlustig, en vertroos, en bemoedig. Hier, in hierdie teks, het Jesus deur die duidelik klinkende uitspreek van die Grootste Naam, volkomne en ongereserveerd, op sy eie Godheid aanspraak gemaak, en nog méér gespreek om dit te bewys, naalmik deur te verwys het na sy opstanding uit die dode. Jesus antwoord, inderdaad: In My opstanding onder die sterflinge uit en die dood self oorwinnend, IS EK GOD EN HERE! Maar Hy sou dit alleen kón doen, omdat Hy dit reeds – op hierdie oomblik van onregsppraak van die sterflinge reeds – wás; omdat Hy van ewigheid af, EK IS GOD EN HERE DIE ALMAGTIGE, gewees het.

¹⁴² ... nie ek nie!"

¹⁴³ Lv24:16

¹⁴⁴ Js50:6

Deur sy eie verloën¹⁴⁵

Mk14 Jh18 Mt26 L23

J: 15a Simon Petrus en 'n ander dissipel het Jesus Mt:^{58a}van ver af¹ gevolg – Mt:^{58b}tot by die paleis van die hoëpriester.

15b Die ander dissipel was met die hoëpriester bekend. 15c Hy het saam met Jesus ingegaan in die binneplaas van die hoëpriester se paleis. 16 Maar Petrus het buitekant by die deur bly staan. En die ander dissipel wat met die hoëpriester bekend was, het uitgegaan en met die deurwagter gepraat, en Petrus ingebring. Mt:^{58c}En Petrus het ingegaan en Mt:⁶⁹buitekant in die binneplaas¹ by die slawe gaan sit, om die einde te sien.

L:⁵⁵Hulle het 'n vuur in die middel van die binneplaas gemaak en bymekaar gaan sit, en Petrus onder hulle. Mk:⁶⁶En terwyl Petrus onder in die binneplaas was, kom daar een van die diensmeisies van die hoëpriester (wat) L:⁵⁶hom daar by die vuur sien sit (het).¹ Mk:^{67/Mt:⁶⁹}Toe sy Petrus sien, besig om hom warm te maak, (en) sy hom ('vas' aangekyk het, Mt:^{69b}kom sy na hom toe) en sê: Mk:⁶⁷Jy was ook by die Nasaréner, Jesus Mt:die Galiléér!¹ L:^{56c}Hierdie man was ook saam met hom!¹ Mk:⁶⁸ Mt:⁷⁰Maar hy het dit Mt:voor almal¹ ontken en L:⁵⁷Hom verloën en gesê: Vrou, ek ken hom nie!¹ Mk:⁶⁸Ek weet nie en begryp nie wat jy sê nie. En hy het buite na die voorplein gegaan; en die haan het gekraai. Mk:⁷² Mt:^{75a}Dadelik, terwyl hy nog praat, het die haan¹ vir die tweede keer, gekraai. En Petrus het die woord onthou wat Jesus vir hom gesê het: Voor die haan¹ twee maal¹ gekraai het, sal jy My drie maal verloën. En hy het Mt:^{75c}buitentoe uitgegaan¹ en in trane uitgebars, Mt:en bitterlik geween¹.

¹⁴⁵ Verkort

Pikdonker oggend Aan Pilatus oorgelewer

J19:28 Mk15:1 Mt27:1 L23:1

J19:28a Toe neem hulle Jesus van Kajafas na die goewerneur se paleis.¹⁴⁶ 28b Hulle het self, **nié in die paleis ingegaan nie**, dat hulle hulle nie sou verontreinig nie, maar **dat hulle die Pasga kon eet.**¹⁴⁷

En dit was ^{J:}**vroeg in die môre,**¹⁴⁸ ^{Mk:}**baie vroeg,**
^{Mt:}**pikdonker oggend.**¹⁴⁹ Die owerpriesters saam met die ouderlinge en skrifgeleerde en die hele Raad, het besluit geneem. Nadat hulle Jesus geboei het, het ^{L23:1}die hele menigte opgestaan en⁾ Hom weggelei¹⁵⁰ ^{L:}na Pilatus.⁾ ^{J18:28}Toe neem hulle Jesus van Kajafas na die goewerneur se paleis.⁾ En hulle het Hom aan ^{Mt: 2}Pontius⁾ **Pilatus**
^{Mt}die goewerneur⁾, oorgelewer.¹⁵¹

J:29 En Pilatus het na hulle toe uitgekom en gesê: Watter beskuldiging bring julle teen hierdie man in?³⁰Hulle antwoord hom: As hy geen kwaaddoener was nie, sou ons hom nie aan u oorgelewer het nie.⁾ ^{L23:2}En hulle het Hom begin beskuldig deur te sê: Ons het gevind dat hierdie man die volk mislei en verbied om aan die keiser belasting te betaal – terwyl hy homself voorhou vir die gesalfde koning.⁾

Mt: 11 Jesus het voor die goewerneur gestaan¹, 2 en Pilatus ^{Mt}die goewerneur, het Hom die vraag gestel en gesê²: Is jy die koning van die Jode? En

¹⁴⁶ Gr. 'praetorium' – 'regsaal', KJV, "hall of judgment"

¹⁴⁷ Die Pasga-ete sou eers die volgende nag geëet word – op 15 Nisan – in daardie jaar, Vrydag.

¹⁴⁸ Gr. 'een de proo-i', 'dit het oggend geword / dit was vroeg oggend'

¹⁴⁹ Gr. Markus: 'e-u-thuis proo-i'; Matteus: 'proo-i-as ghenomenees', lank vóór sonop. Onthou, Hy was voor "ses uur", Jh19:14, nog na Herodus toe geneem ook.

¹⁵⁰ Matteus, 27:3-10, voeg hier die geskiedenis van Judas se einde in. Dit was nag, het Johannes vertel, toe Judas Jesus en sy dissipels verlaat het.

Hy^{Mt. Jesus} het geantwoord en vir hom gesê: U sê dit.

J:31 En Pilatus sê vir hulle: Neem julle hom en oordeel hom volgens julle wet. Maar die Jode sê vir hom: Dit is ons nie geoorloof om iemand dood te maak nie – ³²sodat die woord van Jesus vervul sou word wat Hy gesê het om aan te dui hoedanige dood Hy sou sterwe.⁾¹⁵²

3 En ^{Mt: 12}terwyl¹ die owerpriesters ^{Mt}en ouderlinge⁾ baie beskuldigings teen Hom ingebring het, ^{Mt}het Hy niks geantwoord nie².

J:33 Pilatus gaan toe weer in die goewerneur se paleis in en roep Jesus en sê vir Hom: Is jy die Jode se koning? Jesus het hom geantwoord: Sê u dit uit uself, of het ander u dit van My vertel?

Pilatus antwoord: Is ek dan 'n Jood? Dis jou volk en jou owerpriesters wat jou aan my oorgelewer het. Wat het jy dan gedoen? Jesus antwoord: My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie; as my koninkryk van hierdie wêreld was, sou my dienaars geveg het, dat Ek nie aan die Jode uitgelewer word nie; maar nou is my koninkryk nie van hier nie. Pilatus sê toe vir Hom: Is jy dan tog koning? Jesus antwoord: U sê dat Ek Koning is? – hiervoor immers is Ek gebore, en hiervoor het Ek in die wêreld gekom, om vir die waarheid te getuig. Elkeen wat uit die waarheid is, luister na my stem.

Pilatus vra Hom: Wat is waarheid?

En toe hy dit gesê het, gaan hy weer uit na die Jode en verklaar voor hulle: Ek vind geen skuld in hom nie! Maar julle het mos die gebruik dat ek vir julle vir¹⁵³ Pasgafeestyd iemand moet loslaat; wil julle nou hê ek moet vir julle 'die koning van die Jode', loslaat? Toe skree hulle weer vir hom: Nie vir hom nie, maar Barábas!²

¹⁵² J12:32-33, Mt20:19

¹⁵³ Nie "op" die Pasga nie.

4 Pilatus het Hom wéér gevra en gesê: ^{Mt:13}Hoor jy nie?¹⁵⁴ Kyk hoe baie getuienis ^{Mt-dinge} getuig hulle teen jou inbring! Antwoord jy niks nie? 5 Maar Jesus het niks, ^{Mt}geen enkele woord¹⁵⁵ meer, geantwoord nie,¹⁵⁴ sodat Pilatus ^{Mt}(die goewerneur) hom ^{Mt}baie¹⁵⁶ verwonder het. ^{L23:4}En Pilatus verklaar voor die owerpriesters en die skare: Ek vind geen skuld in hierdie man nie!

Deur Herodus verag

Lk23:5 Maar hulle het aangehou: Hy maak die volk oproerig met sy leer die hele Judea deur, vandat hy in Galiléa begin het, tot hiertoe.

6 Toe Pilatus van Galiléa hoor, vra hy of 'die man' 'n Galiléér is. 7 En nadat hy verneem het dat Hy uit die magsgebied van Herodus was, stuur hy Hom **na Herodus** wat self ook in daardie dae in Jerusalem was.

8 Toe Herodus Jesus sien, was hy baie bly, want hy was al geruime tyd begerig om Hom te sien, omdat hy baie van Hom gehoor het. Ook het hy gehoop om een of ander teken te sien wat deur Hom gedoen sou word.

9 Hy het Hom toe met baie woorde uitgevra; maar Jesus het hom niks geantwoord nie. 10 Die owerpriesters en skrifgeleerde het Hom aldeur heftig staan en beskuldig.

11 Nadat Herodus Hom dan saam met sy soldate met veragting behandel het,werp hy Jesus 'n blink kleed om, en stuur Hom **terug na Pilatus**.

(12 Waar hulle mekaar vantevore vyandig gesind was, het Pilatus en Herodus van daardie dag af, goeie vriende geword.)

¹⁵⁴ Js53:7

Van Pontius na Pilatus

Lk23:13 Toe roep Pilatus die owerpriesters en die owerstes en die volk bymekaar en sê vir hulle: 14 Julle het hierdie man na my toe gebring as een wat die volk afvallig maak.¹⁵⁵ Maar nou het ek – in julle teenwoordigheid – ondersoek ingestel, en in hierdie man géén skuld aan die dinge waarvan julle hom beskuldig, gevind nie. 15 Ja, ook nie Herodus nie, want ek het julle na hom gestuur. Ook is daar deur hierdie man niks gedoen wat die dood verdien nie. 16 Nadat ek hom dan gekasty het, sal ek hom vrylaat.

Mk15:6 **Mt27:15** Volgens Feesgebruik¹⁵⁶ was die goewerneur gewoond ^{L23:17}verplig om ^Lop die Fees' een gevangene, die een wat hulle gevra het ^{Mt.wou hē} vir hulle ^{Mt.die skare} los te laat.

7 Daar was ^{Mt:16}in daardie tyd¹⁵⁷ 'n sekere ^{Mt}berugte, Barábbas wat saam met medeoproermakers in die ^{L23:19}sekere opstand ^Lwat in die stad plaasgevind het¹⁵⁸ moord gepleeg het en in die gevangenis ^Lgewerp¹⁵⁹ was;

8 En die skare het geskreeu en begin vra dat Pilatus ^Lvolgens die gebruik¹⁵⁹ vir hulle soos altyd moes doen.

9 ^{Mt:17}Na 'n ruk se gekibbel¹⁶⁰ wou Pilatus uitsluisel kry, en ^{L:20}omdat hy Jesus wou loslaat¹⁶¹, sê hy vir hulle: ^{Mt}Wie wil julle hē, moet ek vir julle loslaat, Barábbas, of Jesus wat 'die Gesalfde' genoem word?¹⁶² Wil julle hē dat ek vir julle 'die Koning van die Jode'¹⁵⁷ moet loslaat? ^{10/18}Want hy het geweet dat die owerpriesters Hom uit nydigheid en afguns¹⁵⁸ oorgelewer het.

¹⁵⁵ Van Rome

¹⁵⁶ Markus én Matteus: 'kata heorteen'.

¹⁵⁷ Sarkasties.

¹⁵⁸ Jh11:48a

11 Die owerpriesters het die skare aangehits dat hy liewer Barábbas vir hulle moes loslaat.^{L:18} En die hele menigte skreeu: Weg met hom, en laat vir ons Barábbas los!

Mt:19^{Maar terwyl hy op die regbank sit, het Pilatus se vrou na hom gestuur en laat weet: Moet tog niks te doen hê met dié regverdiging man nie, want ek het vandag in 'n droom baie om sy ontwil gely.)}

Mt27:20^{Maar die owerpriesters en ouderlinge het die skare (nogens) oorgehaal dat hulle Barábbas moes kies, en Jesus moes laat ombring.^{) L:21}}

12 Toe kom Pilatus^{Mt:21} die goewerneur⁾ nóg 'n keer na hulle terug, en sê vir hulle: Wat wil julle dan nou hê moet ek doen met hom wat júlle, die koning van die Jode noem?¹⁵⁹ Mt:21^{Wie van die twee wil julle hê moet ek nou eintlik vir julle loslaat? Maar hulle antwoord: Barábbas! Pilatus sê vir hulle: Wat moet ek dan máak met Jesus wat Christus genoem word?[?] Hulle skreeu almal vir hom: Laat hom gekruisig word!⁾}

13 Hulle skreeu toe wéér: Kruisig hom! 14^{/23} Maar Pilatus^{Mt} die goewerneur⁾ sê^{L:22} vir die derde keer⁾ vir hulle: Watter kwaad het hy dan gedoen? Ek het in hom niks gevind wat die dood verdien nie, Ek sal hom dan kasty en loslaat.²⁴ Maar hulle het aangehou met 'n harde geroep en geëis dat hy gekruisig moet word.⁾ Daarom het hulle nóg harder geskreeu: Kruisig hom; ^{Mt}Laat hom gekruisig word!^{!)}

Mk:15^{/Mt:26} En omdat Pilatus aan die skare se sin ingegee het,^{L:24} gee hy uitspraak dat aan hulle eis voldoen moet word.⁾ J19:1^{Toe neem Pilatus dan vir Jesus en laat Hom gésel.[?] En nadat hy Jesus laat gésel¹⁶⁰ het, het hy Barábbas vir hulle losgelaat^{L:25} maar Jesus⁾ het hy^Laan hulle begeerte}

oorgelaat⁾ en Hom oorgelewer om gekruisig te word.

2 En die soldate het 'n kroon van dorings gevleg en dit op sy hoof gesit, en 'n purper kleed om Hom gewerp 3 en gesê: Wees gegroet, Koning van die Jode! En hulle het Hom in die aangesig geslaan.

J19:4 Pilatus gaan toe weer buitentoe, en sê vir hulle: Kyk, ek bring hom vir julle uit na buite, sodat julle kan weet dat ek in hom geen skuld vind nie. 5 En Jesus het uitgekom buitentoe en die doringkroon en die purperkleed gedra. En Pilatus sê vir hulle: Dáár is die **mens!**

6 En toe die owerpriesters en die dienaars Hom sien, skreeu hulle: Kruisig! Kruisig! Pilatus sê vir hulle: Neem júlle hom en kruisig hom, want ek vind geen skuld in hom nie.

7 Die Jode antwoord hom: Ons het 'n wet, en volgens ons wet moet hy sterf, omdat hy homself die Seun van God gemaak het.

8 En toe Pilatus hierdie woorde hoor, het hy nog banger geword 9 en in die paleis ingegaan en vir Jesus gesê: Waarvandaan kom jy? Maar Jesus het hom geen antwoord gegee nie. 10 Pilatus sê vir Hom: Praat jy nie met my nie? Weet jy nie ek het mag om jou te kruisig en mag om jou los te laat nie? 11 Jesus antwoord hom: U sou geen mag teen My hê as dit u nie van bo gegee was nie. Daarom het hy wat My aan u oorlewer, groter sonde.

12 Hierop het Pilatus probeer om Hom los te laat, maar die Jode het geskreeu: As u hom loslaat, is u nie die keiser se vriend nie! Elkeen wat homself koning maak, kom in verset teen die keiser.

13 Toe Pilatus dit hoor, het hy Jesus buitentoe gebring, en hy het in die portaal wat Plaveisel genoem word – in Hebreeus, Gábbata – op die regterstoel gaan sit.

¹⁵⁹ Mens kruisig tog nie jou eie koning nie?

¹⁶⁰ Vir die derde keer!

**Hy het Hom oorgelewer
Presies die sesde uur**
(Sonop Donderdag)

14 En dit was die **Voorbereiding van die Pasga en presies die sesde uur.**¹⁶¹ Toe sê hy vir die Jode: Dáár is julle **Koning!**

15 Maar hulle skreeu: Neem weg, neem weg, kruisig hom!

Pilatus spot met hulle: Moet ek julle koning kruisig?

Die owerpriesters antwoord: Ons het geen koning behalwe die keiser nie.

Mt22:24 Toe Pilatus sien dat niks sal help nie, maar dat daar eerder 'n oproer kom, het hy water geneem en voor die skare **sy hande gewas** en gesê, Ek is onskuldig aan die bloed van hierdie regverdige man; julle kan toesien!

²⁵ Toe antwoord die hele volk: Laat sy bloed op ons en op ons kinders kom!

J: 16 Toe het hy Hom dan aan hulle oorgegee om gekruisig te word. En hulle het Jesus geneem en Hom weggelei.

Mk: 16 Toe lei die **soldate** Hom ^{Mt:27} met hulle saam^b weg na die binneplaas, binne-in die goewerneur se paleis in, en hulle roep die hele leerafdeling bymekaar ^{Mt:27b} teen Hom^c. 17 Toe trek hulle ^{Mt:28} sy klere uit enwerp^d 'n purperrooi mantelkleed om Hom. ^{Mt:29} En hulle vleg 'n kroon van dorings, en sit dit op sy hoof, ^{Mt:29b} en 'n riet in sy regterhand^e. 18 Dan ^{Mt:29b} val hulle op hul knieë voor Hom en bespot Hom^f en begroet Hom: Wees gegroet, Koning van die Jode! 19^{/30} Eers slaan hulle Hom met 'n riet op die hoof en spoeg op Hom; dan val hulle weer op die knieë en bring Hom hulde.

(So eindig die eerste helfte (Woensdagnag) van die vyfde dag – **Nisan 14** (begin-helfte van die 'Vyfde Dag' van die week, Donderdag) – van Jesus se laaste Pasga-lyding. So eindig die **eerste** "nag" naamlik, van die **"drie dae en drie nagte"**, volgens die profeet", van hoedat Hy "moes **ly**, volgens die Skrifte ..." ¹⁶²)

Eerste 'dag' van die "drie dae en drie nagte"

(Donderdag ligdag)

Weggelei

20^{/31} Terwyl hulle só aanhou spot, trek hulle Hom die purperkleed uit, en trek vir Hom sy eie klere aan; en hulle **lei Hom weg** om Hom te kruisig.

L:32 En daar was nog **twee ander** weggelei – kwaaddoeners – om saam met Hom tereggestel te word.

J: 17 En **Hy het sy kruis gedra** en uitgegaan na die sogenaannde Hoofskedelplek, in Hebreeus, Gólgota,

18 waar hulle Hom (en (die) twee ander, een aan elke kant, saam met Hom, en Jesus in die middel), sou kruisig.¹⁶³

Mk15: 21 ^{Mt27:32/Lk23:26} En toe hulle Hom wegglei, neem^b hulle 'n sekere ^{Mt}man,^c **Simon van Ciréne** wat van die veld af gekom het, die vader van Alexander en Rufus, ^den sit die kruis op hom^e en dwing hom om sy kruis ^fagter Jesus aan^g te dra.

¹⁶¹ Sonop – Johannes reken die tyd van die dag op die Romeinse manier, soos ons vandag.

¹⁶² ... en die belydenisskrifte.

¹⁶³ Dit lyk na die amptelike agenda van aksie.

J: 19 Pilatus^{Mt27:37-hulle} het ook 'n **opskrif**^{Mt-sy} beskulding geskrywe^{Mt-in skrif opgestel} en dit op die kruis laat sit. Daarop was geskrywe: ^{Mt}'HIERDIE IS' JESUS DIE NASARENER, DIE KONING VAN DIE JODE.¹⁶⁴ 20 Hierdie opskrif dan, het baie van die Jode (van ver af kon) lees omdat die plek waar Jesus gekruisig was, naby die stad was. Dit was geskrywe in Hebreeus sowel as Grieks en Latyn. Maar die owerpriesters van die Jode het by Pilatus gaan beswaar maak: **Moenie skrywe:**¹⁶⁵ Die Koning van die Jode nie; maar dat hy gesê het: Ek is die koning van die Jode. 22 Pilatus het egter voet by stuk gehou: Wat ek geskrywe het, het ek geskrywe!

Lk23:27 En 'n groot menigte van die volk het Hom **gevolg**, en vroue wat rou bedryf en Hom beklaag het. 28 Maar Jesus het Hom **omgedraai** en aan hulle verkondig: Dogters van Jerusalem, moenie oor My ween nie, maar ween oor julleself en oor julle kinders, 29 want daar kom dae waarin hule sal sê: Gelukkig is die onvrugbarens en die moederskote wat nie gebaar en die borste wat nie gesoog het nie. 30 Dan sal hulle vir die berge sê: Val op ons! en vir die heuwels: Bedek ons!¹⁶⁶ 31 Want as hulle dit doen aan die groen hout, wat sal met die droë gebeur!

Gekruisig (Donderdagoggend)

22 ^{Mt23:33/L23:33a} Hulle bring Hom toe op die plek Golgota, dit is, as dit vertaal word: **Plek van die Hoofskedel.**¹⁶⁷ ^LHulle het Hom daar **gekruisig.**)

27 ^{Mt:38 L:33b} Hulle het ook (die) **twee rowers**^{L-} kwaaddoeners saam met Hom gekruisig, een aan sy regter- en een aan sy linkerkant. 28 En die Skrif is vervul wat sê: Hy is by die misdadigers gereken.¹⁶⁸

L23:34a Toe bid¹⁶⁸ Jesus: *Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie.*¹⁶⁹

23 ^{L:23}Toe gee hulle Hom **wyn**^{Mt: 34-asyn} met mirre^{Mt-gal} gemeng om te drink, maar ^{Mt-toe} Hy dit proe,¹⁷⁰ het^{Mt-wou} Hy dit nie geneem nie.

24 ^{Mt: 35 L:34b J19:23} En nadat hulle Hom gekruisig het, het hulle sy **klere**^{J:23} in vier dele¹⁷¹ **verdeel** deur die lot tewerp^{Mk-oor} wat elkeen moes kry.^{J:23} Én die onderkleed – die onderkleed was sonder naat, van bo af in een stuk gewewe²⁴ Die soldate het vir mekaar gesê: Laat ons dit nie skeur nie, maar laat ons die lot daaroor werp, wie s'n dit sal wees,^{Mt: 35b} sodat^{J:24} die Skrif¹⁷² vervul sou word wat deur die profeet gespreek is: Hulle het my klere onder mekaar verdeel¹⁷¹ en oor my gewaad^{/onderkleed} die lot gewerp. Dit het die soldate dan gedoen.)

26 ^{Mt27:37 Lk23:38} In die **opskrif bokant Hom**^{Mt-sy hoof} het dan ook in Griekse, Romeinse en Hebreeuse

¹⁶⁴ Met hoofletters en klarblyklik yslik groot – nie soos in die prentjies nie.

¹⁶⁵ Al hierdie dinge gebeur tussen sonop en aankoms by Golgota, waar hulle Hom 'die derde uur' gekruisig het. Daar bestaan geen leë oomblik nie, wat nog "drie lang leë ure onverantwoord" (JC Ryle).

¹⁶⁶ Hos10:8

¹⁶⁷ Js53:12

¹⁶⁸ Js53:12c

¹⁶⁹ Eerste 'Kruiswoorde'. Gr. 'Pater, afes autois, oe ghar oidasien ti poi-oesien'.

¹⁷⁰ Ps69:22

¹⁷¹ Ps22:19

letters gestaan: ^{Mt}DIT IS JESUS¹⁷² HY IS DIE KONING VAN DIE JODE.

25 En dit was **die derde uur**¹⁷² toe hulle Hom gekruisig het. ^{Mt27:36}En hulle het gaan sit en Hom daar bewaak.¹⁷³

L:35 Die **volk** het dit staan en aanskou. 29/^{Mt:39} En die **verbygangers** het Hom gesmaad, terwyl hulle hul hoof skud^{173 Mt:40}en sê: ^{Mk}Foeitog,¹⁷⁴ U wat die tempel afbreek en in drie dae opbou, 30 verlos/^{red} uself! ^{Mt:40b}As u die Seun van God is,¹⁷⁵ kom af van die kruis!

31/^{Mt:41-42 L:35} En so het ook die **owerpriesters** saam met die **skrifgeleerde**¹⁷⁶s^{Mt:41} en **ouderlinge**¹⁷⁷^{L:35 owerstes} gespot^{L-geskimp} en ^{Mk}vir mekaar¹⁷⁸ gesê: Ander het hy verlos, homself kan hy nie verlos nie. ^{L:35b}Laat hy homself verlos as hy die Christus die Uitverkorene van God, is.¹⁷⁹ 32a Laat die Christus, die Koning van Israel, nou van die kruis afkom, sodat ons kan sien en glo!^{174 Mt:43} Hy het op God vertrou;¹⁷⁵ laat Hy hom nou verlos as Hy behae in hom het, want hy het gesê: Ek is die Seun van God.¹⁸⁰

L:36 Die **soldate** het Hom ook bespot en tot teen Hom gekom en vir Hom asyn aangebied om te drink. ^{L:37} Hulle het gesê, As jy die Koning van die Jode is, verlos jouself!

32b Ook die ^{Mt:44}**rowers**¹⁸¹ wat saam met Hom gekruisig is, het Hom ^{Mt}op dieselfde manier¹⁸² beledig. ^{Lk:39}Een van die kwaaddoeners wat opgehang was, het Hom gesmaad: As jy die Gesalfde is, verlos eers jouself - dán ons! ^{L:40}Maar die ander een antwoord en bestraf hom: Vrees ook jy nie God nie? – terwyl jy in dieselfde oordeel as ons almal verkeer? 41 Ons tog regverdiglik, want ons

¹⁷² 9 uur vm.

¹⁷³ Ps22:8

¹⁷⁴ Mt, "As hy is ... laat hom ... en ons sal"

¹⁷⁵ Ps22:9

ontvang ons verdiente loon vir ons dade, maar Hy het niks verkeerds gedoen nie. 42 En hy vra Jesus: Dink aan my Here, wanneer U in u koninkryk kom? 43 En Jesus antwoord hom: Voorwaar Ek sê vir jou: Vandag sal jy saam met My, in die Paradys wees.¹⁷⁶

J19:25 En by die kruis van Jesus het gestaan, sy moeder, en sy moeder se suster, Maria die vrou van Klopas, en Maria Magdaléna. 26 En toe Jesus sy moeder sien en die dissipel vir wie Hy lief was, by haar staan, sê Hy vir sy moeder: *Geagte mevrou, dáár is u seun!* 27 Daarop sê Hy vir sy dissipel: *Dáár is jou moeder!*¹⁷⁷ **Dadelik het die dissipel haar huistoe geneem.**¹⁷⁸

28 Hierna, omdat Hy geweet¹⁷⁹ het dat alles al volbring was – sodat die Skrif vervul sou word – het Jesus gesê: *Ek is dors!*¹⁸⁰

Duisternis

33/^{Mt:45} En toe dit ^{L23:44}presies¹⁸¹ **die sesde uur**¹⁸² was, kom daar duisternis oor die hele aarde tot die negende uur toe.

^{Lk:45}En die son is verduister.

Gestorwe

34/ En ^{Mt:46}presies¹⁸³ **die negende uur**¹⁸³ het Jesus met 'n groot stem uitgeroep en gesê: *Eloï, Eloï, lama sabagtáni?* wat, as dit vertaal word, beteken: *My God, my God, waarom het U My verlaat?*¹⁸⁴ 35/⁴⁷ En sommige van die wat daar

¹⁷⁶ Tweede 'kruiswoord'.

¹⁷⁷ Derde 'kruiswoord'.

¹⁷⁸ Dit is die laaste wat van Maria sowel as Johannes in die Evangelieverhaal gehoor word!

¹⁷⁹ J13:3

¹⁸⁰ Ps22:16. Vierde 'kruiswoord'.

¹⁸¹ Sien op nagegaan in boek 1/1, 'Crucifixion'.

¹⁸² Middag, 12 uur vm.

¹⁸³ 3 uur nm.

¹⁸⁴ Ps22:2. Vyfde 'kruiswoord'

staan, hoor dit en sê: ^{Mk}Kyk,¹⁸⁵ Hy roep na Elia.
^{J19:29} Daar het 'n kan vol asyn gestaan. ^{36/48} Toe hardloop een ^{Mt}van hulle¹⁸⁶ ^{Mt}dadelik¹⁸⁷ en ^{Mt}neem¹⁸⁸ 'n spons (en) maak (dit) vol asyn¹⁸⁵ en sit dit op 'n riet¹⁸⁹ om Hom te laat drink^J aan sy mond gebring.
En hy^{Mt: 49-Die ander} sê: Wag, laat ons sien of Elia kom om hom af te haal.^{Mt te verlos}
37 Maar Jesus het ^{Mt: 50}daarop, ^{J: 31}toe Hy die asyn geproe het, sy hoof gebuig en gesê: **Volbrag!**¹⁸⁶
^{Mt}En Hy het weer¹⁹⁰ met 'n groot stem ^{L: 46}uitgeroep:
*Vader, in U hande gee Ek my gees oor!*¹⁸⁷ ^{Mk}en die **laaste asem** uitgeblaas.

38 ^{Mt: 51}Kyk,¹⁹¹ die **voorhangsel** van die tempel het ^{Lk: 45}middeldeur¹⁹² in twee geskeur, van bo tot onder. ^{Mt: 51}En die aarde het geskud en die rotse het geskeur. ^{Mt: 52}En die grafte het oopgegaan en baie van die ontslape heiliges het opgestaan.

^{Mt: 53}En ná Sy opstanding het hulle uit die grafte uitgegaan en in die heilige stad ingekom en aan baie verskyn.¹⁹³

39 En toe die **hoofman** oor honderd wat daar reg voor Hom staan, ^{Mt: 54}en dié wat saam met hom Jesus bewaak het, die aardbewing sien en die dinge wat daar gebeur,¹⁹⁴ en hoedat Hy uitgeroep en die laaste asem uitgeblaas het, ^{Mt}het hulle baie bevrees geword¹⁹⁵. Toe het die hoofman ^{L: 47}God verheerlik en bely: Waarlik, hierdie Man was regverdig.¹⁹⁶ Hy was die Seun van God!

Van ver af gesien

^{Lk: 49} En al sy **bekendes** het ver weg gestaan; ook die vroue wat Hom van Galiléa af gevolg het – hulle het hierdie dinge saam as onverdeelde getuienis aanskou!

40 Want daar was ook **vroue**, wat dit van ver af gesien gebeur het. Onder hulle was Maria

¹⁸⁵ Verwys Mk15:23 – selfstandige insidente!

¹⁸⁶ Sesde 'kruiswoord'.

¹⁸⁷ Ps31:6. Sewende en laaste 'kruiswoord'.

Magdaléna, ook Maria, die moeder van Jakobus ^{Mk}die kleine¹⁹⁷ en Joses, en Salóme ^{Mt: 56b}die moeder van Sebedéüs se seuns¹⁹⁸ – 41 hulle wat Hom gevolg en Hom gedien het toe Hy in Galiléa was. Daar was ook baie **ander** vroue wat saam met Hom ^{Mt: 55b}van Galilea af¹⁹⁹ opgegaan het na Jerusalem, ^{Mt: 55a}wat dit van ver af gestaan¹⁸⁸ en sien gebeur het²⁰⁰.

Teruggegaan

^{Lk23: 48} En die **hele skare** ^{L: 35-'die volk'} wat vir hierdie skouspel bymekaar gekom het, toe hulle sien wat gebeur het, het al borsslantend **weggegaan, terug**.¹⁸⁹

(So **eindig** die vyfde dag, **Nisan 14** ('Vyfde Dag' van die week, Donderdag), van Jesus se laaste Pasga-lyding, "volgens die profeet", die **eerste** 'dag', van die "**drie** dae en **drie** nagte" van "Hoedat Hy **gekruisig** is volgens die Skrifte", en, van "hoedat Christus volgens die Skrifte vir ons sondes, **gesterwe** het.")

¹⁸⁸ Die vroue het nie, "bly staan", soos die NAB dit stel, om enigiets verder te wou sien nie. Dit was ook nie net genoemde vroue en Sy familie, wat sou bly staan het terwyl die res van die skare weggevlug het nie.

¹⁸⁹ Geen aanduiding van 'n begrafnis wat direk na die kruisiging sou gevolg het nie!

Ter aarde – 15 Nisan¹⁹⁰

Die Jode

Jh19:31 Mk15:42 Mt27:57 Lk23:50

Donderdagaand, begin van 'Die Sesde Dag' (Vrydag)

J:31 En dat die liggame nie **gedurende** die (aanstaande) **Sabbat**¹⁹¹ aan die kruis sou bly¹⁹² nie, aangesien dit die **Voorbereidingsdag**¹⁹³ was wat **begin het**¹⁹⁴ – want daardie dag¹⁹⁵ was¹⁹⁶ 'n **Groot-Sabbatdag** – het die **Jode**¹⁹⁷ Pilatus gevra dat die gekruisigdes se bene gebreek moes word, en hulle weggeneem moes word. 32 Die soldate het toe gekom en die bene van die eerste een gebreek en van die ander een wat saam met Hom gekruisig was. 33 Maar toe hulle by Jesus kom, en sien dat Hy al dood was, het hulle sy bene nie gebreek nie. 34 Maar een van die soldate het met 'n spies in sy sy gesteek, en dadelik het daar bloed en water uitgekom. 35 Hy wat dit gesien het,¹⁹⁸ het dit getuig,¹⁹⁹ en sy getuienis is geloofwaardig;²⁰⁰ sodat julle kan glo.²⁰¹ 36 Want hierdie dinge het gebeur, **dat die Skrif vervul sou word:** Geen been van Hom sal

¹⁹⁰ Eks12:46-47

¹⁹¹ ... wat pas aangebreek het ... Die rede hoekom nie, word net hier duidelik aangegee: omdat daardie sabbatdag 'n "Groot Sabbat" sou wees, naamlik die Pasga Feessabbat van Nisan 15 – dag van Israel se uittoog uit Egipteland.

¹⁹² Dt21:22-23 As iemand sonde gepleeg het wat die dood verdien, en hy gedood word en aan 'n paal opgeheng word, mag sy lyk nie **heelhang** aan die paal bly nie; maar jy moet hom voor **dagbreek** (Hebreus, "opkomende lig") afhaal en sekerlik dieselfde dag nog begrawe, want een wat opgeheng was, is deur God vervloek. Jos10:26-27. Dt16:3c, 4b, 7b, Lv6:30, Ex13:4,10; 12:37

¹⁹³ Vrydag – 'Voorbereiding' van die weeklike Sabbath

¹⁹⁴ Gr. 'epēi paraskeuee een' – 'een': Aoristos Ingressief

¹⁹⁵ Vrydag

¹⁹⁶ Gr. 'een' – Aoristos Konstatief

¹⁹⁷ Hier word die Jode se begeerte betreffende Jesus se lot duidelik. Hulle sou dit nie verdra het dat Hy begrawe moes word nie! Die feit dat Josef die begrafnis rustig kon onderneem, en die graf selfs toemaak en verlaat sonder dat die Jode ingemeng het, wys hulle het nie geweet dat hy Hom begrawe het nie.

¹⁹⁸ Josef – nie Johannes nie.

¹⁹⁹ Die skrywer is nie self die getuie nie.

²⁰⁰ Kyk net na die getuinskryf van die ander Evangelies van hierdie Josef.

²⁰¹ Dit is die getuenis van 'n ooggetuie – van die vanselfsprekende en enigste moontlike ooggetuie, Josef van Arimatea.

gebreek²⁰² word nie. 37 En, bevestig 'n ander Skriftuur: Hulle sal sien in Wie hulle gesteek het.²⁰³

Josef

J19:38 L23:50 Mk15:42 Mt27:57

Later die Donderdagnag

J:38 **En ná hierdie dinge**, 42 omdat dit ^{Mk}^{al}) **aand geword het**,²⁰⁴ en die **Voorbereiding**, **synde die Voorsabbat**²⁰⁵ **begin het**²⁰⁶,

43 kom daar, ^{L:50a} **doelgerig**²⁰⁷, Josef van Arimatea (^{L:51b}, 'n Joodse stad), ^{J38}, 'n navolger van Jesus', ^{L:50c}, 'n goeie en regverdige man, ^{L:51c} wat self ook die koninkryk van God verwag het'; 43a 'n vername raadslid – ^{L:51a} 'Hy het nie met hulle beleid en handelswyse saamgestem nie'.

^{L:52} Waagmoedig²⁰⁸, ^{J38b} maar in die geheim uit versigtigheid vir die Jode²⁰⁹, het hy na Pilatus **ingegaan**²⁰⁸ en die liggaam van Jesus gevra²⁰⁹, ^{J38c} (en of) hy dit mag **wegneem**.²⁰⁹

44 En Pilatus was verwonderd dat Hy al dood was, en hy het die hoofman oor honderd geroep en hom gevra of **Hy al lank dood**²¹⁰ was. 45 En toe hy bevestiging van die hoofman oor honderd

²⁰² Eks12:46

²⁰³ Sag12:10

²⁰⁴ Mk, 'opsias eedee ghenoménees'; Mt, net 'opsias ghenoménees'. Die dag en datum het begin, was reeds durende, en aanstaande. 'Die Sesde Dag van die week', Vrydag, het al klaar aangebreek en was al aan die gang. Sien Eks34:25 en vgl. Dt21:22-23

²⁰⁵ Hierdie dag van 'voorbereiding', was die weeklike 'Voorbereiding van die Sabbath', in onderskeiding van "Die Voorbereiding van die Pasga" van Jh19:14 – die dag tevore!

²⁰⁶ Gr. 'epēi een' – 'omdat geword het' Aoristos Ingressief

²⁰⁷ Gr. 'Kai idoe', 'skielik', 'Kyk!'

²⁰⁸ Vgl. toe die Jode nie "ingegaan" het nie, omdat hulle die Pasga nog moes eet, J19:28; nou hé Josef die Pasgaamaltyd genut, en kon hy "ingaan". "Dit was alreeds aand gewees", sê Markus en Matteus – 15:42 en 27:57.

²⁰⁹ Gr. 'hina arei'

²¹⁰ Josef kom minstens 'n goeie rukkie ná sononder daar aan. Die tradisie is onsin dat hy die liggaam daar en dadelik neffens die kruis begrawe het.

verneem het, het hy ^{J38d}dit toegelaat²¹¹ (en) die liggaam aan Josef geskenk.

J38e Hy het toe gegaan²¹¹ L:53a Hom **afgehaal**²¹²,
 J38 en die liggaam van Jesus **weggeneem**²¹³.
 46a Josef het Mt:59 skoon²¹⁴ **linne gaan koop**. J:39a En Nikodemus wat die eerste maal (ook) **in die nag** na Jesus gegaan het, het ook²¹⁴ daar aangekom met 'n mengsel van mirre en alewee van omtrent honderd pond gewig.
 46b En hy J:40-hulle het die liggaam J:-van Jesus)
 J:40a,Mt:59 behandel²¹⁵ J:40b en in Mt:59b skoon²¹⁶
 linnedoeke Mt-doeke toegedraai saam met die speserye – **soos** die gewoonte²¹⁶ van die Jode is om te begrawe.)

(So eindig die **sesde nág** (Donderdagnag) – die tweede 'nag', van die "drie nágté" van "hoedat Christus vir ons sondes ... **begrawe** was ... **volgens die Skrifte**.)

"Synde die Voorsabbat"

"Gevolg" (Vrydagoggend)

L:55 Die **vroue**²¹⁷ wat saam met Hom van Galiléa af gekom het²¹⁸ /Mt:61 – **Maria Magdaléna en Maria die moeder van Joses** – L:-het ook²¹⁸ **gevolg** en die graf aanskou²¹⁹. Mt:61b Hulle het regoor die graf **gesit**²¹⁹ en gekyk waar Hy neergelê word, L:-en hoe Sy liggaam geplaas was²¹⁹.

"Namiddag" (Vrydag) Neergelê

Jh:41a En daar was 'n land op die plek waar Hy gekruisig was, en in die land 'n Mt:60-sy nuwe graf L:53b Mt46b wat²²⁰ Mt-hy in 'n rots uitgekap²²⁰ was²²¹ Mt-het (en) L:53c waar nog nooit iemand in neergelê was nie – daar het²²¹ hulle Jh:41b 46b/L:53b-hy Jesus toe neergelê,²²² omdat dit **tyd vir die Jode se voorbereidings**²²³ geword het.

²¹¹ Na die kruise – seker net betyds om te sien hoedat Jesus se sy deursteek word, en om te keer dat Hy in Gehenna gegooi word.

²¹² Gr. 'katheloon'

²¹³ 'Eeren' van 'airoo'

²¹⁴ Benewens Josef.

²¹⁵ Gr. 'elabon / laboon', letterlik, 'hanteer'.

²¹⁶ Eks13:3 **Dink** aan hierdie dag ... vandag (die vyftiende dag) trek julle uit, in die maand Abib! 12:10 Wat daarvan oorbly tot **die môre** toe ... moet julle verbrand." By Sukkot het die Israeliete die eerste keer tot stilstand gekom. Josef begrawe Jesus sonder enige steurnisse – dit was nie dieselfde dag as die kruisiging nie. Die tradisie minag al hierdie faktore.

²¹⁷ Sekere manuskripte van Lukas waar hy die vroue se **besoek** aan die graf Sondagmôre verhaal, verwys na "die drie vroue" in onderskeiding van ander vroue wat saam na die graf gegaan het. Hier by die **teraardebestelling** konstateer Lukas net "vroue" – opsigtelik diesselfde vroue wat deur beide Markus en Matteus by die naam genoem word, die twee Maria's alleenlik. Johannes praat nie van vroue nie; hulle teenwoordigheid by en deelname aan die begrafnis is slegs afleibaar.

²¹⁸ ... agter die manne, Josef en Nikodémus aan ... (26/12/2007)

²¹⁹ Let op hoe teenstellend, "gestaan ... van ver af gesien" tydens die kruisiging, en, "regoor gesit" tydens die begrafnis.

²²⁰ Josef het sekerlik ook in Jerusalem 'n tuiste gehad vanwaar hy tyd vir sulke take gehad het.

²²¹ Josef en Nikodemus

²²² Js53:9

²²³ Voorbereidings vir die weeklikse Sabbat.

"Het teruggegaan" Vrydagnamiddag

46c En ^{Mt: 60b}nadat²²⁴ Josef 'n ^{Mt-}groot² rotsskyf in en teen die opening van die graf gerol het, het hy **weggegaan**.^{224 L: 56a} Daarop het die vroue **teruggegaan**²²⁵, en speserye en salf berei²²⁶.
^{L: 54}Want dit was **namiddag** van die **Voorbereiding**²²⁷.²²⁸

(So eindig die sesde **dag** – 15 Nisan (en Sesde Dag van die week, Vrydag) – van Jesus se Pasgalyding, die tweede ligdag, van die "drie dae" van die "drie dae en drie nagte", van "hoedat Christus vir ons sondes gesterwe het volgens die Skrifte, en hoedat Hy **begrawe** was ... volgens die Skrifte".)

²²⁴ Gr. 'ap-eelthen' – ons lees nie weer van Josef nie. Soos hy gekom het, het hy gegaan – 'uit die blouse'.

²²⁵ Gr. 'hypostrepsasai' – na Betanië waar die vroue gebly het. Dit was verder as 'n Sabbatsreis. Vgl J20:10, Gr. 'pros autous' – 'terug huis toe', die ekwivalent van 19:27, Gr. 'eis ta idia' – die dissipels se verblyf in Jerusalem. Dit was naby genoeg om af te nael.

²²⁶ Hulle sou heelwat tyd hiervoor nodig gehad het voordat die Sabbatdag sou aanbreek, want hulle moes nog "teruggaan" Betanië (volgens Tradisie) toe waar hulle by die huis, hulle bereidings sou maak. Die gewone voorbereidings vir die Sabbat – "die voorbereidings van die Jode", soos Johannes dit noem, moes ook nog getref word voordat hierdie Vrydag om sou wees. Dit beteken die belangrike feit om in gedagte tehou, dat Josef die graf toegemaak het, sekerlik nie later as drie uur die namiddag nie. Nou as Jesus drie uur namiddag eers gesterwe het maar toe al begrawe moes gewees het as Hy ook nog op hierdie Vrydag gekruisig moes gewees het, blyk die verwarring van die tradisie, duidelik.

²²⁷ ... "synde Die Voorsabbat" – Markus, wat al met sononder die vorige aand begin het. Alhoewel die Pasgasabbat, was maatreëls soos begrafnisse, nie net veroorloof nie, maar verpligtend – en verpligtend, veral met dié oog op die aanstaande dag wat die Sewende Dag Sabbat sou wees – die één dag waarop géén werk van watter aard ookal, gedoen mag gewees het nie.

²²⁸ Volgens die Bybelse en Joodse manier van waarneming van die dag, is 'namiddag' die durende dag, wat 'begin oorhel', en 'in die rigting van' die begin van die volgende dag, 'gedraai' het – hiervolgens, "synde sonlig-skynende", en nou dalend "tot", of "na" die volgende dag se begin toe.

"Laat Sabbatmiddag" – 16 Nisan "Eerste Gerf voor die Aangesig van die HERE Beweegoffer"

(Vrydagaand)

Lukas 23:56b Toe, volgens die Gebod,²²⁹ het hulle vir die Sabbat²³⁰ **begin**²³¹ rus. (So eindig die geskiedenis van die derde 'nag', van die "drie dae én, drie nagte").²³²

Met seël én wag (Saterdagoggend)

Matteus 27:62 Die volgende oggend – wat ná al die voorbereidings²³³ aangebreek het²³⁴ – kom die owerpriesters en die Fariseërs²³⁵ by Pilatus saam, 63 en, onkant betrapp, pleit hulle: Geagte heer²³⁶, ons **is nou skielik daaraan herinner²³⁷ dat dié verleier, toe hy in die lewe was, voorspel het: Oor drie dae staan ek op.**

²²⁹ Let wel, nie 'volgens die Fees' nie, maar, "volgens die Gebod" – die Vierde Gebod naamlik. Dit beteken hulle het toe begin met hulle weeklikse Sabbatsonderhouding – Aoristos, Ingressieve Aspek. Hulle 'rus' was nie hulle waarneming van enige afgelope dag nie, maar van die aanstaande dag.

²³⁰ Markus 16:1 En toe die Sabbat verby was, het Maria Magdalena, en Maria die moeder van Jakobus, en Salome, speserye gaan koop, om Hom te gaan salf.

²³¹ Lv.23:11 "Die dag ná die (Pasga-) sabbat" was, hierdie jaar, die (weeklikse) Sabbat. Die vroue het "wanneer almal rus", "begin rus", dit is, "die nag" – die begin en eerste helfte van die dagsiklus.

²³² 'Stil Saterdag' se stil begin.

²³³ Sien nota by "verstaan", vers 65. Pilatus skyn uit die veld geslaan te wees deur die Jode – wéé hulle dan nie dat Josef Jesus begrawe het nie? Vgl. J19:41 asook vers 31! Die Jode het twee geleenheidde deur die vingers laat glip, sóú hulle van die begrafnis geweet het, om te gereël het vir 'n wag en die verseling van die graf. Die feit dat hulle ná al hulle naastigtelike maatreëls eers op hierdie oggend met Pilatus vir 'n wag en die verseling van die graf onderhandel, is sterkst bewys hulle het nie geweé dat Josef gedoden het nie. Dit verduidelik ooh hoekom Matteus praat van "die oggend na die voorbereiding(s)", en hy dit ónnodig vind om die vanselfsprekende, dat dit die Sabbat was, te noem.

²³⁴ Waarom, terwyl dit die Sabbat was, sê Matteus nie dat dit die Sabbat was nie? Ook omdat hy dit net verderaan – in 28:1 – wel duidelik stel dat al hierdie dinge op die Sabbat gebeur het, naamlik al die mens se pogings om God se gang met al sy werke klaar te maak, te dwarsboom; en God se voortgang met sy rus te verwerf soos Hy ewiglik gewil en gespreek het – "volgens die Skrifte".

²³⁵ Die Fariseërs het in die opstanding van die dode geglo. Die hoëpriesters was Sadduseërs; hulle het kantig nie in die opstanding geglo nie. Nou kom dit uit wat hulle stille beterwete was.

²³⁶ 'n Vorm van respek – enkelvoud gevvolg deur die meervoud, 'ons'; amper soos in die Vokatief. Net soos in Afrikaans/Nederlands, 'mijn heer'. Nadat die beste geleenheid van die Vrydagnamiddag om voorbereiding vir die sekerheid van die graf te tref hulle ontglip het, is die Jode nou só in verleentheid om Pilatus se goedkeuring daarvoor te verkry, dat hulle nie eers die Sabbatsure respekteer nie. Vandaar hulle vleiende taalgebruik; en vandaar ook die feit dat Matteus nie sê, dat die Jode op die Sábbat, hulle versoek gerig het nie.

²³⁷ Gr. 'emneestheemen', Aoristos Ingressief Passief; nie Presens of Aktief nie. Niemand wis van Josef se onderneeming, "in die geheim", nie. Die Jode moes vanoggend eers gehoor het!

64 Gee dan bevel dat die graf verseker word **tot die derde dag** (om is)²³⁸, dat sy dissipels nie miskien (agterna) **in die nag** kom en hom steel nie, om dan vir die volk te kan sê: hy het opgestaan uit die dode nie. Want die laaste dwaling sal erger as die eerste wees. 65 Daarop sê Pilatus vir hulle: Julle sal 'n wag kry; gaan verseker die graf soos julle dit verstaan.²³⁹ 66 En hulle het gegaan en die graf verseker deur die steen te **verseel** in teenwoordigheid van die **wag**.

"In Volheid van Sabbats Ligdag"

Matteus²⁴⁰ 28:1²⁴¹

OPSTANDING!

Nieteenstaande,²⁴² **laat Sabbatmiddag**,²⁴³ vóór die Eerste Dag²⁴⁴ van die week, **meteens**, was daar 'n groot aardbewing **net toe** Maria Magdalena en die ander Maria **vertrek** het **om** na die graf **te gaan** kyk²⁴⁵. 2 Want 'n engel van die Here het uit die hemel neergedaal en gekom en die sluitsteen van die opening weggeslinger en daarop gaan sit. 3 En sy gedaante was soos weerlig en sy kleding wit soos sneeu. 4 En van skrik vir hom, het die wagte sidderend, asof sterwend,²⁴⁶ bewusteloos neergeslaan.²⁴⁷

²⁴⁰ Slegs Matteus maak melding van die werklike Opstandings-omstandigheid. Die ander Evangelies veronderstel dit slegs – duidelikste te siene by Markus wat geen woord rep van wat tussen Vrydagnamiddag se begrafnis en Saterdagdaag se koop van speserye, plaasgevind het nie.

²⁴¹ "Op die derde dag is Ek klaar" (Lk13:32, Jh5:36, 4:34), met "die werke wat My Vader My gegee het om te volbring" (Jh6:39, 40, 44, 54). "In die laaste dag", "in die volheid van die Sabbatdag", "die **derde dag**" van die "drie dae en drie nagte" van "hoedat Christus vir ons sondes gesterwerf het volgens die Skrifte, en hoedat Hy begrawe was, en hoedat Hy **opgestaan** het op die derde dag, volgens die Skrifte" – "die Sewende Dag Sabbat naamlik van dié HERE jou God, want op dié Sewende Dag het Gód, alles wat Hý, gemáák het, **voltooi**, en van al sý, werke, **gerus; dáárom**, het Gód, die Sewende Dag geséén, en dit gehéilig." "Want aldus het God van die Sewende Dag gespreek ("deur die Seun in hierdie laaste dae" (Hb1:2): En God het op die Sewende Dag van al sy werke gerus.)" (Hb4:4-5)

²⁴² "Verduidelik die engel aan die vroue": "Julle onthou die graf was verseel die oggend ná al hulle voorbereiding? Wel, wat het dit hulle gehelp? want geen mens het gesien wat toe nieteenstaande, gebeur het nie. So was dit beskik dat geen mens daar was om te kon sien nie – geen mens durf, in elk geval, aanskou het nie, want volle Sabbat gebeur daar toe dit ...".

²⁴³ Gr. 'epi-foos-k-oesel' – die Sabbat se "namiddag voor die Eerste Dag" – dieselfde grondwoord as in Lk23:54 – dáár, die Vrydag se "namiddag voor die Sabbat"; en dieselfde as in die welbekende teks: "en Christus sal oor jou skyn".

²⁴⁴ Justinus die Martelaar (einde tweede eeu) ruil al die linguistiese faktore presies om, om te kan sê, "Ná die Saterdag, óp die Sondag". Só word dit nageaap in bykans al die nuwre 'Vertalings' en 'Weergawes' of 'Versies' – 'weergawes' in eie-tydse en beter geleerd-klinkende woorde van maar net Justinus se stokou verdraaiing.

²⁴⁵ Infinitief van doel, Gr. 'thee-ooreesai'.

²⁴⁶ Heeltemal bewusteloos – "soos dooies". Hulle het van nijs wat om hulle aangegaan het, geweet nie. Hulle sou nie eens kon onderskei het dat dit aan 'n engel se glans te wye was dat hulle bewusteloos geword het nie.

²⁴⁷ ... **Wat**, die uitnemende grootheid van die Krag van sy Sterkte wat Hy gewerk het in Christus **toe** Hy Hom uit die dode **opgewek** het! **wat, toe** Hy Hom **laat sit** het aan sy regterhand in hemelse verheffing **bo** alle ouerheid en mag en krag en heerskappy!^{Ef1:19-21} Want God het **aldus** van die Séwende Dag **gespreek**: En God het op die Sewende Dag, van **al, Sy, werke, gerus**.^{Hb4:4} Op die derde dag, **maak Ek klaar** – word Ek **volmaak**! Gr. 'telei-oemai', L13:32 – Teenswoordige Tyd Indikatief – in God se tyd uit ewigheid tot ewigheid. Christus tree in – word ingebring in – volkome samesyn (Klaas Schilder) van die Drie-Enige God: 'EK IS volkome'.

²³⁸ Gr. 'heoos'+Gen, "vir die derde dag".

²³⁹ Pilatus kon weereens nie uitmaak wat die Jude nou eintlik wou hê nie. Hulle het self nie geweet nie, anders sou hulle – as hulle maar daar was of geweet het – al by die begrafnis, of met hulle onderhoudb met Pilatus die vorige aand, voorsorgmaatreëls vir die wag en verséeling, getref het!

Die Eerste Dag

(Sondag)

Saterdagaand

Markus 16:1²⁴⁸ En toe die Sabbath **verby** was (aand ná sononder), het Maria Magdalena en Maria²⁴⁹ die moeder van Joses, én **Salome**,²⁵⁰ speserye **gaan koop**²⁵¹ om Hom mee te salf.²⁵²

“Kom Maria”

Johannes 20:1 Op die Eerste Dag van die week, **synde nog vroeë donkerte**,²⁵³ kom Maria Magdalena na die graf toe,²⁵⁴ en sien die **rotsdeur** van die graf af, eenkant **weg!**²⁵⁵ 2 Sy **hardloop daarom**²⁵⁶ en kom by Simon Petrus en die ander dissipel vir wie Jesus liefgehad het, en sê vir hulle: Hulle het die Here uit die graf weggeneem²⁵⁷, en ons²⁵⁸ weet nie waar hulle Hom neergelê het nie.

²⁴⁸ Lees Markus 16:1 aanen met hoofstuk 15:45b, en onthou 15:47 is 'n parantese en mag maar oorgeslaan word om die aaneenlopende verband tussen 16:1 en hoofstuk 15 duideliker te kan opmerk. Lees voetnota by 16:2.

²⁴⁹ Die Maria's het reeds Vrydagmiddag hulle speserye gehad of bekom, én voorberei.

²⁵⁰ Die enigste twee vroue wat by was toe Jesus begrawe was, was die twee Maria's.

²⁵¹ Dit word vergeet dat "berei", nie "koop", is nie. Vanselfsprekend was Salome die een wat nie speserye gehad het nie; hoe sou sy? aangesien sy nie by was toe Jesus begrawe was nie en dus nie kón geweet het om speserye te bekom nie.

²⁵² Laaste vergissing, laaste voorbereiding. Alles sou uiteindelik blyk onnodig te gewees het – en so begin die Eerste Dag van die week.

²⁵³ Gr. 'proo-i skotias eti oesees', dit is, presies net wat dit sê, "nog vroeë donkerte", dit is, die aand. Maar niks kontekstueel, veronderstel die vroeëoggendure nie! Sodra die oggend hier veronderstel word, ontstaan al die teenstrydigheide – legioe daarvan en almal welbekend maar net so sleg verskoon.

²⁵⁴ Maria kon haarself nie keer nie, en gaan gou alleen om na die graf te gaan kyk – gladnie verbasend nie want dit is wat sy al die Sabbathnamiddag wou gedoen het, maar weens omstandighede verhoed was om uit te voer. Honderd soldate en al die aggressiewe Jode wat 'n graf bewaak, kan van ver af gesien word; bowendien was daar die aardbewing ... Nou egter, was daar géén wag náby nie. Wat sou van hulle geword het? **Matteus** 28:1 vertel wat. Maar Matteus vertel nie wat mens sal moet aflei daarná en tussenin, gebeur het nie – dat die wag toe al moes herstel het en die hasepad die stad in moes gekies het.

²⁵⁵ Let wel, Maria sien die klip – nie soseer die graf nie; en sy sien beslis nie binne-in die graf nie, want sy hardloop alreeds van die afstand dat sy die geopende graf gewaar, terug! Ook is dit seker dat Maria toe nog nie geweet het dat die liggaam rērig weg was nie, want sy gaan nog steeds met haar voorname van die Vrydagmiddag aan, om Jesus se liggaam na die Sabbath te gaan salf – Lukas verhaal dit.

²⁵⁶ Gr. 'tregei oen'

²⁵⁷ Dit is uiteraard slegs wat Maria dink, gebeur het – en natuurlik, verkeerd. Maria sou graag ná die Sabbath met haar oorspronklike voorname van die Vrydagmiddag al, om Jesus se liggaam te salf, wou voortgaan. Uit Joodse oogpunt gesien, sou sy moes wag totdat die Sabbath om was, wat na sononder sou gewees het. Maar daar het toe iets voorgeval waarmee sy nie rekening gehou het nie, en wat die uiteindelike uitvoering van haar voorname effe vertrag het. Sien voetnotas 2 en 4.

²⁵⁸ Dit is, 'Ons almál', of te wel, 'niemand nie'. Daar is géén nodigheid dat iemand anders as Maria, die graf gesien het nie.

Petrus en Johannes

J20:3 Toe gaan Petrus en die ander dissipel uit en kom by die graf. 4 Die twee het saam gehardloop, maar (Johannes) het vooruit, vinniger as Petrus, gehardloop, en eerste by die graf gekom. 5 Terwyl hy neerbuk, sien hy die doeke lê; maar hy het nie ingegaan nie. 6 Toe kom Simon Petrus agter hom aan, en gaan in die graf in en sien die doeke lê. 7 En die doek wat op sy hoof was, sien hy nie by die ander doeke lê nie, maar opgerol en op een plek afsonderlik. 8 Daarop het ook die ander dissipel (Johannes) wat eerste by die graf aangekom het, ingegaan, en hy het gesien en geglo.²⁵⁹ 9 Want hulle het nog nie die Skrifte verstaan dat Hy uit die dode moes opstaan nie.

10 Die dissipels het daarom weer huistoe²⁶⁰ gegaan.

(Dit was "**synde nog vroeë-donker**", Saterdagaand, en nog maar die aanvangsure van die Eerste Dag, Sondag.)

²⁵⁹ 'Geglo' wat Maria hulle vertel het – dat "hulle die liggaam van die Here weggevat het".

²⁶⁰ 'apeelthon pros autous', vgl. 'eis ta idia', 19:27.

²⁶¹ Duidelik gebruik elke Evangelie sy eie keuse van bronne! Soos Johannes hier, so ook Matteus in 28:1-4 wat veral in die Grieks baie unieke eienaardighede vertoon. Sien Boek Twee, 'Resurrection'.

Die voorgenome besoek

Lukas 24:1 Baie vroeg in die môre,²⁶² op die Eerste Dag van die week, het hulle²⁶³ en ander vroue saam met hulle na die graf gegaan²⁶⁴ en hulle speserye saamgebring²⁶⁵ wat deur hulle berei²⁶⁶ was. 2 Toe sién²⁶⁷ hulle²⁶⁸ dat die steen van die graf af weggegooi²⁶⁹ was.²⁷⁰ 3 Maar²⁷¹ toe hulle íngaan²⁷², het hulle nié die liggaam van die Here Jesus gekry nie!²⁷³ 4 En terwyl hulle hieroor in verleenheid²⁷⁴ staan,²⁷⁵ verskyn daar by hulle,

²⁶² Gr. ‘orthroe batheoos’ – ‘diep(st)e namiddernag nag’

²⁶³ ‘Hulle’ – die (in vers 10 genoemde) “drie vroue”, soos sommige manuskripte van Lukas daar sê, was nie dieselfde groep van wie Lk23:55, Mt27:61 en Mk15:47, vertel nie. In die plek van Salome, noem Lukas vir Johanna. Gevolgtrekking: Verskillende besoekte aan die graf op verskillende tye van die nag!

²⁶⁴ ‘Het gegaan’ – eerder as ‘het gekom’ – ‘terwyl ... draende’, met die doel om te gaan self. Die vroue nader die graf wéntende dat dit oopgemaak was – Maria het hulle mos als vertel! Maar hulle weet nog nie dat die liggaam weg is nie. Hulle het nie Maria se vermoede dat “hulle die Here uit die graf weggeeneem het”, geglo nie. Hulle het ook nie geweet dat Petrus en Johannes al vroeër die nag, die graf leeg ontek het en toe huistoe gegaan het nie. Hulle het toe maar alleen graf toe gegaan.

²⁶⁵ Hulle wil nou daarmee doen dit waarvoor hulle die speserye in die eerste plek voorberei het. Die vroue – Maria inkluis – weet dus nog nie dat die liggaam nie meer in die graf is nie. Anders sou hulle tog nie hulle speserye saamgebring het nie. Dit beteken drie dinge: Een, Maria het maar net veronderstel en verkeerd veronderstel toe sy aan Petrus en Johannes vertel het: “Hulle het die Here uit die graf weggeeneem”. Die graf was leeg en Jesus opgestaan – dit weet ons agterna, omdat ons alles vertel is. Maar Maria het maar net haar vrese gelug – sy het nog nie alles geweet nie, en was verkeerd in wat sy gedink het sy geweet het. Twee: Dat daar meer as een besoek aan die graf gebring moes gewees het, en dat Maria s'n, die eerste sien van die graf was. Drie: Hieruit moet aangeleer word dat Lukas se vermelding, vermelding van die eerste besoek aan die graf deur die vroue gesamentlik was.

²⁶⁶ Onderskeidelik ... eers die twee Maria's wat met die begrafnis by was en soos Lukas vertel,

Vrydagnamiddag al speserye gaan berei het; en toe ook Salome saam met hulle die Saterdagavond, om,

soos Markus vertel, ook vir haar wat nog nie gehad het nie, speserye te gaan koop.

²⁶⁷ Beangsd moes hulle dringend kom uitvind!

²⁶⁸ Net soos Maria nadat sy die graf die eerste keer oop gewaar het, dit nie net aan die manne nie, maar sekerlik ook aan die vroue, sou beskywe het. Kyk weer na Johannes se verswyging van die vroue in die algemeen se deelname in die begrafnis-tafereel – anders as Lukas se beklemtoring daarvan. Net so wat betref die besoekte aan die graf. Vir Johannes is Maria Magdalena die vrou wat tel.

²⁶⁹ Letterlik in die Grieks, “weg gesleur”, ‘apokekulismeno apo toe mneemei-oē’, en opdraend, want die vroue kyk uit die graf uit “op”, volgens Markus 16 verse 4 en 3. Dit was ‘n onnatuurlike en onmoontlike prestasie (fiat) vir enige mens of mense! Maria het onderskat: “Hulle” – wie ook al – was nie die verantwoordelik vir daardie oop graf nie.

²⁷⁰ Gr. ‘he-uron’, “bevind”, eerder as “gevind”, want die graf word nie nou-eers, voor dagbreek. Sondagmôre, oop ontdenk nie. Nou word bevestig wat reeds Saterdagavond deur Maria ontdenk was.

²⁷¹ Gr. ‘de’, ‘Maar’ – dit is geen gewone ‘en’, hierdie nie!

²⁷² Anders as Maria wat nie ingegaan het toe sy die eerste keer die graf oop gesien het nie.

²⁷³ “Nie gekry” soos hulle verwag het nie! Weereens die Griekse woord ‘he-uron’ soos so pas in die eerste vers, vir ‘bevind / gesien’, eerder as ‘gekry’ – maar hierdie keer ‘n téénbevinding. Met die woord ‘bevind’ speel Lukas weer daarop toe, dat Maria die vroue moes vertel het: Jesus móét tog nog in die graf wees, maak nie saak dat ek dit oopgemaak gesien het nie! Hy móét net daar wees; Kom, laat ons sy liggaam sáam gaan self, “soos dit vroue betaam om aan hulle afgestorwe geliefdes te doen” – (Evangelie van Petrus).

²⁷⁴ Verleé ... Die implikasie nogmaals, is dat daar by die vroue hoop opgewek was – hoop dat die liggaam ten spyte van die oop graf, nog daarin sou gewees het. Die kennis van Maria se eerste

twee manne²⁷⁶ in blink klere. 5 Angs het die vroue aangegegryp²⁷⁷, en hulle koppe het gehang, teleurgesteld en bang.

Toe sê die manne vir hulle: Waarom soek julle Die Lewende by die dooies? 6 Hy is nie hier nie, want Hy het opgestaan! Onthou tog hoe Hy vir julle gesê het toe Hy nog in Galilea was: 7 Die Seun van die mens moet oorgelewer word in die hande van sondige mense, en gekruisig word, en op die derde dag, opstaan! (8 Hulle het toe oor Jesus se woorde gaan nadink.) 9 Hulle gaan toe terug van die graf en vertel dit alles aan die elf en aan al die ander.

10 Dit was **Maria Magdalena** en **Johanna** en **Maria die moeder van Jakobus**, en die **ander vroue** saam met hulle,²⁷⁸ wat dit aan die apostels gaan vertel het. 11 Maar hulle woorde het vir hulle na onsinne praatjies geklink, en hulle het hulle nie geglo nie.

(Dit was ‘nét na middernag’, ‘orthros batheoos’, Saterdagnag.)

(Petrus, verwonderd)

12 Maar Petrus het opgestaan en na die graf gehardloop,²⁷⁹ en toe hy neerbuk, sien hy die doeke alleen lê. En hy het weggegaan huistoe – vol verwondering oor wat gebeur het.²⁸⁰

waarneming van die graf al die tyd gedaglig, word elkeen se verwagting egter skielik en wreed, teleurgestel.

²⁷⁵ Duidelik op pad uit die graf uit, nog so half in die opening. Die manne verskyn buitekant die graf.

²⁷⁶ Gr. ‘andres’, ‘manne’ – moontlik Moses en Elia? Vergelyk L9:30-31 met Mt28:1, ‘anghelos’, ‘engel’.

²⁷⁷ Eers hiér en nou ten aanskoue van die manne.

²⁷⁸ Sien voetnota 4 onder Markus 16:2.

²⁷⁹ Vir die tweede keer; die eerste keer was toe hy en Johannes gaan kyk het, ná Maria se ontdekking van die oopgemaakte graf “toe dit nog vroeg-donker was” die aand. Sien voetnota 5. Die lig van die Skrifte het soos die dagbreek, al hoe duideliker vir Petrus begin word.

²⁸⁰ Die lig het vir Petrus – saam met die dagbreek – begin opgaan! 1Pt1:10-11 en 2Pt1:18. Was hierdie besoek in Petrus se gedagtes terwyl hy hierdie verse – én vers 19 – geskrywe het? Hoe donker was hierdie uur nie vir hom drie dae gelede nie! Hoe het Nestlé dit reggekry om hierdie vers uit te laat?

Voor Dagbreek

(Sondag)

"Waarom die vroue net een besoek gun?"²⁸¹

Mk16: 2-8

Mk:2²⁸² Baie vroeg²⁸³ op die eerste dag van die week, voor dagbreek²⁸⁴, kom hulle²⁸⁵ by die graf aan²⁸⁶. 3 Al pratende onder mekaar, dink hulle na: Nou wié, sou vir ons die steen voor die opening van die graf weggerol het?²⁸⁸

4 Want toe hulle mooi gekyk het²⁸⁹, sien hulle²⁹⁰ dat die steen opdraend²⁹¹ weggesleur was desnieteenstaande dat dit baie groot²⁹² was.

²⁸¹ AT Robertson. Tradisie wat net een besoek toelaat, forseer Verskyning en Opstanding só om gelyktydig plaas te vind, en forseer só, die Opstanding na die Eerste Dag toe.

²⁸² Die werklike verdeeling tussen die kontekstuele perikope lê tussen verskeie en twee – nie tussen 15:47 en 16:1 nie, en word vereis deur die gevolglike weersprekking, sou mens 16:1 en 16:2 saamvoeg – dat “na die Sabbath” wat na sononder Vrydaggaand is, nie “vroeoggoggend” wat voor sonop Sondag is, kan wees nie. Daar waar geen tydsverloop uit die sigbare teksverband gemeld word nie, is dit nogtans, uit inhoudelike betekenis-verband sowel as uit die noodwendige verloop van historiese gebeure, duidelik. Dit is kenmerkend van Markus hier, waar hy ook geen verloop van tyd en gebeure tussen 15:47 (begrafnis) en 16:1 (Saterdagaan) aandui nie, maar opsigtelik, impliseer. Lees voetnota by 16:1.

²⁸³ Vergelyk die nag van Jesus se oorlewering, waar dieselfde term, ‘prooi-i’, omtrent drie uur voormiddag aandui.

²⁸⁴ Gr. ‘anateilantos toe heelioe’ – ‘gedurende son-op-draai’ – later as Lukas se ‘orthroe batheoos’ – ‘diep(st)e namiddernag nag’.

²⁸⁵ Die vroue is uiters “bang” en “vlug van die graf af, weg”. Hulle “vertel niemand iets nie”. Volgens Matteus egter, het hulle “met blydskap gehardloop om die dissipels, te gaan vertel”. Jesus verskyn nie in die Markus-verhaal nie; maar wel in Matteus s’n. Die verhale vertel duidelik van twee verskillende besoeke. Ek het aanvanklik hierdie juiste mening gehandhaaf, maar toe ten gunste van die ‘een-bronsiening’ daarvan afgewyk. Na deegliker ondersoek moes ek tot finale en onontkombare slotsom kom dat die oorspronklike ‘twee-verhale-verklaring’, die regte een was.

²⁸⁶ Sonder speserye of iets – net om seker te maak.

²⁸⁷ Gr. ‘elegon pros he-autas’ – vgl. Lukas 24:15, Gr. ‘en tooi homilein autous’ – “terwyl hulle praat en mekaar vra”. Onthou, by die eerste aanskou van die leë graf hoe “baie bevrees” en “verleë” (L24:3,5) hulle was? Hulle moes bietjie “gaan dink” het – verse 6 en 8!

²⁸⁸ Hulle weet reeds van die klap; nou probeer hulle die raaisel ontrafel.

²⁸⁹ In die vroeoggoggendskemer

²⁹⁰ By nadere (tweede) ondersoek!

²⁹¹ Gr. ‘anakekulistaai’, ‘anablepsasai’ – ‘op’. Fynier besonderhede. Verwys voetnota 9 onder L24:2

²⁹² Nog meer onbegryplike besonderhede.

5 En toe hulle in die graf ingaan,²⁹³ sien hulle ‘n jongman,²⁹⁴ met ‘n lang²⁹⁵ wit kleed om, aan die regterkant²⁹⁶ sit.

En hulle was baie **verbaas**.²⁹⁷

6 Wat is julle so verdwaas? Sê hy vir hulle. Julle soek Jesus die Nasaréner wat geskruisig is? Hy het opgestaan.²⁹⁸ Hy is nie hier nie. Dáár²⁹⁹ is die plek waar hulle³⁰⁰ Hom neergelê het.

Mk: 7 Maar gaan vertel sy dissipels én vir Petrus, dat Hy voor hulle³⁰¹ uit na Galiléa gaan. Daar sal hulle⁵ Hom sien – soos Hy hulle⁵ verseker het.

8 Bewing en verbystering het die vroue aangegryp, en hulle het vir **niemand iets vertel nie**, want hulle was **stom van vrees!**³⁰² Toe gaan hulle haastig uit en **vlug** van die graf af weg

²⁹³ Nie ‘uitgekom het’, soos in Lukas nie, maar stap vir stap ondersoekende.

²⁹⁴ Net een “jonkman” (neanisko) “sit aan die regterkant” binne in die graf; Johannes, twee, ‘engele’ “sit, een aan die kop-ent en ander aan die voetenend”; Lukas, twee ‘mannen’, buite voor die graf; Matteus, “die engel”. Let op hulle woorde – telkens met ‘n eie, boodskap. Dit kannie, met net een besoek versoen word nie!

²⁹⁵ Tot die kleinste besonderheid

²⁹⁶ Nog meer besonderhede – vertroudbriede met die binnekant van die graf word veronderstel.

²⁹⁷ Gr. ‘eksethambeethesan’ <‘ek+thambe-omai’; in teenstelling met Lukas, ‘emfob-on’, ‘verskrik’. ‘Hoe is dit moontlik, wat het gebeur?’ skyn hulle reaksie te gewees het.

²⁹⁸ Julle weet mos! Of, Julle behoort te weet, want julle het mos al die graf gesien!

²⁹⁹ Maak weer vir julleself seker –

³⁰⁰ Julle weet mos, Josef en Nikodémus,

³⁰¹ Grieks: “julle” – die dissipels.

³⁰² Markus: “Hulle het niemand iets vertel nie”; maar Matteus: “Hulle het haastig gaan vertel!”

Sonop Sondag

“Maar Maria”

Johannes 20:11-18 **Maar**³⁰³ Maria het buitekant by die graf **gebly staan**,³⁰⁴ en sy het geween. Huilende buk sy na die graf toe af en sien **twee engele** met wit klere aan daar **sit** – een by die kop en een by die voete waar die liggaam van Jesus gelê het. 13 Vra hulle haar: Vrou, hoekom huil jy? Antwoord sy: Omdat hulle my Here weggenoem het, en ek nie weet wáár hulle Hom gaan neerlê het nie. 14 En toe sy dit gesê het, draai sy haar om agtertoe en **sien Jesus** staan, en sy het nie geweet dat dit Hy was nie. 15 Jesus sê vir haar: Mevrou, waarom ween u? Wie soek u? Sy het gedink dat dit die **tuinier**³⁰⁵ was, en antwoord hom, As ú Hom weggedra³⁰⁶ het, sê asseblief vir my, waar u Hom neergelê het,

³⁰³ Gr. ‘de’, ‘en’, is maar ‘n swak verbinder met Johannes se voorafgaande verbandlose konteks. Ons het Maria, volgens Johannes, laas by Petrus en Johannes in Jerusalem aangetref. Dit maak nie sin om luiters voort te gaan met ‘... en Maria het by die graf bly staan ...’ nie. Nie eers ‘n ‘maar’, sou dien nie. Maar vir direkte vervolg op die Markus-verhaal, is ‘de’, ‘en’, net die verlangde koppelwoord: 8 Toe gaan (die vroue) haastig uit en vlug van die graf af weg ... **maar**, Maria het by die graf gebly ...’.

³⁰⁴ Gr. ‘heistéékei’, ‘gebly staan het’, ‘had had stood after’, **Pluskwamperfektum**. Hier is ‘n groot leegte tussen verse 10 en 11 van Johannes 20. Waar Markus 16:2-8 perfek hierso in Johannes inpas, hou die tyd en die gebeurtenis van voor vers 11 en na vers 10 van Johannes 20 self, geen verband met mekaar nie. Die Pluskwamperfektum word dan ook gespas saam met die teenstellende ‘de’, ‘en’, gebruik: die ander vroue het weggehardloop ‘... maar, Maria **het gebly staan**. Tradisie en vertalings maak van twee, een en dieselfde oomblik en gebeurtenis in tyd. Vgl. Lk16:20, “Lasarus was voor die hek neergesit”, ‘ebébleto’. “Eine Handlung geschehen (mit) eine noch in der weiteren **Vergangenheit andauernde Folge hinter(ge)lassen.” BD347.2.**

³⁰⁵ Werksdag het vir hom sonop begin en sononder geëindig. Dit was dus omtrent ses uur die oggend.

³⁰⁶ Gr. ‘ebastasan’, ‘met geduld te dra’. Tradisie wil dit hé dat Maria hier, soos ook in vers 2, bedoel het dat die liggaam gesteel sou gewees het – deur die Jode en of Romeine. Maar dit is duidelik nie so nie. Maria gebruik die Vnw. ‘hulle’ vir Josef en Nikodemus wat die liggaam in die eerste plek ‘geneem’, het, ‘airoo’ en ‘lambanoo’, en begrawe het – en dit heimlik moes doen omrede al die vyandskap en teenstand van die teenpartye. Nou kon Maria – niksvermoedend dat die graf’ verséél was – gereken het dat ‘hulle’ die liggaam weer verwyder en érens anders gaan begrawe het net om dubbel seker te maak. Johannes sê ‘neergelé’, ‘etheekan < titheemi’ (v.13) – met dieselfde eerbiedigheidswaarde as die eerste keer toe ‘hulle’, Hom ‘begrawe’ het, 19:42, m.a.w., nie ‘gesteel’ nie. Die storie dat Maria beweer het die liggaam was ‘gesteel’, of dat die graf volgens haar, ‘geskend’, sou gewees het, is pure versinsel. En net so is elke versinsel van die tradisionele opvatting, van dieselfde gebeurtenis, dieselfde besoek, dieselfde verskyning, en dieselfde oomblik in tyd, naamlik, Opstanding vroeg op Sondagoggend toe die vroue by die graf aangekom het en Hy aan hulle verskyn het. Die hele konsep is vals, en word opgemaak, net om Sondagheiligheidsontwil. Intussen maak dit die Christelike geloofsoortuiging vir ongelowiges die voorwerp van bespotting.

en ek sal³⁰⁷ Hom wegneem.

16 Jesus sê vir haar: Maria! Sy draai haar om³⁰⁸ en sê vir Hom: Rabboeni! dit beteken Meester. 17 Jesus sê vir haar: Raak My nie aan nie, want Ek het nog nie opgevaar na my Vader³⁰⁹ nie. Maar gaan na my broeders en vertel hulle Ek vaar op na my Vader toe – my Vader sowel as julle Vader,³¹⁰ en my God én júlle God.

Mk16:9 So dan³¹¹, as Die Verresene, het (Jesus), **vroeg op die Eerste Dag** van die week, **eerste**,³¹² aan Maria Magdalena, **verskyn**.

“Verduidelik die engel”

[Hulle vrees en vertwyfeling dryf die vroue (nou sonder Maria), weereens na die graf toe terug – waar die engel aan hulle verduidelik wat “op die Sabbath” –die dag tevore– gebeur het, en skielik word alles vir hulle duidelik, want,]

5a “... **het die engel aan die vroue verduidelik**³¹³ ...”

“Sabbat³¹⁴ **namiddag**, die Eerste Dag van die week aanstaande³¹⁵, en **net toe** Maria Magdalena en die ander Maria vertrek het om na die graf te gaan kyk, 2 was daar skielik ‘n groot aardbeweging, want ‘n engel van die Here het uit die hemel

³⁰⁷ Gr. ‘... en ek wil Hom vir myself neem’, ‘ka’ghoo auton aroo’.

³⁰⁸ Eienaardige verwikkeling: Maria draai haar eers na Jesus toe om; nou draai sy wéér “om”, dit wil sê, weer weg, weer met haar rug na Jesus toe. Was dit ‘n gebruik van eerbetoning of nederigheid? Jesus vind dit nie vreemd nie. Hy sê as’t ware vir Maria: Moenie nou weer na My toe draai of My wil vasklou nie, maar gaan reguit voorentoe en gaan vertel ...!’

³⁰⁹ Sien boek 6, ‘High Priest of the Most High God’.

³¹⁰ Genadeverbond! God finaal en vir ewig éengeword met die mense; die Koninkryk van God en van die hemele, hé gekom! Daarom, “my Vader, sowel as julle Vader”.

³¹¹ KJV, “Now”.

³¹² En tweedens, aan die ander vroue.

³¹³ Eg ‘redenaars-styl’, het “**verduidelik die engel aan die vroue**” (vers 5a), net soveel toepassing op die **eerste vier** verses as op die daaropvolgandes! Die bestaande teks-indeling is niks-biedend en belemmer eintlik ‘n beter begrip van sake.

³¹⁴ gister

³¹⁵ Dit was vóór sononder, “vóór die Eerste Dag van die week laat die **Sabbatmiddag**”. Want aldus het God van die Sewende Dag gespreek ...”, én “aldus” sedert die skepping “in die outyd”, én “aldus” dwarsdeur die openbaring van sy Genadeverbond, en “aldus” tótdat Hy, “in hierdie laaste dae tot ons gespreek het deur die Seun wat Hy as Erfgenaam van alles, aangestel het”, Hb1:1.

neergedaal en gekom en die steen van die opening weggerol en daarop gaan sit. 3 En sy gedaante was soos weerlig en sy kleding wit soos sneeu. 4

En uit vrees vir hom het die wagte, sidderend asof sterwende, soos dooies neergeslaan, ...³¹⁶
5b Moet (daarom) nie vrees nie, want **ek**³¹⁷ weet (mos) julle soek Jesus wat gekruisig is! 6 Hy is nie hier nie, **Hy het opgestaan –** soos Hy (mos) gesê het Hy sou!³¹⁸ Kom kyk tog na die plek waar die Here gelê het, 7 en gaan gou; gaan sê vir sy dissipels Hy het opgestaan uit die dode, en gaan voor julle uit na Galiléa. Daar sal julle Hom sien. Kyk, **ek** het julle dit gesê!³¹⁹

8 Hulle het haastig die graf verlaat, en met vrees en groot **blydskap** gehardloop om dit aan sy dissipels te gaan **vertel**.

(Sondag na sonop)
Jesus verskyn aan die ander vroue

9 En terwyl hulle op pad was, **kom Jesus hulle meteen teë** en sê: Wees gegroet! Toe kom hulle nader en gryp sy voete en aanbid Hom. 10 En Jesus sê vir hulle: Moenie bang wees nie – gaan! Gaan vertel my broeders dat hulle na Galiléa moet gaan; dáár, sal hulle My sien.

En die dissipels?

Mk16:10 Sý, daardie een,³²⁰ J:18 Maria Magdalena,) het gegaan, en 'aan die dissipels' (en) aan dié wat saam met Hom gewees het – terwyl hulle treur en ween – 'gaan vertel dat sy die Here gesien het en dat Hy dit vir haar gesê het'. 11 En toe hulle hoor dat Hy lewe en deur haar gesien is, het hulle dit nie geglo nie.

En die wag?

Mt28:11 Terwyl (die vroue) op weg was³²¹ :9 om dit (dat Hy opgestaan het en lewe) aan sy dissipels te vertel¹, kom daar sommige van die wag in die stad aan en vertel die owerpriesters wat alles³²² gebeur het. 12 En nadat hulle saam met die ouderlinge vergader en raad gehou het, het hulle die soldate baie geld gegee, 13 en gesê: Julle moet sê: Sy dissipels het **in die nag**³²³ gekom en hom gesteel terwyl ons geslaap het. 14 En as dit³²⁴ by die goewerneur gehoor word, sal

³²⁰ Gr. 'ekeinee' ... aan wie Jesus eerste verskyn het ... Markus sê dat die vrou niemand agterna – ná hulle besoek aan die graf – vertel het nie omdat hulle te bang was. Dit maak Maria Magdalena – "daardie ene" – die eerste getuie van Jesus se opstanding. Waar sy "daardie ene" was wat Jesus eerste verreese gesien het, was sy ook die eerste ene – 'daardie ene' – om dit aan die dissipels te gaan vertel het.

³²¹ 'n Rukkie ná sonop.

³²² "Alles" waarvan hulle geweet het of kón geweet het. Die wagte lig hierso, nêrens nie. Hulle lig slegs daaroor dat hulle sou geslaap het. Hulle was nie só dwaas om te beweer dat hulle op wag, geslaap het nie! Hoe dwaas is dié tradisie dat hulle op wág geslaap het, wel!

³²³ Dus ná 'die derde dag' om was.

³²⁴ "...dit": nie dat Jesus opgestaan het en lewe nie – die Jode het nog niks geweet nie en het ook nie geglo nie. 'Dit' staan daarom vir hulle storie dat Sy dissipels in die nag gekom het en Hom gesteel het. Of staan 'dit' daarvoor dat "ons geslaap het"? Die dubbelinnigheid is juis die Jode se sterk punt! Maar die wagte was nie gekke nie – hulle sou nooit die indruk toegelaat het dat hulle aan diens geslaap het nie. Matteus sê die wagte het net dit vertel wat hulle vir waarheid geweet het: "alles". Eintlik was dit niks, want hulle was deur die engel se glans "soos dooies" bewusteloos neergeslaan. Volgende wat hulle van geweet het, was dat die graf oop en leeg was. Maar niemand sou ooit weet nie – niemand teenwoordig was bewus om iets te kón weet nie. Daarom, kom ons glo "alles" het volgens plan en opdrag afgeloop – dan kon ons seker maar ná ons lange wag-skof 'n slapie inkry – dis tog ons goeie reg! Nou, dit tóé, dat "sy dissipels gekom en Hom gesteel het" – nié óns fout nie! En die implikasie is onontkombaar: Omdat die wagte reg gehad het om die nag te slaap en die liggaaam toe reeds weg, moes Jesus opgestaan het vóórdat daardie nag begin het en terwyl dit nog "die derde dag" was. Die nag waarvan ons praat, was Saterdagagn. Jesus hét daarom, op die Sabbatdag opgestaan.

Maar dis maar heeltemal 'n onnodige bykomstigheid – die waarheid van God rus nie op die getuenis van leuenaars nie, maar bewys homself; want die Skrif verduidelik en bewys homself, dat ons Here Jesus Christus op die Sabbatdag sóú, en op die Sabbatdag inderdáád, uit die dode opgestaan hé.

³¹⁶ Eg 'redenaars-styl', het die "verduidelik die engel aan die vroue" (vers 5a), net soveel toepassing op die eerste vier verse as op die daaropvolgandes! Die bestaande teks-indeling van die vertalers is niks-beduidend en belemmer eintlik 'n beter begrip van sake.

³¹⁷ Van vers 1 tot hier en vers 7, is Eerste Persoon-vertelling – die engel se "verduideliking"!

³¹⁸ ... gister al!

³¹⁹ Julle moet nou glo en begin optree soos gelowige mense!

ons hom tevrede stel³²⁵ en sorg dat julle nie hoeft te bekommernie. 15 Hulle het toe die geld geneem en gemaak net soos aan hulle voorgeskryf was. En hierdie verhaal is onder die Jode versprei en tot vandag toe glo hulle dit.

Sondag laat-namiddag, en aand

Markus 16:12 En hierna het Hy in 'n ander gedaante verskyn aan **twee van hulle** terwyl hulle loop, op pad in die veld. 13 Hulle het ook gegaan en dit aan die ander vertel, maar dié het hulle ook nie geglo nie.

14 **Later** het Hy aan die **elf** self verskyn toe hulle aan tafel was, en toe Hy hulle hul ongeloof en hardheid van hart verwyt het omdat hulle nie dié wat Hom opgestane gesien het, geglo het nie. Dáár het Hy vir hulle gesê: Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom.

Voetnota 304 gekorrigeer 26 Julie 2008

PALM SUNDAY TO PASSOVER				
<u>NISAN</u>	<u>TEXT</u>	<u>DAY BEFORE PASSOVER</u>	<u>PLACE</u>	<u>EVENT</u>
8	*			
9	Jn.12:1	SIXTH = Saturday	Bethany 'where Lazarus stayed'	Meal Mary anoints Jesus' feet
10	Lk.19:29-44 Mk.11:1 Jn.12:12 Mk.11:11	FIFTH = Palm Sunday 'the next morning' 'late hour'	Village Into Jerusalem, in temple To Bethany	Colt, palm branches 'looked around'
11	Mt.21:18 Mk.11:12 Mk.11:15 Lk.19:45-48 Mk.11:19	FOURTH = Monday 'early' 'next morning' 'when it got late'	From Bethany 'came to Jerusalem' 'out of city'	Fig tree cursed Cast out money changers
12	Mk.11:20 21,27 Mt.22:23 Lk.20:1-8 Mk.13:1, 3 Mt.26:2	THIRD = Tuesday 'early' 'on the same day'	'returning' (from Bethany) 'to Jerusalem again' 'out of temple' Mount of Olives Lk.21:37	Fig tree withered Temple building Jesus preaches Kingdom of heaven
13	Lk.21:38 Mt.26:3 Mk.14:1-3	SECOND = Wednesday 'After two days' Passover/Feast'	'being in Bethany' 'Simon's house'	CONSPIRACY Meal Woman anoints Jesus' head
	Jn.13:1,29 Mk.14:17 Mt.26:21	FIRST = THURSDAY 'BEFORE the FEAST' / 'TOWARD the FEAST' <u>"When the even was come"</u>		
	Mk.14:2 Mt.26:5 Mt.26:17 Mk.14:12	'NOT on the Feast Day' 'on the first day of de-leaven 'on the first day of de-leaven		when they always sacrificed the Passover'
	Lk.22:7 Lk.22:14 Jn.13:30 Mk.15:1	'came the day of de-leaven whereon passover must be 'when the hour was come'		SLAUGHTERED'
	Lk.22:66 Jn.19:14 Mk.15:1 Lk.22:66 Jn.19:14 Mk.15:25 Mt.27:45	'Came their day' 'Preparation of Passover' 'THE SIXTH HOUR'(6AM.) 'THE THIRD HOUR' 'the sixth hour' 'the ninth hour' EARTHQUAKE RETURNED BREAST BEATING	'It was night' 'early morning'	LAST SUPPER
	Mk.15:42 Mt.27:57 Jn.18:28			TRIBUNAL
	Jn.19:31 Mk.15:42 Mk.15:45 Lk.23:53 Jn.19:38c Jn.19:40a 42	'might eat the Passover' 'Because it was preparation 'being the Fore-Sabbath'		DELIVERED
				CRUCIFIED
				darkness
				DIED
	Mk.15:42 Mt.27:57 Jn.18:28	'IT WAS EVENING'		
	Jn.19:31 Mk.15:42 Mk.15:45 Lk.23:53 Jn.19:38c Jn.19:40a 42	'FEAST' 'Because it was preparation 'being the Fore-Sabbath'	Pilate "granted" Joseph Jesus' body 'He took the body down'	the Jews asked Pilate After these things Joseph asked Pilate
			'He therefore took the body of Jesus away' 'Then they prepared the body of Jesus'	
			'There laid they Jesus'	

* 8th Nisan: "*The people were come in great crowds to the Feast of Unleavened Bread on the eighth day of the month Xanthicus*" (or Nisan / Abib), Josephus, Wars vi, 5:3. Also Megallit Ta'anit (Die Festenrolle – Eine Untersuchung Zur Judisch-Hellenistischen Geschichte, H. Lichtenstein, HUCA 8-9, 1931-32.

³²⁵ Ons sal sorg dat die goewerneur nooit te hore kom dat die liggaam weg is nie. Die Jode se versekering gaan nie oor verskoning vir aan diens slaap nie.

first to “the third day according to the Scriptures”...

... the first day, 14 Nisan, “*Preparation of the Passover*”,

Thursday, begins :

“*Evening*” – Preparation for, and the Lord’s Supper

Mk.14:12, 17, Lk.22:7, 14, Jn.13:1-17:26

“*Night*” – Anguish, Betrayal, Denial

Mt.12:40, Mk.14:26-42, Jn.18:1-27

“*Early*” – Trial, Delivered, Way to Cross

Jn.18:28-19:22

Middle Day – Crucifixion, Mocking, Darkness,

Mk.15:25, 29, 33, Jn.19:23-29

“*The ninth hour*”, Afternoon – **Died, Deserted**

Mt.27:46, Jn.19:30, Lk.23:48

... the second day, 15 Nisan, Passover Feast, “*The Fore-Sabbath*”, **Friday, begins :**

“*Evening*” – Jews, “*after this*”, Joseph

Jn.19:31-40, Mk.15:42, Mt.27:57, Lk.23:52;

“*Night*” – Took the body down, prepared

Mk.15:42-46b, Mt.27:58-59, Lk.23:53a Jn.19:32-40

“Afternoon” – Buried

Mk.15:46c-47, Mt.27:60-61, Lk.23:53b-56b, Jn.19:41-42

... “the third day”, 16 Nisan, First Sheaf Wave Offering, “*Sabbath*”, **begins :**

“*Began to rest*”

Lukas 23:56c

“*Morning*” – Guard

Only Mt.27:62-66

“Afternoon” – Resurrected

Only Matthew 28:1-4

... the fourth day, 17 Nisan, **Sunday, begins :**

“*The Sabbath past*”

Only Mark 16:1

“*Early darkness*”, first sight of opened grave

Only John 20:1-2

“So shall the Son of Man have been in the heart of the earth for three days and for three nights” when raised from the dead “for a sign”!

Matthew 12:40.

Why I believe Jesus Christ rose from the dead on the Sabbath Day ...

Beginning 2006 my sister Eunicé asked me to simplify my views as elaborated upon over thousands of pages in ‘*The Lord’s Day in the Covenant of Grace*’. Her request resulted in my ‘*Lydingsweek – n Kronologiese Sinopsis van die Evangelies*’, finished in 2007 in about three months after our 2005 Christmas holiday together. She told me it helped her to see more clearly what I meant the Scriptures say on the Resurrection of Christ and its date and time, as God saw fit to reveal to us his children. Nevertheless, said she, it was still too long, and she (in 2008 shortly before her death) asked me to summarise and explain it in even shorter format. I answered her, there are many summaries of a few lines to a page at most, scattered throughout the first three volumes. Her objection was it required too much effort to find these summaries; I should simplify, and compress; create something in its own ... for those unfamiliar with the subject.

It is easier said than done in a more compact way than I have delivered on demand from herself and others, but shall once again try to do as she requested. God’s will be done in her life, which is threatened by a carcinoma of the brain, if by this effort I may contribute to her comfort and joy in the knowledge of our Lord and Saviour Jesus Christ. God be with you always, my beloved sister; “Your life is hid with Christ in God!”

The Last Week

"ACCORDING TO THE SCRIPTURES"[1] ... "THREE DAYS AND THREE NIGHTS IN THE HEART OF THE EARTH"[2]

The First Month for You

"Observe the Month of Abib!"[3] Christ our Passover sacrificed[4]; Lamb of God[5]; A Lamb stood on the mount; they sang a new song before the Throne[6]

Friday

"The **eighth** day of Abib, they came"[7], He came to Bethany.[8]

Saturday (Abib 9)

Six days before the Passover **Feast**; where Lazarus stayed; lunch.[9]

'Palm Sunday' (5 days before Feast)

The next day[10], "**tenth** day of Abib"[11], Jerusalem; branches of palm trees.[12] Late; to Bethany.[13]

Monday (Abib 11; 4 days before Feast)

The next day[14] From Bethany; fig tree; in temple; when late out of city; to Bethany.[15]

[1] 1Cor15:3-4

[2] Mt12:40

[3] Dt16:1-3, 2Chr29:15a

[4] 1Cor5:7

[5] Jh1:29,36

[6] Rv14:1,3, 15:3; Ps40:2-3, 138; Ex15:1-3, 6-7, 16-18; Eph1:17-23; Ro6:4; Col2:12b, 15

[7] 2Chr29:15b

[8] Jn11:56, 12:1a

[9] Jn12:1b

[10] Jn12:12a

[11] Ex12:3,6

[12] Jh12:12b-13

[13] Mk11:11

[14] Mk11:12-13, Mt21:18-19

[15] Mk11:19, Mt21:17

Tuesday (Abib 12; 3 days before Feast)

The next day[1]; returned to city; saw fig tree; in temple; out of temple; mount of Olives.[2] = "When Jesus had finished these sayings, he said to his disciples, You know that after **two days** is the Passover when the Son of Man is to be **crucified** (Abib 14)."[3]

Wednesday (Abib 13; 2 days before **Feast**)

In the **night** (Tuesday-night) He abode in the mount.[4] Early in the **morning**; all the people came to the temple[5]; The **Feast Day** when they began to eat Unleavened Bread drew nigh[6]; After **two** days was the **Feast Day**[7] of the Passover of Unleavened Bread; The priests sought how they might take Him; not on the **Feast!**[8]

And He being in Bethany in the house of Simon the leper ... Judas went to the priests to betray Him unto them without tumult."[9]

[1] Mk11:20, Mt21:18,23, Lk20:1

[2] Mk13:1,3

[3] Mt26:2, Jesus' own words to his disciples; "two days" to Nisan 14, but 3 days to Nisan 15.

[4] Lk21:37

[5] Lk21:38

[6] Lk22:1

[7] Mk14:1, Abib 15; Mark's words to the readers.

[8] Mk14:2, Mt26:5, Nisan 13 – "Not on the **Feast Day**", Nisan 15, yet!

[9] Mk14:3,10, Mt26:6,15, Lk22:3

Thursday (Abib 14; 1 day before **Feast**)

"The **fourteenth** day"[1] **Before the Feast**[2]; the first[3] day **Leaven** had[4] to be **Removed**; **began**[5]; the **night** in which He was betrayed[6]; the Preparation of the **Passover**[7]; when **always**[8] the Passover **must**[9] be **killed**; My time is **at hand**.[10] In the **evening**[11] when the hour was come[12] He sat down with the disciples. His hour **was come**.[13] It was night.[14] **This day** in this night[15]; **this hour**[16]; Enough, the hour **had come**[17]; Behold, the Son of Man is betrayed!

- [1] Lv23:5
- [2] Jn13:1
- [3] Mt26:17a
- [4] Ex12:19
- [5] Lk22:7a
- [6] 1Cor11:23
Die skrywer van die Brief noem Jesus se opstanding maar eenkeer, met dié woorde, "*Die God van vrede wat die Groot Herder van die skape, onse Here Jesus Christus, uit die dood teruggebring het.*" Vrede, kuddelewe – die Kerk, en rus, word onmiddellik met Jesus se opstanding vereenselwig. Hierdie vers staan egter vér agter in die Brief, in 13:20! Tog wil ek dit stel dat Christus se opstanding van die begin van die brief af, elke gedagte van die skrywer regdeur, solied onderlê.

Reg van die begin af, hoofstuk 1, word Christus se opstanding reeds vir geen korte oomblik nie geimpliseer en nie heel eerste, vóórveronderstel, en, vooropgestel, nie. Want, in ag genome die eerste verse van hoofstuk een :

Is dit nie so dat "God in hierdie laaste dae", deur sy opstanding uit die dode, "*tot ons deur die Seun gespreek het*" nie? (1b)

Is dit nie so dat God, deur die opwekking van die Seun uit die dood, Hom "*as Erfgenaam van alles aangestel het*" nie? (2a)

Is dit nie so dat Hy in en deur Christus se opstanding uit die dood, "*ook die wêreld gemaak het*" (2b) nie? Want

God het trouens "*die wêreld*" "*deur Hom*" – "*die Seun*" in opstanding uit die dode huis- nuut, "*gemaak*". "*Die Seun*" in opstanding uit die dode, Want: "*Hierdie wet* (entolee) het *Ek van My Vader ontvang*" – hierdie "**mag** (eksoesia) om my lewe weer op te neem", Jh10:18. "*Wek U Mag op, en kom ons te hulp ... o Herder van Israel!*" Ps80:2-3

Is dit nie so dat hierdie Erfgenaam nie ook nog "*alle dinge deur die Woord van sy Krag* ('dunamies') **dra**" nie? (3b) –deur "*die Krag* ('dunamies') van sy **opstanding**" naamlik! (Fil3:10)

Want, "*Sondereiniging bewerkstelligende dra* Hy *alle dinge*"-'*katharismon poi-eesamenos*', staan dit daar! Sonder Jesus se versoeningsbewerkstelliging deur opstanding uit die dode, gaan alles verlore en tot niet.

[Volgens die OAB: "*Hy dra alle dinge nadat Hy die reiniging bewerk het*". Die Grieks: "*Hy dra alle dinge déúrdat Hy, reiniging van sonde bewerk het*", Deelwoord: "*bewerkstelligende*".] Christus het "*alle dinge*" "deur Homself", sáam met Hom en in Homself, weer ópgerig "*úit die dood*", weer "*teruggebring*", en vóort, "*gedra*", "*sondereiniging bewerkende*"!

"*Sodat Hy deur die dood* (die dood tot ópstanding uit die dood – "*the death of death in the death of Christ*", John Owen) *hom wat mag oor die dood gehad het, die duivel, tot niet kon maak, en almal kon bevry wat hulle hele lewe lank uit vrees vir die dood aan slawerny onderworpe was.*" (Hb2:14c-15)

"*Sy Seun Jesus Christus, na die Gees van Heiligeit met krag vervlaar as die Seun van God deur die opstanding uit die dode!*" (Ro1:4) "*Aan My is gegee alle mag in hemel en op aarde ... Kyk, Ek is met julle as die dae tot aan die voleinding van die wêreld*": die Opgestane Heiland troos en gee krag!

"*Deur Homself*", "*het Hy die wêreld gemaak*", en "*dra Hy alle dinge*", dáárdeur, dat "*die Seun*", "*deur Homself, reiniging van sonde bewerk het*". (1:3c) "*Ek maak julle die Evangelie bekend ... dat Christus vir ons sondes gesterf het ... dat Christus vir ons sondes begrawe is ... en dat Christus vir ons sondes opgewek is. ... En as Christus nie opgewek is nie, is*

*julle geloof nutteloos; trouens, dan is julle nog in julle sondes.
... Maar nou, Christus is opgewek uit die dode." (1Kor15:1-4,17,20)*

Kolossense 1:

"16 Want in Hom is alle dinge geskape ... alle dinge is deur Hom, en tot Hom geskape. 17 Want Hy is voor alle dinge, en in Hom hou alle dinge stand. ... 18b Hy wat die Begin is, die Eersgeborene uit die dode, sodat Hy in alles eerste kan wees. 19 Want dit het die Vader behaag dat in Hom die gans volheid sou woon. 2:9 Want in Hom woon al die volheid van die Godheid liggaamlik, en julle het die volheid in Hom wat die Hoof is van alle owerheid en mag." "Hom opwekkende uit die dode het God Hom laat plaasneem aan sy regterhand in hemelse heerlikheid bo alle owerheid en mag en krag en heerskappy."

Ef1:20-21

Daar is dan geen twyfel nie, dat wanneer die skrywer van Hebreërs skrywe dat, "die Seun", "deur Homself, reiniging van sonde bewerk het", hy allereers aanneem "dat Christus vir ons sondes opgewek is", want "as Christus nie opgewek is nie ... dan is julle nog in julle sondes" en 'is julle nog' nie "gereinig" nie. *Christus is die Eersgeborene uit die dode – "die dode": ons!* "Hy is die Hoof van die Liggaam die Gemeente": ons! (Kol1:18a) Dit alles, gebeur en word waar, by en met, in en deur, en op grond van, die opstanding van Christus uit die dode! Soos die Hebreerbrief verklaar: "Wanneer Hy weer die Eersgeborene in die wêreld inbring ... want aan wie van sy engele het Hy ooit gesê: U is my Seun, Vandag het Ek U gegeneer?" (1:6)

Dit is duidelik, géén gedagte sonder Christus se opstanding uit die dode is vir hierdie skrywer moontlik nie. En sou ons nie Christus se opstanding uit die dode neem as basis en gronde en voorveronderstelling van en vir álles wat hy sê nie, moet ons maar weet, ons het nog nie eers begin om hom te verstaan nie.

Vgl. Js53:4,11,12, Mt8:17. Ook Kol2:12-13, "... julle ook saam opgewek deur die geloof in die werkung van God wat Hom uit die dode opgewek het -- die werkung van God wat ook julle wat dood was deur die misdade saam met Hom lewend gemaak het deurdat Hy julle al die misdade vergewe het."

"Sondevergifnis bewerkstelligende" is Christus opstanende uit die dode". Want, "Juis waar Hy deur Homself die reiniging van ons sondes bewerk het, het Hy gaan sit aan die Regterhand van die Majesteit in die hoogte", (3c) Let wel! ('katharismos ... poi-eesamenos ... ekathisen')

Ons sê wéér: Regdeur die Brief, word Christus se opstanding vir geen korte oomblik nie geïmpliseer en nie heel eerste, vóórveronderstel nie. Want, wáár vind ons Hom, die Seun, by uitnemendheid, "die afskynsel van die heerlikheid en die afdruksel van die wese van God", (3a) as huis in sy opstanding uit die dode? Wáár, as huis "Terwyl Hy" ... deur opstanding uit die dood ... "soveel uitnemender geword het as die engele namate Hy 'n voortreffeliker Naam as hulle" ... deur opstanding uit die dood ... "geërf het"! (4) Wáár was dit; en wanneer, dat die Seun "soveel uitnemender geword het as die engele namate Hy 'n voortreffeliker Naam as hulle geërf het"?

Laat Paulus ons antwoord:

"Toe Hy Hom uit die dode opgewek het / Hom uit die dode opwekkende ... en Hom laat sit het / Hom setelende aan sy regterhand in hemelse heerlikheid – bo alle owerheid en mag en krag en heerskappy en naam." Ef1:20-21 Nogmaals die Deelwoorde! Toe, en terwyl!

Laat Petrus ons verduidelik:

"... op grond van Jesus Christus wat met die regterhand van God ten hemel deurgegaan-is se engele en magte en kragte aan Hom onderwerpende opstanding." (Engels, "Who is gone - 'estin poreutheis") Die skrywer gaan tog nie soos ek gemaak het, Jesus se opstanding elke keer noem nie – hy spel dit dan klaar uit deur een vir een die oneindige deugde daarvan aan te toon!

Die grootste deug van Christus se opstanding is, dat *"Hy –Jesus– aan hulle –die Volk van God– Rus verskaf het"*. Hierom gaan dit in hierdie gesprek. Hierdie "Rus" deur Jesus verwerf en deur Hom vir sy Volk "verskaf", en aan sy Volk "gegee", is "Sý Rus", "die rus van God", "die Rus van sy eie werke", "sy Rus, soos Gód" – "soos God in sy eie heerlikheid van Goddelikheid". Dit gaan hierom: Hierdie "Rus" is deur Jesus verwérf: "*triomfántlik verwerf*" (Kol2:15c), "*triomfántlik verwerf*" **deur opstanding uit die dode,**

deurdat "Hy aan hulle rus verskaf het"; **deur opstanding uit die dode**, deurdat "Hy self in sy rus ingegaan het" ... en **dan wat daaruit voortvloeи ... "vir die Volk van God".**

Maar om vir uself te gaan seker maak ek praat nie my eie versinsels nie, gaan lees nou verder op enige plek in die Brief. U sal saamstem, die skrywer wil van nijs anders iets weet en van nijs anders iets getuig, as van Christus Jesus, en van Hom, as die Opgestane Een in opstanding uit die dode nie. Hierdie skrywer veronderstel "volwasse" lesers (5:4); Verstaan hom soos volwassenes! Hy praat met mense wat "vanweë die tyd, leraars behoort te wees". (5:12) Moenie dat u, hierdie klare feite, soos vir 'n kind, met 'n teelepeltjie gevoer word nie.

"Die Rus", Metafoor vir die Opstanding van Christus

Nou is hierdie bevinding van ons uit gemeenskaplike vrae na die Skrif-Woord van God, bevestig, dat die Hebreërskrywer op elke manier waarvan hy gebruik mag maak, van die opstanding van Jesus Christus praat -- dat hy menige metafoor, daarvoor toepas.

Ons kon deur **die hele Brief** aangegaan het op die wyse waarop ons hierdie enkele verse betrag het, en ons afleiding sal dieselfde bly: Dit gaan in geheel en in besonderheid vir die skrywer van Hebreërs oor die opstanding van Jesus as alles-bepalend ván, en allesbepalend vir, die Christelike geloof.

Sou 'Die Rus' dan, waarvan Hebreërs in hoofstukke 3 en 4 praat, nog 'n metafoor vir die opstanding van Christus wees?

Hoe het God 'gerus', en waarin? In Christus Jesus, en in Hom in opstanding uit die dode! Inderdaad nooit anders nie! Mens kan en moet dit aanvaar en vooropstel, op grond van die skrywer se gedurige en onbevraagtekende toespeling op Jesus se opstanding. Mens kan en moet dit sê op grond van sy voorveronderstelling van Jesus se opstanding as grondslag van en rede vir – as noodwendigheid van en vóórvereiste vir – álles wat die Christelike Geloof uitmaak!

So dan het ons hierdie vooropstelling – dat Jesus se opstanding die hoof-tema van die brief is – maklikste en duidelikste kon sien deur eenvoudig die Brief te gaan lees het, en blyk dit weereens die geval te wees waar die skrywer van 'Die Rus' van God, skrywe.

Te berde vir ons gesprek dus, is een van die skrywer se metafore vir die opstanding van Christus, '**die Rus van God**' – teenoor, en relatief tot – "**'n Sabbatsrus vir die Volk van God'**".

"Terwyl die belofte om in sy rus in te gaan, nog standhou" ... en "terwyl dit dan so is, dat sommige daar ingaan" ... "Laat óns, ons dan beywer om in te gaan, in dié rus."(4:1,6,11) "**Dieé Rus**", waarin die Seun, "soos Gód van sy werke", deur opstanding uit die dood, "ingegaan het".(4:10) "Want ons wat geglo het, gáán die rus in."(4:3) Sy opstanding, reinig ons van die sonde.

Baie meer ook die woord '*sabbatismos*' in Hb4:9, dui die '*Rus*' –daardie 'geestelike Rus' waarvan ons heeltyd nog gepraat het– aan.

Is '*sabbatismos*' derhalwe ekwivalent vir of selfs sinoniem van, '*katapausis*'? Duie '*sabbatismos*' –net soos '*katapausis*' – die opstanding van Christus aan?

Die vraag word dus genoodsaak: **Wat is God se 'sabbatismos' dan, in verhouding tot sy 'Rus'-'katapausis'?**

'Sabbatsrus' en 'Rus' – 'Sabbatismos' en 'Katapausis'

Die woord "katapausis"-rus' kom nege keer in die NT voor, waarvan slegs een geval, nie uit Hebreërs is nie (Hd7:49). Hierdie Selfstandige Naamwoord kom van die Werkwoord, 'katapau-oo' wat ook drie uit vier keer, uit Hebreërs kom. Die vierde geval is ook uit Handelinge (14:18).

Die woord "katapausis"-rus' moes besondere betekenis vir die skrywer van hierdie Brief gehad het, soos duidelik is uit die plase van voorkoms daarvan: 3:11, 18; 4:1, 3, 3, 5, 10, 11; en 'katapau-oo', 4:4, 8, 10. Trouens, beide woorde blyk vir hierdie skrywer binne die verband van die Genadeverbond, diepe mening te gehad het OMDAT al sy toepassings daarvan tussen 3:11 en 4:11 voorkom -- waar die Genadeverbond herken word aan die volgende beskrywings van die skrywer daarvoor:

"My Rus" (3:11); "Deelgenote van Christus"; "Sy Stem"; **"Sy Rus"** (3:18); "Die Belofte" (4:1a) **"Sy Rus"** 4:1b); "Die Evangelie" (4:2a); "Die Prediking" (4:2b) "Die Geloof" (4:2c); **"Die Rus"** (4:3a); **"My Rus"** (4:3b); "Sy werke Volbring" (4:3c); **"My Rus"** (4:5); "Die Evangelie"

(4:5b); "Sy Stem" (4:7); "**Rus gegee**" (4:8); "**Rus ingegaan**" (4:10a); "**God rus van sy werke**" (4:10b); "**Dié Rus**" (4:11).

Die ekwivalente betekenis, bedoeling, en gebruik, van die verskillende woorde en beskrywings vir dieselfde ding, is onmiskenbaar en duidelik, duidende op die Genadeverbonds-Rus van God; op die Rus van God van sy werke van voltooiing, heililing, seëning en opwekking in, deur, en van, Jesus Christus.

Al die skrywer se beskrywings vir die 'Rus', kan saamgevat en opgesom word in, God se Ewige Evangelie-Rus, ingegaan déur (in die eerste plek), Christus Jesus self, en, in (in die tweede plek), Christus Jesus, deur sy Volk!

Duidelik is God se 'katapausis'- "Rus", nie sy 'Sabbatismos'- "Sabbatsrus", "vir die Volk van God", nie.

God se 'Sabbatismos'- "Sabbatsrus" "vir die Volk van God" volg op, en is die vrug ván, God se 'katapausis'- "Rus": "Want as Jesus aan hulle rus verskaf het en Hy daarna van geen ander dag (van verlossing) sou spreek nie, BLY DAAR DAAROM, onderhouding van die Sabbatdag vir die Volk van God oor; bly dit oor OMDAT HY WAT in sy rus ingegaan het Self ook van sy eie werke as God in sy eie, gerus het." (4:8-10)

Sabbatismos"- "Sabbatsrus"

"Daar bly dus 'n sabbatsrus oor vir die volk van God." As 'sabbatismos', 'katapausis' beteken het, waarom sou die skrywer nie 'sabbatismos' gesê, het nie? Of, eerder, waarom sou hy nie ook waar hy 'sabbatismos' gesê het, 'katapausis' gesê het nie? Want hy gebruik tog as die reél, 'katapausis' vir 'rus'? Hy weet mos waarvan hy praat; dis feitlik net hý, altans, wat hierdie woord en woorde in die Skrifte gebruik! Maar nee! As daar 'n 'gebod' wat sabbatsonderhouding "vir die Volk van God" aanbetrek, 'oorgebly' het, dan 'vertaal' ons dit net eenvoudig uit en weg, want daar kannie, "'n Sabbatsrus vir die Volk van God oorbly", waarmee Sondagsheililing moet saamleef nie. Want daar is nie vir altwee – "onderhouding van die Sabbat", én, "Sondagwaarneming" – ruimte in die lewe van die Kerk nie. Nog die 'Goddelike vryheid*', nog die 'menslike vryheid*', laat dit toe. (* Karl Barth se frases.)

Maar ons moet tog eers wéét waaroer dit nou eintlik gaan? Wat is dit wat uiteindelik, 'geldend', sou 'oorbly', of sou 'wag'? Is dit iets van belang vir die geloof en vir die

geloofslewe van Christene? Of is ons moeite verniet – soek ons vir iets wat nie saak maak nie? Of soek ons nou vir iets wat vér voor ons lê en nie tans vir die Kerk of op die individuele gelowige, betrekking het nie? Daarom eerstens, moet ons weet waarvan die ware Woord in die oorspronklike taal praat as dit van die '**sabbatismos'** praat wat (altoos) "vir die Volk van God **oorbly**".

Uit die staanspoor kry ons te make met korupsie van God se Woord, reg in hierdie teks, waar kwasi-vertalings praat van 'n 'rus', en nie van 'n 'Sabbats-rus', nie. Ek weet van geen Vertaling wat die Griekse teks, se woord, 'sabbatismos', letterlik – en daarom heeltemal reg – vertaal nie. Selfs die AV het net 'rest'. (Die AV gee wel die kantlesing, "a keeping of a Sabbath".)

Nou as dit maar net 'n 'rus' sou gewees het wat vir die Volk 'oorgebly het' (of wat vir die Volk 'voorlê'), kan mens mos nie wil voorgee dat "'n onderhouding van die Sabbat-dág, (nog) vir die Volk van God, geld" nie? Dit sou tog leuenagtig gewees het, en veroordelend oor hulle wat opreg glo dat hier van 'n geestelike 'rus' (wat Jesus Christus is), gepraat word. Ons moet daarom seker maak wat die woord 'sabbatismos', presies, beteken, sodat ons kan weet waaroer dit essensiell, in hierdie Skrif gaan.

'Sabbatismos' kom net eenkeer, in Hb4:9, in die Nuwe Testament voor. Dit is afgelei van die soortgelyke, 'kognetiewe', werkwoordsvorm, 'sabbatidzoo' – "om Sabbatdag te hou". Vgl. die Septuaginta, Ex16:30, Lv23:32, 26:34-35, 2Kron36:21. Al hierdie teksplase verwys na onderhouding of waarneming van een of ander spesifieke 'dag', as 'Sábbat-dág'.

'Sabbatismos' word saamgestel uit die wortel of stam, 'sabbatidz-' (van die Werkwoordsvorm, 'sabbatidzoo'), en die Selfstandige Naamwoord-vormende uitgang of agtervoegsel, '-mos'. In die samesmelting van die twee woord-dele, verander die '-dz-' in '-s-' om 'Sabbatismos' te vorm. 'Sabbatismos' word heeltemal reg deur geleerde as 'n 'tegniese benaming' vir onderhouding van die Sabbatdag, beskrywe.

Voorbeeld van ander sulke saamgestelde Selfstandige Naamwoorde as 'tegniese benaming' vir iets, is die 'Piëtisme' (die beoefening van piëteit); 'Gnostisme' (die kultuur van kennis), e.d.m.

Skryf Samuele Bacchiocchi, 'The Sabbath in the New Testament', bls. 82/83, 'Literal Sabbathkeeping'. "Verdere steun vir letterlike Sabbathhouding word gehaal vanuit die historiese gebruik van die term 'Sabbatismos' soos in Hb4:9 aangetref. Hierdie term word ... meermalig in na-

kanoniese literatuur as 'n tegniese term vir
Sabbatsonderhouding aangetref in Plutarg (De Superstitione 3, Moralia 1660), Justinus (Dialoog met Trifoo 23, 3), Epifanius (Adversus Haereses 30, 2, 2), Die Apostoliese Konstitusies (2, 36) en die Martelaarskap van Petrus en Paulus.

A.T. Lincoln ('Sabbath, Rest, and Eschatology in the New Testament', in 'From Sabbath to Lord's Day', ed. Donald A Carson, Grand Rapids, 1982 --n. 61, p. 213) erken dat in elk van bogenoemde gevalle die term die onderhouding of viering van die Sabbath(dag) aandui. Hierdie gebruik kom ooreen met die Septuaginta se gebruik van die kognetiewe Werkwoord 'sabbatidzoo' ...".

Walter Bauer: " 'Sabbatismos', vertaal Hb4: 9, die *Sabbatrufe, die Sabbatfeier – Sabbat zu katapausis.*"

Die Authorised Version (KJV, kantlesing) gee "a keeping of a Sabbath" aan.

"A keeping of the Sabbath" – Liddell en Scott, 'Leksikon'

Schrevelius, 'Leksikon', "Onderhouding van die Sabbath(dag)"

Karl Barth, "Vanuit die skepping heen – enige menslike beslissing as gehoorsaamheid of ongehoorsaamheid voorafgaande sowel as oorheengaande – bly daar ('apoleipetai') vir die Volk van God die Sabbatsrus ('sabbatismos'), bly daar die deur God gewilde en beveelde Gemeenskap, Verhouding, en Ooreenstemming tussen sy eie en die menslike vryheid as Doel en Bestemming van die Weg waarna hierdie Volk immer weer terug te roep is", waarna God nie moeg word om hulle terug te roep nie, en waarna Hy dit eindelik en op die hoogtepunt van hierdie Omgang in sy Seun, beslissend en finaal, teruggeroep het. (Hb4: 9.)"

'Sabbatismos' : 'Die deur God gewilde en beveelde Gemeenskap, Verhouding, en Ooreenstemming tussen sy eie en die menslike vryheid... nie sonder die deur God gewilde en beveelde dág van Gemeenskap, dág van Verhouding, en dág van Ooreenstemming tussen God se "eie en menslike vryheid" nie! Nié sonder die dág van 'sabbatismos' "vér die Volk van God" nie! Nié sonder die dág van 'sabbatismos' "deur God gewil en beveel" nie; nie sonder die dág van 'sabbatismos' "vir Gemeenskap, vir Verhouding, en vir Ooreenstemming" nie -- nie sonder die dág van 'sabbatismos' wat "op die hoogtepunt van hierdie Omgang in sy Seun, beslissend en finaal, teruggeroep" word, en in sy opstanding uit die dode, teruggeroep wás, nie!

"Sabbatismos", is "onderhouding van die Sabbath", "Sewendedag(-Sabbat) aangaande waarvan God aldus, gespreek het, en God het op die Sewendedag(-Sabbat) van al sy werke gerus." Hb4: 4. (Let op die NAB se korupsie wat die waarheid probeer omseil dat die Derde Persoon as Gód, "Hy", die Een is wat hier "gespreek het" – Aktief – nie maar net dat "Daar érens in die Skrif gesê word" nie!) Ons weet dus nou waarvan ons praat as ons van die **"Sabbatsrus"** in Hb4: 9 praat. En ons weet nou waarvan die skrywer praat, as hy 'sabbatismos', skrywe.

'Apoleipoo' – "Bly geld"

Die skrywer plaas die woord "oorbly"-'apoleipoo', vóór in die sin, "daarom dan nou BLÝ, vir die Volk van God, onderhouding van die Sabbathdag oor", en hy gebruik die woord in sy Teenwoordige Tyds-vorm ('apoleipetai'), om met hierdie twee sintaktiese vaardighede, nóg sterker klem te plaas op die voldonge waaragtigheid daarvan dat onderhouding van die Sabbathdag vir die Volk van God, "bly geld". Hierdie 'Sabbatsrus'-'sabbatismos', dan, "**sál geld**", vir solank as wat "daar die deur God gewilde en beveelde Gemeenskap, Verhouding, en Ooreenstemming tussen sy eie en menslike vryheid as Doel en Bestemming van die Weg waarna hierdie Volk immer weer terug te roep is"*, "**bly geld**"! (* Karl Barth)

Let op 'Die Nuwe Afrikaanse Bybel' se korupsie van die Woord van God: "Daar **wag** dus nog steeds 'n sabbatsrus vir die volk van God." Dit bly nie geldig nie; dit moet nog kom. "Wag", sê die 'Nuwe Bybel'; "bly oor", sê die 'Oue'. Watter een moet ons glo?

Hoekom maak dit saak dat die woord 'wag' verkeerd is, maar die woord 'oorbly', reg? Omdat die woord 'oorbly', die konnotasie inhoud van 'oorbly as geldende ingewing van God', terwyl 'wag', hierdie betekenis uitkansleer en daarvan 'n antroposentriese toekoms-skim maak. Dit maak die wêreld se verskil vir die lewe van die Kerk en aan sy gehoorsaamheid. Ons wil mos weet of daar regtig, "'n sabbatsrus vir die volk van God oorbly", en of dit waar is dat hierdie vers maar net vertel van 'n toekomstige, 'hemelse' staat van 'rus', waarin die gelowige hoop om eendag in te gaan, of waarin hy hom mag waan, hy reeds ingegaan het.

Die 'Classic Dictionary' van die Grieks (Universiteit van Chicago) gee tien basiese moontlikhede met kombinasies en variante, vir die Engelse woord, 'wait' (Afr. 'wag'). 'Apoleipoo' is nêrens te siene vir 'wag' in hierdie

woordeboek nie. Dit kan nie uit dogmatiese bevooroordheid wees nie, want hierdie is 'n 'sekulêre' woordeboek.

Die AV vertaal geen vorm van die woord 'wait' / 'wag', uit 'apoleipoo' nie, maar wel uit vyf heeltemal ander, basiese samestellings. Daarteenoor vertaal die AV 'apoleipoo' ses keer met "remain" of "left" – 'oorbly'. Al drie kere wat met "remain" vertaal word, kom uit Hebreërs, en aldrie kere is die betekenis ondubbelzinnig 'geldend oorbly'.

Word Hb4:9 se woord, 'apoleipoo', tog elders in die Skrif verskuil, met die betekenis van 'wag', gebruik? Nee; nêrens en duidelik, nêrens. Hier volg die gevalle – almal van hulle – van die voorkoms van 'apoleipoo' in Hebreërs:

4:6 "Omdat dit daarom 'n vereiste bly dat sommige nog in die rus (van God) **móét**, ingaan ..." ('epet ou apoleipetai tinas eiselthein eis autehn tehn katapausin mou')

Niemand bevraagteken dit ooit, dat die woord 'apoleipoo'-'"oorbly", hiervlo, waar dit van die Gelowiges die eerste en mees logiese veronderstelling is dat hulle die GEBOD om die 'katapausis'-'"Rus" van God in te gaan, móét, en sáál "ingaan", nie! Hiervlo is 'apoleipoo'-'"oorbly", Gebod; Geloofsgebed; Christelike a priori.

Ewe skielik egter, wanneer dit op die 'sabbatismos'-'"Sábbatsrus" aankom ... wel, dan ... dan 'wág' ons eerder – tot in die ewigheid eerder as om in gehoorsaamheid te wíl glo, hier bevéél God sy Volk, "om Sabbat te hou".

Laat ons 4:9, ('ara apoleipetai sabbatismos tooi laooi tou theou ho gar eiselthoon') vir eers dan nou maar daarlaat, sodat ons eers nog verder kan gaan seker maak of hier regtig van Goddelike Gebod vir die Gemeente van Christus, gepraat word al dan nie.

Hb10:26, "Geen offer bly meer oor vir sonde nie!" ("peri hamartioon ouketi apoleipetai peri hamartioon thusia")

Niemand – geen Christen in elk geval – gaan beswaar maak dat slagoffers nog gemaak moet word nie. Almal stem saam, dit máág nie meer gedoen word nie, of ons is aan die Evangelie van Christus, ongehoorsaam!

Hier, in Hb10:26, sien ons dus die duidelike en onvergisbare GEBOD, TEEN, slagoffers. Die begrip, 'téén' kry ons van die woerde, "nie meer nie"-'"ouketi'; en die begrip 'Gebod', kom van die woord 'apoleipetai' – van nikanders nie!

Nou as 4:9 sou beteken het – soos baie aanvoer – dat "onderhouding van die Sabbat" (sabbatismos) nie

meer geldig is nie – dat daarvan niks meer 'oorgebly het' vir die Volk van God nie – dan sou hierdie skrywer (moet mens uit bogenoemde aflei), dit, gesê het: "Ouketi ('nie meer nie') apoleipetai ('bly oor') sabbatismos" – 'Onderhouding van die Sabbatdag geld nie meer nie!' En daarmee sou al die Sabbat-haters van harte saamgestem het. So is dit dan ook, dat hulle almal van harte daarteen saamgesweer het, ongelukkig nieteenstaande die feit – dwars teen die naakte waaragtigheid daarvan in – dat daar geen so 'n woord in 4:9 as 'nie meer nie', te vinde is nie!

Die teendeel is egter in 4:9 waar – "Onderhouding van die Sabbat, blý oor"; en dit "bly óór, vir die Volk van God", vir die Nuwe Testamentiese Gemeente van Christus – "apoleipetai Sabbatismos tooi Laooi toe Theoe" as suiwere en sekere geloofsverpligting! Want die woord 'staan daar geskrywe': "Apoleipetai sabbatismos tohi Laooi Theou" = "bly geld as plig en gebod onderhouding van die Sabbatdag vir die Volk van God".

"Maar (3:8-9) hulle het die hart verhard net soos in die verbittering, in die dag van versoeking, waar hulle My versoek het, My beproef het, terwyl hulle my Werke gesien het ...", drie en dertig jaar lank, Sabbat na Sabbat, tot "op dié Sabbatdag", "toe Hy Hom, na die uiterste van die groothed van die krag van sy sterkte wat Hy gewerk het in Christus, uit die dood opgewek het". (Ef1:19 en Mt28:1)

In 10:26 sê die skrywer, "ouketi" – 'nie meer nie'. In vers 9 sê hy dit nié. Net die Bevelswoord, "bly oor / bly geldig" word in 4:9 deur hom toegepas. Hy praat dus positief bevestigend van beide die Sabbatdag en die onderhouding van die Sabbatdag in 4:9. Hy ontken geen aspek van enigiets nie – nie van "Sabbats"-geldigheid nie; ook nie van "onderhouding" (van die Sabbatdag) nie. En hy ontken niks daarvan dat "Sabbatonderhouding", "vir die Volk van God" is nie; en ook nie dat Sabbatsonderhouding "nog", vir die Volk van God, "geldig is" nie. Inteendeel, die skrywer bevestig dit alles sowel as alle geldigheid daarvan.

"Daarom, soos die Heilige Gees spreek" (3:7), gebruik die skrywer van Hebreërs hierdie woord "apoleipetai"-'"bly' / 'bly óór' / 'geld', juis vir die noue verband wat daar heers tussen die "katapausis"-'"Rus' van God se Verbonds-Rus, of "die Evangelie", en "die Volk van God", die Nuwe-Testamentiese Gemeente van Christus, se plig en verpligting van "Sabbatonderhouding"-'"sabbatismos'. Hierdie woord "apoleipetai"-'"bly' / 'bly óór' / 'geld', is Gebods-Woord van God vir die Christen-Volk van die Ewige Onveranderlike God en Vader van onse Here Jesus Christus.

Wie nog vra na die ‘Gebod’ in die Nuwe-Testament vir ‘die heidene’, ‘om die Sabbath te hou’, vra dit uit pure, **wel ingeligte** ongehoorsaamheid en onwilligheid.

Kom ons ontleed ons terme verder.

‘apoleipetai’, uit ‘apo’ – “weg van”, en, ‘leipoo’ – ‘geld / bly / nodig wees’.

“Abraham het ‘n tiende van (apo), alles, gegee.”
(7:13)

“Onbevlek, afgesonder van (apo), sondaars.” (7:26)

“Reinig julle gewete van (apo), dooie werke.” (9:14)

Dit mag mens verbaas, maar hierdie voorsetsel, “apo” – ‘weg van’, kom maar selde só selfstandig aangewend, voor. En geen twyfel nie, dit is die geskikste term om die gedagte van ‘om te heilig’, mee te help uitdruk.

Nou die tweede helfte van ‘apo-leipetai’, komende van ‘leipoo’.

“Daar is ‘n oorblyfsel ooreenkomsdig die uitverkiesing van die genade.” (Ro11:5) (‘leimma’ – uit ‘leipoo’) Daar “is”, of “bly”, ‘n heilige Volk, ‘n ‘oorblyfsel’, “oor”.

“Jy kom een ding kort (leipoo).” (Lk18:22)

Jy moet nog een ding doen voordat jy rērig heilig sal wees. (Titus 1:5; 3:13)

“Sodat julle volmaak en sonder gebrek kan wees en in niks kortkom (leipoo) nie.” (Jk1:4)

“As enigeen van julle wysheid kortkom.” (Jk1:5)

“As ‘n broeder aan daagliks voedsel gebrek het (leipoo) ... net so ook die geloof ...” (Jk2:15v)

Die ‘heiligheid’ en ‘volkommenheid’, waarop hierdie woord ‘leipoo’ toespeel, kom duidelik uit die enkele toepassings daarvan in die Nuwe Testament – in Hebreërs spesifiek –, na vore.

Voeg hierdie twee in die NT uitsonderlike woorde en begrippe, ‘apo’ en ‘leipoo’, saam, om ‘apoleipoo’ te kry, en die gevoglike betekenis is een van ‘heilige afsondering en toewyding’, ja, eintlik van **‘heilige plig en verpligting’**.

“En daarom dan bly (**die wet van**) die onderhouding van die Sabbathdag, vir die Volk van God, geldig.”

“Hierdie wet (entolee) het Ek van My Vader ontvang” – hierdie “mag (eksoesia) om my lewe weer op te neem”, Jh10:18.

Só, lyk die Nuwe Testamentiese en Evangeliese, Wet, of Woord, van God. Vergelyk hoe Jesus sy ‘Wet’-‘entoleen’ van sy Vader ontvang het, Jh10:18 hierbo na

verwys! Dis hoe ook Christene van hulle Meester, hulle ‘Gebod’, ontvang! (Vers 19 vertel onmiddellik dat daar verdeeldheid as gevolg hiervan ontstaan het. Dis vandag niks anders nie.)

So spreek die Here. Wie ookal kom beweer die Here God het ons as sy eie uitverkore Geliefde – die Gemeente van Christus – ten opsigte van sý Sabbathdag en óns beskikte aanbiddings-vergunning, aanbiddings-geleenthed, en aanbiddings-VRYHEID, soos wese agtergelaat, misken die Here God se Vaderlike sorgsaamheid in hierdie opsig, huis in en deur Christus Jesus onse Here.

Waarrvandaan, bly die ‘Gebod’ – die ‘Heilige Plig’ – van “onderhouding van die Sabbathdag vir die Volk van God”, dan “óór”? ‘Bly’, dit ‘oor’, vanuit die Ou-Testamentiese Wet van Tien Gebooie?

Nee; én, Ja!

Want as die Sabbath geldig was vir en tydens die vorige bedeling, en “nog steeds geldig bly” –soos die woord ‘apoleipetai’ trouens aandui– dan het dit mos vanselfsprekend, ín, tót in, en “vír”, die nuwe bedeling-Volk van God, “géldend, oorgebly”!

Maar ook as die Sabbath vir en tydens die Ou bedeling van die Nuwe getuig, en daarop gedui het, sal die verwesenliking en vervulling van hierdie vooruitduidende, profetiese en eskatologiese eienskaplikeid van die Sabbathdag, vir en tydens die Nuwe Verbond, van krag geword hét – as God sy Woord waar sou gemaak het; wat Hy sekerlik en ontwyfelbaar ook waargemaak hét.

Nogtans is nie een van hierdie twee verduidelikings of redes, die ware en direk-toepaslike rede vir die geldigheid wat volgens hierdie teks en woord, “oorgebly het”, nie.

Want daar is hierdie gronde en hierdie rede vir en van die Nuwe-Testamentiese geldigheid van die Sabbathdag se onderhouding deur die Nuwe-Testamentiese Volk van God, naamlik,

“DAAROM DAN NOU (ARA) bly daar vir die Volk hulle onderhouding van die Sabbathdag geld”

Waarna word hier met die Redegewende Verwysings- en Aanduidingswoord, ‘ara’, “daarom dan verseker”, verwys?

Na nóg die Ou-Testamentiese waaragtigheid van God se Sabbathdag; na nóg die ewigdurende Goddelike gegewenheid van die Vierde Gebod; na nóg die vooruitwysende en vooruitgetuigende essensie van die Sabbathdag.

Maar, na die oorspronklike, waaragtige en ewige fundering van die Sabbatdag, word verwys; na Jesus Christus, na sy Volk "in Hóm", en daarna, dat Hy inderdáád, "aan hulle (sy Volk) rus verskaf hé" –vers 8– welke rede en gronde, die skrywer bevestigend en versterkend herháal in die tiende vers: "Omdat Hy (Jesus) dan in sy eie rus as God in sy ware Self ingegaan het --- DAAROM DAN NOU (ARA) bly hulle onderhouding van die Sabbatdag vir die Volk van God geldend staande!"

Presies dieselfde funksie en betekenis wat deur die woord 'ara'- "daarom dan nou", verrig en vervul word, word deur die woord, 'eiselthoon'- "omdat Hy ingegaan het", verrig en vervul. Want hierdie woord, 'eiselthoon', is 'n Deelwoord, wat net soos 'ara' (Rede-Aanwysende woord) daarvóór (in vers 9), en, 'ghar'- 'want', daarná (in vers 10), redegewende en aantonende betekenis het: "Daar bly DUS DAAROM ('ara'), 'n onderhouding ('apoleipetai') van die Sabbatdag ('sabbatismos') geldig vir die Volk van God, WANT (ghar) INGANENDE (eiselthoon) in sy rus het Hy (Jesus) inderdaad van sy eie werke as God self, gerus."

Die Rus Ingegaan

Mens kannie Hb4:9 goed verstaan, sonder om dit met die tweede Tien Gebooie te vergelyk nie.

In die Vierde Gebod van die tweede ingewing van die Tien Gebooie, gee God hierdie rede aan die Israeliete, WAAROM, húlle, die Sabbat moet eerbiedig soos God dit gewil het. Dáár, 'staan dit geskrywe':

"Onderhou die Sabbatdag dat jy dit heilig soos die Here jou God jou beveel het: Ses dae moet jy werk en al jóú, werk doen – WANT, die Séwendedag, is die HERE jou Gód, se Rusdag (vir Sý, Werk – sy Werk van Rus-skep)! Jy mag dán (terwyl God die Rus, Sý Rus, werk), géén werk doen nie MAAR, jy moet dááraan dink: dat jy in Egipteland 'n sláaf was, maar die HERE jou God het jou daarvandaan UITGELEI, deur sy Sterke Hand en Uitgestrekte Arm (Jesus Christus); DAAROM, het die Here jou God jou beveel om die Sabbatdag te hou."

Merk u die groot verskil op tussen die verlossing wat God vir eers, bewerk het, en die Verlossing wat Hy uiteindelik, volbring het? Sien u dat dit eers 'n "UIT-lei" as rede vir Sabbatonderhouding was (Eksodus); maar in Christus Jesus, het dit 'n "IN-bring as rede vir Sabbatonderhouding" (Hebreérs), geword – inderwaarheid, 'n "ingebring, hé", 'n "rus verskaf, hé" (vers 8)?

Die Subjunktief van vers 8 is retoriiese manier vir sterkste moontlike feite-stelling: "Sóú Jesus, aan hulle rus verskaf het, sóú Hy daarna (na volbrakte verlossing), van geen ander dag daarna gespreek het nie, GELD onderhouding van die Sabbatdag, dáárom, stéeds, vir die Volk van God!"

Kyk net hoe meesterlik gebruik hierdie skrywer die veronderstellende 'Subjunktief', om die 'Imperatiéf' of Bevelsvorm mee te konstateer – beklemtonend mee aan te du! Hierdie man het geweet hoe! Moet u nie laat omtik deur slim manne se imponerende streke nie, want Jesus hé die rus verskaf, en God spréék eenvoudig nie weer van nog 'n dag van verlossing nie! Ek vertaal die Subjunktief daarom altyd en sonder skroom met 'n duidelike Indikatief, want ek argumenteer tog nie oor die volstrektheid van God se Wil en Voorneme nie. Die Jode mag dit in die skrywer se tyd gedoen het, want om Jesus as die Messias te aanvaar het, was 'n groot ding vir hulle. Maar nou het hierdie skrywer, hulle deeglik die mond gestop. Vir hom (en so vir my) is Christus die Ja en Amen van die beloftes van God, en daarom glo ek is Hy die grondslag van ook die Sabbatdág, en is dit Hóm waardig dat met die Indikatief, op die ware manier gesê word net wat die Grieks se Subjunktief indikatief konstateer.

Merk dan nou op die fyne nuanse, die spitse toespeling in hierdie herhaalde Vierde Gebod, op hoe God "SY EIE RUS" "waargeneem" het.

In die eerste ingewing van die Sábbatsgebod van Eksodus 16, is daar 'n duidelike 'stop' tussen die skeppingsaktiwiteite van God en sy rusdaad van die daaropvolgende Sewendedag-Sabbat. Maar in die tweede Vierde Gebod (as ons nou die Eksodus 31:13-18 instellings-Woord van God vir nou vir later mag hou), word sy verlossingsdaad, met God se Rús, as sodanig, feitlik vereenselwig, verenig en geïdentifiseer.

God se 'Uitlei'-verlossingsdaad of wérk; God se 'energie-aanwending', (Engels, 'energising' – van die Grieks, energhē-oo) van op die Sewendedag-Sabbat die Israeliete uit te geleei het, word as't ware God se Rus-dáád én Rus. Hierdie twéé aspekte –God se Rus, én, Sabbats-Wérk– verskaf dan as één, aan die Sewendedag-Sabbat, sy aard of 'karaktereienskap' van "Uitlei-Dág", én, "Rus-Dág", van Gód, te wees.

In Christus Jésus en deur Hóm, het hierdie 'Uitlei-en-Rus-Dag-van-God', sy 'INBRING-en-INGAAN-Rus-Dag', geword.

In eenvoudige taal is die implikasie van hierdie ingewikkeldheid van die Sabbat, dat God huis óp die Sewendedag-Sabbat, Ewige Verlossing gewerk en afgehandel en volmaak het. Júis, op die Sabbatdag, en op geen ander dag van God se wil en skepping nie as "Die-Sewendedag-Sabbat-van-die-HERE-jou-God". WANT huis, "ÓP die Sewendedag-Sabbat, HET GOD ...", sodat die Dág en huis hiérdie Dag, "dáárom dan" (ondermeer, 'ara'), enigsins, betekenis ontvang en verkry hé, en stéeds, ontvang en verkry.

"Die Sabbatdag geld daarom", omdat "God op die Sewendag gerus het". Soos Karl Barth dit gestel het: "Wat van hierdie dag hierdie besondere Dag maak, is dit, wát, daaróp, en daarméé, gebéúr, het." God se dáád, sy Verlossingswérk, sy Rús –tesame, ineen en as een–, is wat aan die Sewendedag-Sabbat betekenis en geldigheid, géé. Nié die mens of sy werke of sy rus of sy plig nie!

Daarin dat God die Verlossing gewerk en volmaak het in en deur Jesus Christus, word sy Verlossings-wérk God se Verlossings-rús. God se 'Uitlei-Werk' en in Christus Jesus alleenlik nog 'Ingebring-hét-Werk', is God se 'katapausis'-Rús – sy **Verlossingsrus** in Jesus Christus. Daarin dan, dat God hierdie Verlossingsrus "ÓP, die Sewendedag-Sabbat van die Here jou God", gedoen en volmaak het, word die Sewendedag die 'sabbatismos'-Sabbatsrus van God, én, van die Volk van God.

Die Sewendedag Sabbat is beginadigde- en beginadigings-Dag – Rúsdag; en daarom, is dit heilige en bepaalde Dag-van-God-se-Rus-Daad "vir die mens"-dia anthroopon'. Meer korrek gestel: Die Sewendedag Sabbat is heilige en bepaalde Dag-van-en-vir-die-Rus-Daad-van-God; en dáárom, is dit Rúsdag -- Rusdag ván Gód, "vír, die Vólk van God". Dit was altyd so en waar: maar altyd nog was dit so en waar op grond en op sterkte van die waar-wórd en die waar-wéés daarvan in Jesus Christus, en déur Hom, eens vir altyd in die opstanding van Hom uit die dood.

Nadat God Israel "uitgelei het", mag slegs nog tentatief –voorwaardelik, gesê word dat God Israel in die Beloofde Land 'ingebring het'. Want nadat God Israel "op (sy) hande gedra het" oor die Rooi See, het Hy hulle nog nie oor die Jordaanrivier gelei nie, en was hulle 'Uitlei', maar nog net die agterdeur van die vervulde belofte. Nogtans omrede hierdie 'uitlei' van God, beveel Hy sy Volk om die Sabbatdag te heilig, en om daarop, en só, in die Rus van Gód – die wáre, "Geloofs-Rús", Jesus Christus, die 'Ingegaan-hét-Rus-van-God' – in te gaan.

Hulle s'n was 'n geloofsdaad nes ons s'n – wat nie baie van ons almal, werklik deelagtig geword het nie. Nee; eintlik was hulle geloofsdaad, groter as ons s'n – ons wat aanskou het, nie net die werke van sy hande in skepping en uittog nie, maar die Werker van "Die Evangelie" Self. Hulle moes vooruit glo aan wat nog sou kom (die skrywer se veronderstellende Subjunktief in vers 8); maar ons, staan voor die geloof in wat in Christus Jesus deur God waargemaak wás. Ons geniet dus groter bewys en bevestiging, sodat ons nog groter getuienis het vir onderhouding van die Sabbatdag as wat hulle gehad het.

Hoe kan mense dan sê dat die Israeliete nie deur die geloof geregtig was nie, maar uit die werke van die wet? Hulle weet duidelik nie wat hulle praat nie, en moet in onkunde verkeer oor wat regverdiging deur die geloof regtig beteken.

"Maar nou dat Jesus aan hulle rus verskaf hé," "en sommige daar wél ingegaan hé", verklaar die Nuwe-Testamentiese Woord in Hb4:8-10, "nou dat Hy self van sy eie werke gerus het en in sy eie rus as God in sy ware Self ingegaan hé ... DAAROM DAN NOU, BLY onderhouding van die Sabbat-Dág, vir die (hele) Volk van God (van alle tye), geld!" "Want aan ons was die Evangelie verkondig net soos aan hulle" – dan nie?

Hierin merk u die verskil én ooreenkoms, tussen God se "Rús"-katapausis', en die Volk se "Sabbatdag-onderhou"-sabbatismos': Dit is nie net die Volk s'n nie, maar in die eerste plek, Gód, se 'Sabbatismos'- "Rús"; Dit is nie net Gód se 'katapausis'- "Rús" nie, maar óók, die Volk, se 'katapausis'- "Rús", waarin nie net God in die eerste plek in Jesus Christus ingegaan het nie, maar ook die Volk uitgenooi word: "Vandag, as julle Sy Stem hoor, moenie julle hart verhard nie." "Gaan die Rus in!" "Ek is die Deur", "en Ek sal aan julle Rus géé". "Verniet het julle ontvang," "Julle is dúür, gekoop."

Nóó die 'katapausis'- "Rús", nóó die 'sabbatismos'- "Sabbatsrus", kan sonder die geloof gaan. Hy wat die 'katapausis-Rús' van God deur en in Jesus Christus ingegaan het, dit sal vir hom ook "daarom bly geld", om die 'Sabbatismos-Sabbatsrus' van Gód, deur die gelóof, "in te gaan".

Die oomblik wat oneerbiedige hande hulle vergryp aan enige van God se 'katapausis-Rús' en 'sabbatismos-Rusdag', om wat God saamgevoeg het van mekaar te skei, matig hulle hulself teen God die Almagtige aan.

Gevolgtrekking

Nou wat beteken dit, dat "Jesus aan hulle rus verskaf het"; en, dat "soos wat Hy ingegaan het in sy rus Hy Self van sy eie werke as God gerus het"?

Dit beteken, deur sy opstanding uit die dood, "het Jesus aan hulle (Volk van God) rus verskaf"!

Want Jesus het nog geen "rus verskaf" alvorens "Hypself, in sy eie rus ingegaan het" nie, en Hypself, het nog geensins "in sy eie rus ingegaan", alvorens Hy uit die dode uit, opgestaan het nie!

Die skrywer van Hebreërs pas hierdie uitdrukings – "Hy het rus verskaf", "Hy het sy rus ingegaan", toe, met net één betekenis, dat Jesus die graf, die sonde en die mag van die duisternis -- die dood, oorkom, oorwin, daaroor getriomfeer, en dit vernietig het!

Niks anders en niks minder as dit, beantwoord aan die verwagtinge geskep deur die skrywer se gebruik van juis hierdie woorde as die voorskrif, die mandaat en rigtingaanwyser vir die Volk van God in sy Sabbatsonderhouding nie.

Hierin en hierdeur alleenlik en uitsluitlik -- hierin en hierdeur, eerstens, dat "Jesus aan hulle rus verskaf het (en Hy van geen ander dag van verlossing hierna sou spreek nie)", en tweedens, "omdat Hy ingegaan het in sy eie rus en soos God, van sy eie werke gerus het" – hierin en hierdeur alleenlik, eerstens en uitsluitlik, ontvang, en hé, die Nuwe-Testamentiese Volk van God, hulle

Imperatif, hulle **Gebod**, hulle **Woord as Daad van Gód** Almagtige Verlosser-Skepper, vir die waarneming, onderhouding en heililing van die Sewende Dag Sabbat. Niks kán meer gevra of verwag word nie; niks dúrf bygevoeg word nie; niks mág weggeneem word nie. "Want aldus het God van die Sewende Dag gespreek ...", van die skepping af heen en deur die ganse geskiedenis van hemel en aarde, "van die Seun, in Wie Hy groot welbehae het".

Ons het ontvang as rede en gronde, as belofte en vervulling, as rykwydte en vooruitsig, as hoop en vertroue, vir "die onderhouding van die Sabbatdag", deur, en ás, "die Volk van God", "Jesus", wat aan óns, "Volk van God", "die rus verkaf hé", én, "sélf, as God in sy wesenlike eie, in sy eie rus ingegaan het". "Daarom bly onderhouding van die Sabbatdag geld vir die Volk van God."

Die Volk van God het vir Jésus as rede vir hulle onderhouding en heilighouding van God se Sabbatdag, en as motief, "die heerlikheid van God in die aangesig van Jesus". Hierdie in Jesus tweevoudige rede en gronde (die

'Inbring van die Volk', en die 'Ingaan van Hom'), is "in Hom en deur Hom en tot Hom", tot 'n eenheid saamgebring, en onskeibaar verening, in en deur en tydens, Jesus se opstanding uit die graf, uit die dood, en onder die dode uit, "Sabbats"! (Mt28:1)

Die Volk van God – die Nuwe Testamentiese Gemeente van en in Christus – het daarom en uiteindelik, grondig en oorspronklik, die Opstanding van Jesus Christus, vir en tot rede, gronde, motief en aansporing – ja, as Belofte én Opdrag, van en vir en tot hulle heililing van die Sabbatdag – van en vir en tot hulle "féésviering van Sabbatfees" volgens Kolossensiërs 2:12-19!

Gerhard Ebersöhn
Suite 324
Private Bag X43
Sunninghill 2157
Johannesburg
biblestudents@imagine.net.co.za
<http://www.biblestudents.co.za>

ISBN 978-0-620-41731-0; 978-0-620-41748-8